

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

WET OP REGSPRAKTYK

Wet No. 28 van 2014

(Die Engelse teks is deur die President onderteken)

(Op 20 September, 2014 goedgekeur)

WET

Ten einde voorsiening te maak vir 'n wetgewende raamwerk vir die transformasie en herstrukturering van die regsberoep in lyn met grondwetlike opdragte om 'n onafhanklike regsberoep wat die diversiteit en demografie van die Republiek in die breë weerspieël, te fasiliteer en te verbeter; voorsiening te maak vir die stigting, bevoegdhede en werksaamhede van 'n enkele Suid-Afrikaanse Regspraktykraad en Provinsiale Rade ten einde die sake van regspraktisyns te reël en om norme en standaarde te stel; voorsiening te maak vir die toelating en inskrywing van regspraktisyns; die professionele gedrag van regspraktisyns te reël ten einde verantwoordingspligtige gedrag te verseker; voorsiening te maak vir die instelling van 'n Kantoor van 'n Regsdiensteombud en vir die aanstelling, bevoegdhede en werksaamhede van 'n Regsdiensteombud; voorsiening te maak vir 'n Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns en 'n Beheerraad vir die Getrouheidsfonds; voorsiening te maak vir die stigting, bevoegdhede en werksaamhede van 'n Nasionale Forum vir die Regsberoep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF

NADEMAAL artikel 22 van Handves van Regte van die Grondwet die reg op vryheid van bedryf, beroep en profesie instel en bepaal dat die praktiseer van 'n bedryf, beroep of profesie by wet gereël mag word;

EN GEDAGTIG DAARAAN DAT—

- die regsberoep deur verskillende wette gereël word wat in verskillende dele van die Republiek geld en gevolglik gefragmenteerd en verdeeld is;
- toegang tot regsdiens vir meeste Suid-Afrikaners nie 'n realiteit is nie;
- die regsberoep nie in die breë verteenwoordigend van die demografie van Suid-Afrikaners is nie;
- geleenthede vir toegang tot die regsberoep ingevolge die huidige regsraamwerk beperk is;

EN TEN EINDE—

- 'n wetgewende raamwerk te voorsien vir die transformasie en herstrukturering van die regsberoep in 'n profesie wat in die breë verteenwoordigend van die Republiek se demografie onder 'n enkele reguleringsliggaam is;
- te verseker dat die onderhoudende waardes van die Grondwet aanvaar word en dat die oppergesag van die reg gehandhaaf word;
- te verseker dat regsdiens toeganklik is;
- die regsberoep, in die openbare belang, deur 'n enkele statuut te reël;

- enige onnodige kunsmatige versperrings vir toetrede tot die regsberoep te verwyder;
- die onafhanklikheid van die regsberoep te versterk; en
- die toerekeningsvatbaarheid van die regsberoep aan die publiek te verseker.

Daar word bepaal, deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INHOUD

Artikels

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWING, TOEPASSING EN DOEL VAN WET

1. Woordoms krywing
2. Toepassing van Wet
3. Doel van Wet

HOOFSTUK 2

SUID-AFRIKAANSE REGSPRAKTYKRAAD

Deel 1

Stigting, bevoegdhede en werksaamhede van Suid-Afrikaanse Regspraktykraad

4. Stigting van Raad
5. Oogmerke van Raad
6. Bevoegdhede en werksaamhede van Raad
7. Samestelling van Raad
8. Lidmaatskap van Raad
9. Voorsitter en ondervoorsitter van Raad
10. Ampstermyn van Raadslede
11. Beëindiging van amp
12. Ontheffing van amp
13. Vakatures in Raad en vul daarvan
14. Ontbinding van Raad

Deel 2

Bedryf van Raad

15. Raadsvergaderings
16. Kworum en prosedure by Raadsvergaderings

17. Besluite van Raad
18. Komitees van Raad
19. Uitvoerende beampte en werknemers van Raad
20. Uitvoerende komitee van Raad
21. Delegering van bevoegdhede en toewysing van werksaamhede van Raad
22. Finansies, uitgawes en aanspreeklikheid van Raad
23. Stigting van Provinsiale Rade

HOOFSTUK 3

REËLING VAN REGSPRAKTISYNS EN KANDIDAATREGSPRAKTISYNS

24. Toelating en inskrywing
25. Verskyningsreg van regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns
26. Minimum regskwalifikasies en praktiese beroepsopleiding
27. Praktiese beroepsopleiding
28. Assessering van praktiese beroepsopleiding
29. Gemeenskapsdiens
30. Inskrywing by Raad
31. Intrekking en opskorting van inskrywing
32. Omskakeling van inskrywing
33. Magtiging om regsdienste te lewer
34. Vorms van regpraktyk
35. Fooie ten opsigte van regsdienste

HOOFSTUK 4

PROFESSIONELE GEDRAG EN STIGTING VAN DISSIPLINÊRE LIGGAME

36. Gedragskode
37. Stigting van dissiplinêre liggame
38. Prosedure vir hantering van klagtes van wangedrag en prosedure vir dissiplinêre verhoor
39. Dissiplinêre verhoor
40. Verrigtinge na dissiplinêre verhoor en sanksies
41. Appèl teen gedrag of bevinding van dissiplinêre komitee
42. Monitering deur Regsdiensteombud
43. Dringende regsverrigtinge
44. Bevoegdhede van Hooggeregshof

HOOFSTUK 5

REGSDIENSTEOMBUD

45. Stigting van Kantoor van Regsdiensteombud
46. Oogmerke van Ombud
47. Aanstelling en onafhanklikheid van Ombud
48. Bevoegdhede en werksaamhede van Ombud
49. Ampstermyn van Ombud
50. Waarnemende Ombud en vul van vakatures

- 51. Personeel, finansies en aanspreeklikheid van Kantoor van Ombud
- 52. Jaarverslag

HOOSTUK 6

GETROUHEIDSFONDS VIR REGSPRAKTISYNS

Deel 1

Stigting van Fonds en stigtingsbepalings

- 53. Voortgesette bestaan van Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns
- 54. Inkomste van Fonds
- 55. Aanspreeklikheid van Fonds
- 56. Beperking van aanspreeklikheid van Fonds
- 57. Doel en toepassing van Fonds
- 58. Getrouheidsfondstrekening vir Regspraktisyns
- 59. Boekjaar van Fonds
- 60. Fonds vrygestel van sekere belasting- en versekeringswette

Deel 2

Bedryf van Fonds

- 61. Stigting van Beheerraad
- 62. Samestelling van Beheerraad
- 63. Bevoegdhede en werksaamhede van Beheerraad

64. Lidmaatskap van Beheerraad
65. Voorsitter en ondervoorsitter van Beheerraad
66. Vakatures op Raad en die vul daarvan
67. Ampstermyn van lede van Beheerraad
68. Beëindiging van amp
69. Ontheffing van amp
70. Vergaderings en besluite van Beheerraad
71. Komitees van Beheerraad
72. Sertifikaat ten opsigte van laste van Fonds en belegging van geld in Fonds
73. Jaarlikse hersiening deur aktuaris
74. Bydraes tot Fonds deur regspraktisyns
75. Oudit
76. Herversekering
77. Voorsiening van versekeringsdekking en borgstellings

Deel 3

Eise teen Fonds

78. Prosedure vir instelling van eise teen Fonds
79. Gedinge teen Fonds
80. Subrogasie
81. Eise teen toekomstige inkomste van Fonds
82. Vrystelling ten opsigte van sekere handelinge

83. Preservering en beskikking oor rekords en dokumente in besit van Beheerraad

HOOFSTUK 7

HANTERING VAN TRUSTGELDE

84. Verpligtinge van regspraktisyn in verband met hantering van trustgelde
85. Aansoek om en uitreiking van Getrouheidsfondssertifikate
86. Trustrekeninge
87. Rekenskap
88. Trustgeld en trusteeiendom van trustrekeningpraktyk
89. Hof kan bedryf van trustrekening verbied
90. Aanstelling van *curator bonis* ten opsigte van trustrekening
91. Regte van banke ten opsigte van trustrekeninge

HOOFSTUK 8

ALGEMENE BEPALINGS

92. Verhaal van kostes deur prokureurs wat gratis regsdienste lewer
93. Misdrywe en strawwe

HOOFSTUK 9
REGULASIES EN REËLS

- 94. Regulasies
- 95. Reëls

HOOFSTUK 10
NASIONALE FORUM EN OORGANGSMAATREËLS

Deel 1

- 96. Nasionale Forum oor Regsberoep
- 97. Opdrag van Nasionale Forum
- 98. Bevoegdhede en werksaamhede van Nasionale Forum
- 99. Lidmaatskap van Nasionale Forum
- 100. Voorsitter en ondervoorsitter van Nasionale Forum
- 101. Ampstermyn
- 102. Beëindiging van amp
- 103. Ontheffing van amp
- 104. Vakatures in Nasionale Forum en vul daarvan
- 105. Vergaderings van Nasionale Forum
- 106. Kworum en prosedure by vergaderings van Nasionale Forum
- 107. Besluite van Nasionale Forum
- 108. Finansies, uitgawes en aanspreeklikheid van Nasionale Forum

Deel 2

109. Reëls en regulasies

Deel 3

110. Afskaffing van Getrouheidsfondse van voormalige TBVC-state en oordrag van bates, regte, laste en verpligtinge van Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns
111. Oorgangsmatreëls in verband met bestaande Rade van Getrouheidsfondse vir Prokureurs
112. Oorgangsmatreëls in verband met kwalifikasies
113. Oorgangsmatreëls in verband met Getrouheidsfondssertifikate
114. Bestaande advokate, prokureurs, aktebesorgers en notaris
115. Persone geregtig om as advokate, prokureurs, aktebesorgers of notaris ingeskryf te word
116. Hangende verrigtinge
117. Oorgangsmatreëls in verband met bestaande prokureursordes
118. Uitleg van sekere verwysings in wetsbepalings

Deel 4

119. Herroeping en wysiging van wette en voorbehoude
120. Kort titel en inwerkingtreding

BYLAE

Wette herroep of gewysig

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWING, TOEPASSING EN DOEL VAN WET

Woordoms krywing

1. In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—
- "advokaat"** 'n regspraktisyn wat kragtens hierdie Wet as sodanig toegelaat en ingeskryf is;
- "appèltribunaal"** 'n appèltribunaal ingevolge artikel 41 ingestel;
- "assessering"** die proses waarkragtens bepaal word of 'n kandidaatregspraktisyn die vlak van bevoegdheid in artikel 28 bedoel, suksesvol verwerf het;
- "bank"** 'n bank soos in artikel 1 van die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), omskryf en geregistreer, behalwe voorlopig, of geag ingevolge Hoofstuk III van daardie Wet as 'n bank geregistreer te wees;
- "Beheerraad"** die ingevolge artikel 61 gestigte Beheerraad oor die Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns;
- "boekjaar"** die in subartikel 59 bedoelde boekjaar van die Fonds;
- "Departement"** die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling;
- "Direkteur-generaal"** die Direkteur-generaal van die Departement;
- "dissiplinêre liggaam"**—
- (a) 'n ondersoekkomitee;
 - (b) 'n dissiplinêre komitee; of
 - (c) 'n appèltribunaal, na gelang van die geval;

"Fonds" die Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns in artikel 59 bedoel;

"gedragskode" 'n geskrewe kode wat reëls en standaarde aangaande die etiek, gedrag en praktyk vir regspraktisyns en die afdwinging daarvan deur die Raad en sy strukture uiteensit, wat verskillende bepalings vir advokate en prokureurs en verskillende bepalings vir verskillende kategorieë regspraktisyns, kan bevat;

"Getrouheidsfondssertifikaat" die sertifikaat in artikel 85 bedoel;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"hierdie Wet" ook enige regulasie, reël of kennisgewing ingevolge hierdie Wet gemaak of uitgereik; en

"hof" enige hof in die Republiek soos omskryf in artikel 166 van die Grondwet;

"Hooggeregshof" die Hooggeregshof van Suid-Afrika ingestel by artikel 6 van die Wet op Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013), of, indien die samehang anders aandui, die afdeling daarvan met regsbevoegdheid;

"kandidaat-prokureur" 'n persoon wat praktiese beroepsopleiding deurloop met die oog daarop om as 'n prokureur toegelaat en ingeskryf te word;

"kandidaatregspraktisyn" 'n persoon wat praktiese beroepsopleiding deurloop, hetsy as 'n kandidaatprokureur of as 'n leerling;

"landdroshof" 'n streekshof of 'n distrikshof gestig ingevolge die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944);

"leerling" 'n persoon wat praktiese beroepsopleiding deurloop met die oog op toelating en inskrywing as 'n advokaat;

"LLB-graad" 'n baccalaureus in regte, ook 'n *baccalaureus legum* genoem, in artikel 26 bedoel;

"Minister" die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling;

"notaris" enige praktiserende prokureur wat toegelaat en ingeskryf word om ingevolge hierdie Wet as 'n notaris te praktiseer;

"Ombud" die persoon deur die President as 'n Regsdiensteombud ingevolge artikel 47 aangestel;

"Ouditeur-generaal" die persoon ingevolge artikel 193 van die Grondwet as Ouditeur-generaal aangestel;

"prokureur" 'n regspraktisyn wat kragtens hierdie Wet as sodanig toegelaat en ingeskryf is;

"praktiese beroepsopleiding" opleiding vereis ingevolge hierdie Wet om as 'n kandidaatprokureur of leerling te kwalifiseer ten einde toelating as 'n prokureur of advokaat te kry;

"Provinsiale Raad" 'n Provinsiale Raad ingevolge artikel 23 gestig;

"Raad" die Suid-Afrikaanse Regspraktykraad ingevolge artikel 4 gestig;

"reëls"—

(a) die reëls van die Raad;

(b) by die toepassing van artikels 48(3)(a) en 52(1), die reëls van die Regsdiensteombud; en

(c) by die toepassing van artikels 63(1)(e) en (f), die reëls van die Beheerraad;

"regsentrum" 'n kantoor van Regshulp Suid-Afrika en ook 'n satellietkantoor;

"Regshulp Suid-Afrika" die Regshulpraad gestig ingevolge artikel 2 van die Wet op Regshulp, 1969 (Wet No. 22 van 1969);

"regskliniek" 'n regskliniek in artikel 34(8) bedoel;

"regspraktisyn" 'n advokaat of prokureur as sodanig toegelaat en ingeskryf ingevolge onderskeidelik artikels 24 en 30;

"Republiek" die Republiek van Suid-Afrika;

"Rol" die Rol van Regspraktisyns in artikel 30(3) bedoel;

"staatsadvokaat" 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n advokaat toegelaat en ingeskryf is, en wat deur die Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika as 'n staatsadvokaat aangestel word ingevolge die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998 (Wet No. 32 van 1998);

"staatsprokureur" 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n prokureur toegelaat en ingeskryf is, en wat ingevolge die Wet op die Staatsprokureur, 1957 (Wet No. 56 van 1957), as staatsprokureur aangestel is;

"Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie" die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie in Hoofstuk 9 van die Grondwet bedoel;

"transportbesorger" enige praktiserende prokureur wat toegelaat en ingeskryf is om ingevolge hierdie Wet as 'n transportbesorger te praktiseer;

"trustrekeningpraktyk" 'n praktyk bedryf deur—

(a) een of meer prokureurs wat; of

(b) 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel wat, ingevolge hierdie Wet, 'n Getrouheidsfondssertifikaat moet hê.

"voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf en **"regulasie"** het 'n ooreenstemmende betekenis;

"Wet op die Toelating van Advokate" die Wet op die Toelating van Advokate, 1964 (Wet No. 74 van 1964); en

"Wet op Prokureurs" die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet No. 53 van 1979).

Toepassing van Wet

2. Hierdie Wet is van toepassing op alle regspraktisyns en alle kandidaatregspraktisyns.

Doel van Wet

3. Die doel van hierdie Wet is om—
- (a) 'n wetgewende raamwerk te voorsien vir die transformasie en herstrukturering van die regsberoep wat die waardes onderliggend aan die Grondwet aangryp en verseker dat die oppergesag van die reg gehandhaaf word;
 - (b) toegang tot geregtigheid te verbreed deur—
 - (i) 'n meganisme in plek te stel om fooie wat vir die burgerskap bekostigbaar is vas te stel wat regspraktisyns kan laat betaal vir dienste gelewer; en
 - (ii) maatreëls in plek te stel om voorsiening te maak vir die lewering van gemeenskapsdiens deur kandidaatregspraktisyns en praktiserende regspraktisyns;
 - (iii) maatreëls wat gelyke geleenthede vir alle aspirantregspraktisyns voorsien ten einde 'n regsberoep te hê wat die demografie van die Republiek in die breë weerspieël;

- (c) 'n enkele, verenigde statutêre liggaam te skep om die sake van alle regspraktisyns en alle kandidaatregspraktisyns te reël in die nastreef van die doel van 'n verantwoordingspligtige, doeltreffende en onafhanklike regsberoep;
- (d) die openbare belang te bevorder en te beskerm;
- (e) voorsiening te maak vir die stigting van 'n Kantoor van die Regsdiensteombud;
- (f) 'n regverdige, doeltreffende, effektiewe en deursigtige prosedure te voorsien vir die beslegting van klagtes teen regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns; en
- (g) 'n raamwerk te skep vir die—
 - (i) ontwikkeling en handhawing van gepaste professionele en etiese norme en standaarde vir die lewer van regsdienste deur regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns;
 - (ii) reëling van die toelating en inskrywing van regspraktisyns; en
 - (iii) ontwikkeling van voldoende opleidingsprogramme vir regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns.

HOOFSTUK 2

SUID-AFRIKAANSE REGSPRAKTYKRAAD

Deel 1

Stigting, bevoegdheid en werksaamhede van Suid-Afrikaanse Regspraktykraad

Stigting van Raad

4. Die Suid-Afrikaanse Regspraktykraad word hierby gestig as 'n regs persoon met volle regs kapasiteit, en oefen regsbevoegdheid uit oor alle regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns soos in hierdie Wet beoog.

Oogmerke van Raad

5. Die oogmerke van die Raad is—
- (a) om die realisering van die doel van 'n getransformeerde en geherstruktureerde regsberoep wat verantwoordingspligtig, doeltreffend en onafhanklik is;
 - (b) om te verseker dat gelde wat regspraktisyns vir gelewerde regsdienste vra, redelik is en toegang tot regsdienste bevorder, wat sodoende toegang tot geregtigheid verbeter;
 - (c) om die openbare belang te bevorder en te beskerm;
 - (d) om alle regspraktisyns en alle kandidaatregspraktisyns te reël;
 - (e) om die onafhanklikheid van die regsberoep te bewaar en te handhaaf;
 - (f) om die integriteit en status van die regsberoep te verbeter en te onderhou;

- (g) om gepaste standarde van professionele praktyk en etiese gedrag van alle regspraktisyns en alle kandidaatregspraktisyns te bepaal, te verbeter en te onderhou;
- (h) om hoë standarde in regsonderwys en -opleiding, en verpligte professionele ontwikkeling na die verkryging van kwalifikasies, te bevorder;
- (i) om toegang tot die regsberoep, in nastrewing van 'n regsberoep wat die demografie van die Republiek in die breë weerspieël, te bevorder;
- (j) om toeganklike en onderhoubare opleiding te verseker vir regsgegradueerdes wat daarna streef om as regspraktisyns toegelaat en ingeskryf te word;
- (k) om die oppergesag van die reg, die regspleging, en die Grondwet van die Republiek te handhaaf en te bevorder; en
- (l) om aan die bepalings van hierdie Wet gevolg te gee ten einde die doel van hierdie Wet, soos in artikel 3 uiteengesit, te bereik.

Bevoegdhede en werksaamhede van Raad

- 6.** (1) (a) Ten einde die Raad se oogmerke in artikel 5 bedoel te bereik, en, met behoorlike inagneming van die Grondwet, toepaslike wetgewing en die insette van die Ombud en die Parlement, kan die Raad—
- (i) roerende of onroerende goed verkry of huur;
 - (ii) die Raad se roerende of onroerende goed ontwikkel, verhipotekeer, verhuur, verkoop of andersins daarvoor beskik;

- (iii) donasies en toelaes verleen ter ondersteuning van projekte wat met die Raad se oogmerke verband hou;
- (iv) enige handeling in verband met die Raad se finansiële sake verrig soos nodig mag wees;
- (v) regsverrigtinge namens die Raad instel of verdedig;
- (vi) geldelike strawwe oplê;
- (vii) Raadsfondse belê;
- (viii) geld leen of in;
- (ix) versekering teen enige risiko kry;
- (x) enige van die Raad se bevoegdhede en werksaamhede delegeer aan sy komitees of Provinsiale Rade, behoudens enige voorwaardes wat dit kan instel, welke delegering nie die Raad—
 - (aa) ontnem van die bevoegdheid of werksaamheid aldus gedelegeer nie; en
 - (bb) daarvan belet om enige besluit wat kragtens 'n delegering gemaak is, te verander of tersyde te stel nie;
- (xi) finansiële ondersteuning aan organisasies of instellings voorsien wat regsonderwys en -opleiding aanbied, met inbegrip van regsonderwys en -opleiding vir die doeleindes van verpligte professionele ontwikkeling na kwalifisering, met die doel om die standarde van regsdiens te verbeter en toegang tot geregtigheid te verhoog;
- (xii) finansiële ondersteuning aan organisasies en instellings voorsien met die doel om geleenthede vir opleiding in die werksplek aan kandidaatregspraktisyns te voorsien;

- (xiii) finansiële ondersteuning aan organisasies sonder winsbejag en instellings wat toegang tot geregtigheid vir arm mense bevorder, te voorsien; en
- (xiv) betaal vir dienste op versoek van die Raad gelewer met die doel om die professionele standaarde van regspraktisyns te verbeter.

(b) Ten einde die oogmerke in artikel 5 bedoel te bereik, en met behoorlike inagneming van die Grondwet, toepaslike wetgewing en die insette van die Ombud en die Parlement, moet die Raad—

- (i) norme en standaarde ontwikkel om die gedrag van regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns en die regsberoep te rig;
- (ii) die Minister van raad bedien oor aangeleenthede rakende die regsberoep en regspraktyk;
- (iii) alles nodig doen vir die behoorlike en doeltreffende verrigting van sy werksaamhede en die uitoefening van sy bevoegdheid;
- (iv) onverhaalde uitgawes aan Raadslede betaal; en
- (v) programme ontwikkel ten einde histories benadeelde regspraktisyns, asook kandidaatregspraktisyns, te bemagtig.

(2) Die Raad, ten einde die Raad se werksaamhede na behore te verrig—

- (a) moet 'n uitvoerende beampte en sodanige beamptes of personeel wat nodig mag wees om die werksaamhede van die raad te verrig, in diens neem en die besoldiging en ander diensvoorwaardes van sy beamptes en personeel, bepaal;
- (b) kan versekering, mediese fondse, pensioen, voorsorg- of welwillendheidskemas stig, bevorder, reël, administreer of help met die stigting, bevordering, reëling of

administrasie daarvan ten behoeve van die Raad se beamptes en personeel en die afhanklikes van daardie beamptes en personeel;

- (c) kan ooreenkomste met enige persoon of organisasie aangaan vir die verrigting van enige bepaalde handeling of bepaalde werk of die lewering van bepaalde dienste met die doel om die oogmerke van die Raad te bevorder;
- (d) kan kontrakte sluit in verband met die verrigting van sy werksaamhede of die uitoefening van sy bevoegdheede;
- (e) kan 'n honorarium of 'n toelaag aan enigiemand betaal om die uitgawes te dek wat redelikerwys deur hom of haar aangegaan is in verband met enige handeling wat op versoek van die Raad of ingevolge die opdragte van die Raad namens of ten behoeve van die Raad en ter bevordering van die Raad se oogmerke verrig is; en
- (f) kan vaktydskrifte, pamflette en ander gedrukte materiaal ten bate van regspraktisyns of die publiek publiseer of laat publiseer.

(3) Die Raad moet, onderworpe aan hierdie Wet—

- (a) 'n behoorlik toegelate regspraktisyn as sodanig inskryf; en
- (b) 'n Rol van regspraktisyns hou en besluit oor—
 - (i) die vorm van die sertifikate en die Rol wat gehou moet word;
 - (ii) die byhou van die Rol of uitreik van sertifikate; en
 - (iii) die hersiening van die Rol en die wyse waarop veranderinge aan die Rol gemaak kan word.

(4) Die Raad moet, in die reëls, aangaande die gelde en foie wat aan die Raad betaalbaar is—

- (a) aansoekgelde soos in hierdie Wet voor voorsiening gemaak, bepaal;
- (b) jaarlikse gelde, of gedeelte daarvan, ten opsigte van 'n deel van 'n jaar, deur Regspraktisyns aan die Raad betaalbaar vir Getrouheidsfondssertifikate, bepaal: Met dien verstande dat enige bepaling wat ingevolge hierdie paragraaf gemaak word, in oorleg met die Raad gemaak moet word;
- (c) jaargelde deur alle regspraktisyns betaalbaar wat ingevolge artikel 24(1) as regspraktisyns toegelaat en ingeskryf is;
- (d) die datum waarop enige gelde betaalbaar is;
- (e) die gelde, of gedeelte daarvan, betaalbaar ten opsigte van enige ondersoek deur die Raad of namens die Raad gedoen; en
- (f) enige ander gelde of heffings wat die Raad nodig ag, soos in hierdie Wet beoog.

(5) Die Raad, met inagneming van onderwys oor die regte en regspraktyk oor die algemeen—

- (a) kan, behoudens artikels 5 en 7 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997), besoeke aan enige onderwysinrigting aflê wat 'n regsdepartement, regskool of regs fakulteit het;
- (b) kan die Raad op Hoër Onderwys ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, van raad bedien oor aangeleenthede wat tersaaklik is vir onderwys in die regte, met inbegrip van die insluiting in die LLB-kurrikulum van 'n vorm van gemeenskapsdiens wat deur alle regstudente verrig moet word;
- (c) kan oorleg pleeg met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid gestig deur die "National Qualifications Framework Act, 2008 (Wet No. 67 van 2008), of enige

- struktuur daardeur ingestel, om bevoegdheidstandaarde vir die doeleindes van registrasie te bepaal;
- (d) kan enige ondersoek doen vir die doeleindes van praktiese beroepsopleiding;
 - (e) kan, na oorleg met die tersaaklike rolspelers en regspraktisyns oor die algemeen, voorwaardes in verband met die aard en omvang van voortgesette onderwys en opleiding, met inbegrip van verpligte professionele ontwikkeling nadat kwalifikasies verkry is, bepaal;
 - (f) moet, op die voorgeskrewe manier, 'n meganisme skep om—
 - (i) gepaste regsonderwys en -opleiding te verskaf, met behoorlike inagneming van ons erfenis en nuwe grondwetlike bedeling; en
 - (ii) regsonderwys en -opleiding aan aspirant- en pas aangestelde regspraktisyns te bied, asook voortgesette opleiding vir ervare regspraktisyns;
 - (g) kan opleidingsinstellings akkrediteer wat—
 - (i) praktiese beroepsopleidingskursusse aanbied wat bydra tot die kwalifisering van regspraktisyns en kandidaat-regspraktisyns; en
 - (ii) verpligte professionele ontwikkeling aanbied nadat kwalifikasies verkry is;
 - (h) moet jaarliks aan die Minister verslag doen oor—
 - (i) die getal nuwe kandidaatregspraktisyns wat ingevolge artikel 27 as sodanig geregistreer is en die getal nuwe regspraktisyns wat ingevolge artikel 30 by die Raad ingeskryf is;
 - (ii) die doeltreffendheid van die opleidingsvereistes vir toetrede tot die beroep;

- (iii) maatreëls aangeneem om toetrede tot die beroep te verbeter, met inbegrip van die besoldiging van kandidaatregspraktisyns en voortgesette regsonderwys om die vaardighede van regspraktisyns te ontwikkel; en
- (iv) vordering gemaak met die inwerkingstelling van programme in subartikel (1)(b)(v) beoog om histories benadeelde regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns te bemagtig,

en die Raad kan aanbevelings aan die Minister maak aangaande wetgewende en ander ingrypings om toegang tot die beroep en geregtigheid te verbeter en die Minister moet daarna die verslag in die Parlement ter tafel lê; en

- (v) moet, op versoek van die Minister, die Minister van raad bedien oor multidissiplinêre regspraktyke wat die Minister kan oorweeg vir die ontwikkeling van beleid en wetgewende en ander ingrypings ten opsigte van multidissiplinêre regspraktyke.

Samestelling van Raad

- 7. (1) Die Raad bestaan uit die volgende lede:
 - (a) 16 regspraktisyns, bestaande uit 10 praktiserende prokureurs en ses praktiserende advokate, soos verkies ooreenkomstig die prosedure deur die Minister voorgeskryf—
 - (i) ingevolge artikel 97(1)(a)(i); of

- (ii) ingevolge hierdie artikel, in oorleg met die Raad, indien die prosedure in subparagraaf (i) bedoel, na die inwerkingtreding van Hoofstuk 2 hersien moet word;
- (b) twee dosente in die reg, een 'n dekaan van 'n regs fakulteit by 'n universiteit in die Republiek en die ander 'n dosent in die reg, op die voorgeskrewe wyse aangewys;
- (c) behoudens subartikel (3), drie gepaste en geskikte persone deur die Minister aangewys wat, na mening van die Minister en uit hoofde van hul kennis en ervaring, die Raad kan bystaan in die bereiking van die Raad se oogmerke;
- (d) een persoon deur Regshulp Suid-Afrika aangewys; en
- (e) een persoon deur die Raad aangewys, wat nie noodwendig 'n regspraktisyn hoef te wees nie.

(2) By die samestelling van die Raad moet die volgende faktore, so ver prakties moontlik, in ag geneem word:

- (a) die ras- en geslagsamestelling van Suid-Afrika;
- (b) die oogmerke van die Raad;
- (c) verteenwoordiging van persone met gestremdhede;
- (d) provinsiale verteenwoordiging; en
- (e) ervaring en kennis van—
 - (i) die voorsiening van regsdiens;e;
 - (ii) die beginsels van die bevordering van toegang tot geregtigheid;
 - (iii) regsonderwys en -opleiding;
 - (iv) verbruikersake;

- (v) siviele en strafregtelike verrigtinge en die algemene werking van die howe en tribunale oor die algemeen;
- (vi) die handhawing van professionele standaarde van persone wat regsdiens verskaf;
- (vii) die hantering van klagtes; en
- (viii) mededingingsreg.

(3) Iemand in subartikel (1)(c) bedoel kan nie as 'n lid van die Raad aangewys word nie indien hy of sy—

- (a) 'n staatsamptenaar is;
- (b) 'n Parlements lid, lid van enige provinsiale wetgewer of enige munisipale raad is; of
- (c) 'n ampsdraer of werknemer van enige party, beweging of organisasie van 'n partypolitieke aard is.

Lidmaatskap van Raad

- 8.** (1) 'n Lid van die Raad moet—
- (a) 'n Suid-Afrikaanse burger wees;
 - (b) 'n geskikte en gepaste persoon wees; en
 - (c) die oogmerke van die Raad steun.

(2) Die volgende persone is onbevoeg om lede van die Raad te word of te bly:

- (a) 'n Ongerehabiliteerde insolvent;

- (b) iemand wat deur 'n hof van die Republiek ontoerekenbaar verklaar is;
- (c) iemand wat in 'n hof van eerste instansie skuldig bevind is—
 - (i) aan 'n misdryf en tot meer as 12 maande gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, gevonnissen is; of
 - (ii) aan 'n misdryf, wat enige element van oneerlikheid behels, hetsy in die Republiek of buite die Republiek indien die gedrag wat die misdryf uitmaak 'n misdryf in die Republiek sou wees, behalwe 'n skuldigbevinding vir 'n misdryf voor 27 April 1994 gepleeg wat met politieke oogmerke geassosieer is: Met dien verstande dat indien die betrokke persoon appèl teen die skuldigbevinding of vonnis aanteken, hy of sy deur die Raad uit sy of haar amp geskors moet word soos in artikel 12 beoog, hangende die resultaat van die appèl: Met dien verstande verder dat hy of sy deur die aanwysende liggaam vervang kan word, of in die geval van 'n lid in artikel 7(1)(a) bedoel, ingevolge die prosedure in daardie artikel bedoel, verkies word;
- (d) iemand wat ingevolge artikel 12 uit die amp verwyder is; of
- (e) 'n lid van die Raad of enige van die Raad se komitees.

Voorsitter en ondervoorsitter van Raad

9. (1) By die eerste vergadering van die Raad, moet die Raadslede 'n voorsitter en ondervoorsitter uit eie geledere verkies.

(2) Die voorsitter en die ondervoorsitter beklee die amp vir drie jaar vanaf die datum van hul verkiesing en kan vir een verdere termyn herverkies en heraangestel word, tensy daardie voorsitter of ondervoorsitter bedank of ophou om 'n lid van die Raad te wees.

(3) Die ondervoorsitter moet, indien die voorsitter afwesig is of om enige rede nie as voorsitter kan optree nie, al die voorsitter se werksaamhede verrig en al die voorsitter se bevoegdhede uitoefen.

(4) Indien die voorsitter en ondervoorsitter albei van enige vergadering afwesig is, moet die teenwoordige lede 'n persoon uit eie geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit en die persoon wat aldus voorsit moet, tydens daardie vergadering en totdat die voorsitter of ondervoorsitter weer beskikbaar is, al die voorsitter se werksaamhede verrig en al die voorsitter se bevoegdhede uitoefen.

(5) Indien die voorsitter en ondervoorsitter albei met verlof is, moet die lede van die Raad 'n persoon uit eie geledere verkies om as voorsitter waar te neem totdat die voorsitter of ondervoorsitter weer sy of haar pligte opneem, of ingevolge artikel 12 uit die amp verwyder word.

(6) Indien die kantoor van die voorsitter of ondervoorsitter vakant word, moet die lede van die Raad, by die eerste vergadering daarna of so gou as moontlik daarna, uit eie geledere 'n nuwe voorsitter of ondervoorsitter, na gelang van die geval, verkies.

(7) 'n Voorsitter en ondervoorsitter kan die amp as sodanig ontruim sonder om sy of haar lidmaatskap van die Raad op te gee, tensy sy of haar lidmaatskap ooreenkomstig artikel 11 beëindig is.

Ampstermyn van Raadslede

10. 'n Lid van die Raad beklee die amp vir 'n termyn van drie jaar, maar kan nog een termyn as lid dien indien hy of sy weer aldus verkies of aangewys word, na gelang van die geval.

Beëindiging van amp

11. (1) Iemand hou op om 'n lid van die Raad te wees wanneer daardie person—

- (a) nie meer ingevolge artikel 8 geskik is om 'n lid te wees nie;
- (b) bedank;
- (c) ingevolge artikel 12 van die amp onthef word;
- (d) in die geval van 'n regspraktisyn in artikel 7(1)(a) bedoel, om watter rede ook al ophou om 'n praktiserende regspraktisyn te wees; of
- (e) as 'n regterlike beampte aangestel word.

(2) 'n Lid kan bedank nadat hy of sy ten minste drie maande skriftelike kennis aan die Raad gegee het, maar die Raad kan, by die aanvoer van goeie gronde, 'n korter tydperk aanvaar.

Ontheffing van amp

12. (1) Die Raad kan 'n lid van die Raad verwyder op grond van—
- (a) 'n bevinding deur 'n dissiplinêre komitee ingevolge artikel 40 van enige ernstige wangedrag soos in die gedragskode in artikel 36 beoog aan die kant van 'n regspraktisyn;
 - (b) ongeschiktheid of onbevoegdheid wat, na mening van die Raad, hom of haar daarvan uitsluit om as 'n lid van die Raad te dien;
 - (c) afwesigheid van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad sonder die toestemming van die voorsitter, behalwe by die aanvoer van goeie gronde;
 - (d) 'n versoek van die liggaam of persoon wat daardie lid ingevolge artikel 7 verkies of aangewys het, by die aanvoer van goeie gronde deur die betrokke liggaam of persoon; of
 - (e) hy of sy onbevoeg word om as 'n lid van die Raad aan te bly soos in artikel 8(2) beoog.

(2) Indien die Raad verrigtinge vir die verwydering van 'n lid begin het, kan die Raad daardie lid uit die amp skors.

(3) 'n Lid wat uit die amp geskors is, mag nie enige van die bevoegdhede of werksaamhede van daardie amp verrig of uitvoer nie of enige toelaes ontvang nie.

(4) Die Raad moet voorgeskrewe prosedure volg indien die Raad 'n lid van die amp wil onthef of skors, soos deur die Raad in die reëls bepaal.

Vakatures op Raad en vul daarvan

- 13.** (1) 'n Vakature op die Raad ontstaan wanneer—
- (a) 'n lid se ampstermyn verstryk of eindig soos in artikel 11 beoog;
 - (b) 'n lid tot sterwe kom;
 - (c) 'n lid uit die amp verwyder word soos in artikel 12 beoog; of
 - (d) 'n lid se bedanking van krag word.
- (2) 'n Vakature moet so gou as prakties moontlik ooreenkomstig die bepalings van artikel 7 gevul word.
- (3) Iemand wat aangestel word om 'n vakature te vul, beklee die amp vir die onverstreke termyn van die lid wat die amp ontruim het.
- (4) Geen besluit deur die Raad geneem of handeling kragtens die gesag van die Raad verrig, is ongeldig bloot weens 'n vakature op die Raad nie, indien die besluit geneem was of die stap gemagtig was behoudens artikels 16 en 17.

Ontbinding van Raad

- 14.** (1) Indien die Minister vertroue verloor in die vermoë van die Raad om die Raad se werksaamhede doeltreffend en effektief te verrig, moet die Minister—
- (a) sy of haar redes aan die Raad verstrek;
 - (b) die Raad 'n redelike geleentheid gun om op daardie redes te reageer; en
 - (c) die Raad aanhoor oor enige verhoë wat ontvang is.

(2) Indien, nadat die stappe waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, geneem is, die Minister steeds nie vertrou het in die Raad se vermoë om sy werksaamhede doeltreffend en bekwaam te verrig nie, moet hy of sy versoek dat die Ombud 'n ondersoek doen en aanbevelings by hom of haar doen.

(3) Indien die Minister ná ontvangs van die Ombud se aanbevelings soos in subartikel (2) beoog, ontvang is, die Minister steeds nie vertrou het in die Raad se vermoë om sy werksaamhede doeltreffend en effektief te verrig nie, en die Minister van oordeel is dat dit in die beste belange van die regspleging is dat die Raad ontbind word, moet hy of sy, ten einde dit te doen, die Hooggeregshof nader met 'n aansoek om 'n bevel vir die ontbinding van die Raad, vergesel van enige bedinge of voorwaardes wat die hof gepas ag.

(4) (a) Indien die Minister die Raad ingevolge 'n hofbevel beoog in subartikel (3), ontbind, moet die Minister, met inagneming van die bepalings van artikel 7, 'n tussentydse Raad bestaande uit ten minste sewe persone aanstel en aan enige voorwaardes of terme in die hofbevel gevolg gee.

(b) Die tussentydse Raad moet binne 2 dae na die ontbinding van die Raad aangestel word en moet vir 'n tydperk deur die Minister of die hof bepaal, aangestel word, welke tydperk nie ses maande mag oorskry nie.

(5) (a) Die Minister moet, uit die geledere van die lede van die tussentydse Raad, 'n voorsitter van die tussentydse Raad aanwys.

(b) Die tussentydse Raad moet 'n ondervoorsitter uit eie geledere verkies en die ondervoorsitter beklee die amp vir die tydperk wat die tussentydse Raad ten tyde van sy of haar verkiesing, bepaal.

(6) Die voorsitter van die tussentydse Raad kan te eniger tyd uit eie beweging, of moet op versoek van minstens vyf lede, 'n spesiale vergadering van die tussentydse Raad saamroep.

(7) Vyf lede van die tussentydse Raad stel 'n kworum vir 'n vergadering van die tussentydse Raad daar.

(8) Artikels 15, 16, 17, 18 en 21 is van toepassing op die tussentydse Raad met die nodige veranderinge deur die samehang vereis.

Deel 2

Bedryf van Raad

Vergaderings van Raad

15. (1) Die Raad moet elke jaar ten minste vier vergaderings hou by plekke wat deur die Raad bepaal word en kan, daarbenewens, enige verdere vergaderings hou wat die Raad kan bepaal.

(2) Die Raad moet so gou as prakties moontlik na die aanstelling van die lede daarvan vergader.

Kworum en prosedure by Raadsvergaderings

16. (1) Die meerderheid van die lede van die Raad stel 'n kworum by 'n vergadering van die Raad daar.

(2) Die Raad moet in die reëls 'n prosedure vir die saamroep van vergaderings en die prosedure vir die voer van vergaderings bepaal.

(3) Die Raad moet rekord hou van die Raad se verrigtinge.

Besluite van Raad

16. (1) 'n Besluit van die meerderheid van die lede van die Raad stel 'n besluit van die Raad daar.

(2) In die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem benewens 'n beraadslagende stem.

Komitees van Raad

18. (1) Die Raad kan—

(a) een of meer komitees stig, bestaande uit—

(i) slegs lede van die Raad; of

(ii) lede van die Raad en enige ander gepaste persone behalwe werknemers van die Raad, om die Raad by te staan in die uitoefening van sy magte en verrigting van sy werksaamhede; en

(b) 'n komitee enige tyd ontbind.

(2) Die Raad—

(a) moet die bevoegdhede en werksaamhede van 'n komitee bepaal;

(b) moet 'n lid van 'n komitee as voorsitter van sodanige komitee aanstel;

(c) kan, na voldoening aan behoorlike regsproses, 'n lid van 'n komitee te eniger tyd verwyder; en

(d) kan 'n komitee se prosedure bepaal.

(3) Die Raad moet, in die reëls, die prosedure vir die verrigting van vergaderings van 'n komitee bepaal.

Uitvoerende beampte en werknemers van Raad

19. (1) Die Raad moet 'n uitvoerende beampte vir die Raad aanstel, wat die rekenpligtige beampte van die Raad is.

(2) Die uitvoerende beampte moet, benewens sodanige werksaamhede wat ingevolge hierdie Wet aan hom of haar toegewys kan word—

(a) enige bevoegdhede en werksaamhede deur die Raad aan hom of haar toegewys, verrig of uitoefen;

(b) toesig hou oor die werknemers van die Raad; en

(c) rekenskap gee van die bates en laste van die Raad.

(3) Die Raad kan enige ander werknemers aanstel wat die Raad nodig ag om die uitvoerende beampte in die verrigting van sy of haar werksaamhede by te staan.

(4) Die prosedure vir die aanstelling van die uitvoerende beampte en ander werknemers van die Raad moet ingevolge die reëls deur die Raad bepaal word.

(5) Die nodigheid dat die personeel van die Raad die rasse- en geslagsamestelling van Suid-Afrika weerspieël moet, so ver moontlik, in ag geneem

word wanneer die uitvoerende beampte en ander werknemers van die Raad ingevolge hierdie artikel aangestel word.

(6) Die Raad moet, in die reëls, die diensvoorwaardes van die uitvoerende beampte en die ander werknemers van die Raad bepaal.

Uitvoerende komitee van Raad

20. (1) Die Raad moet 'n uitvoerende komitee stig en die komitee se bevoegdhede en werksaamhede in die reëls bepaal.

(2) Die uitvoerende komitee bestaan uit—

- (a) die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad; en
- (b) vyf ander lede deur die Raad aangestel.

(3) Die nodigheid dat die uitvoerende komitee—

- (a) die rasse- en geslagsamestelling van Suid-Afrika; en
- (b) verteenwoordiging van prokureurs en advokate, asook provinsiale verteenwoordiging,

moet weerspieël, moet so ver moontlik in gedagte gehou word wanneer die uitvoerende komitee ingevolge subartikel (1) gestig word.

(4) Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die dag-tot-dag funksionering en administrasie van die Raad tussen vergaderings van die Raad.

(5) Die Raad kan gelas dat die uitvoerende komitee sodanige take verrig wat die uitvoerende komitee gepas ag.

(6) 'n Lid van die uitvoerende komitee beklee die amp vir so lank as wat hy of sy 'n lid van die Raad is, tensy hy of sy deur die Raad as 'n lid van die uitvoerende komitee verwyder word, of totdat sy of haar lidmaatskap van die Raad ingevolge hierdie Wet eindig.

(7) (a) Die voorsitter van die Raad is *ex officio* voorsitter van die uitvoerende komitee.

(b) Die ondervoorsitter van die Raad is *ex officio* ondervoorsitter van die uitvoerende komitee.

(8) Die uitvoerende komitee kan so gereeld vergader as wat die komitee dit nodig ag en oor sy sake beskik soos die uitvoerende komitee gepas ag.

(9) (a) Die meerderheid van die lede van die uitvoerende komitee vorm 'n kworum by enige van sy vergaderings.

(b) Die uitvoerende komitee moet in die reëls 'n prosedure vir die saamroep van vergaderings en die prosedure vir die voer van vergaderings bepaal.

(c) Die uitvoerende komitee moet 'n rekord van sy vergaderings hou.

(d) 'n Besluit van die meerderheid van die lede teenwoordig by 'n vergadering is die besluit van die uitvoerende komitee.

(e) In die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem benewens 'n beraadslagende stem.

Delegering van bevoegdheids en toewysing van werksaamhede van Raad

21. (1) Die Raad kan besluit om enige van sy bevoegdheids te deleger of enige van sy werksaamhede toe te wys aan—

- (a) 'n lid van die Raad;
- (b) 'n komitee van die Raad;
- (c) die uitvoerende komitee;
- (d) 'n Provinsiale Raad; of
- (e) die uitvoerende beampste of 'n werknemer van die Raad.

(2) 'n Delegering of toewysing ingevolge subartikel (1)—

- (a) is onderworpe aan enige voorwaardes en instruksies wat die Raad kan oplê; en
- (b) ontdoen nie die Raad van die verantwoordelikheid vir die uitoefening van die bevoegdheids of die verrigting van die plig of werksaamhede nie.

(3) Die Raad kan enige besluit wat na aanleiding van 'n delegering of toewysing geneem is, bevestig, verander of herroep, maar geen verandering of herroeping van 'n besluit kan afbreuk doen aan enige regte wat na aanleiding van die besluit toegeval het nie.

Finansies, uitgawes en rekenpligtigheid van Raad

22. (1) Die fondse van die Raad bestaan uit—

- (a) gelde, met inbegrip van lidmaatskapsgelde ingevolge hierdie Wet betaalbaar;

- (b) 'n jaarlikse bewilliging deur die Fonds gemaak, waarvan die bedrag deur die Raad na oorleg met die Beheerraad, bepaal word; en
- (c) enige ander gelde ingevolge hierdie Wet deur die Raad ontvang of wat uit enige ander bron aan die Raad toeval.

(2) Uitgawes wat insidenteel is tot die uitoefening van die bevoegdhede of die verrigting van die werksaamhede van die Raad ingevolge hierdie Wet of enige ander wetsbepaling, moet uit die fondse van die Raad verhaal word.

(3) Die uitvoerende beampte—

- (a) moet alle gelde deur die Raad ontvang by 'n bank deur die Raad goedgekeur, deponeer;
- (b) kan enige gelde van die Raad wat nie vir onmiddellike gebruik benodig word nie, by 'n bank deur die Raad goedgekeur, of op enige ander manier wat die Raad in die reëls kan bepaal, belê;
- (c) is verantwoordelik vir boekhouding ten opsigte van geld ontvang of uitbetaal vir of op rekening van die Raad; en
- (d) moet die nodige rekeningkundige en ander verwante rekords laat hou, met inbegrip van behoorlike rekords van al die bates en laste van die Raad.

(4) Die rekords in subartikel (3)(d) bedoel, moet deur 'n geregistreerde boekhouer en ouditeur deur die Raad aangestel, geouditeer word.

Stigting van Provinsiale Rade

23. (1) Die Raad moet, behoudens subartikel (2) en in toenemende mate, 'n Provinsiale raad in elke provinsie van die Republiek stig en kan aan die provinsiale raad daardie bevoegdhede en werksaamhede deleger wat in die belang van die regsberoep eerder op provinsiale vlak verrig moet word.

(2) (a) Die Raad moet, by die inwerkingtreding van Hoofstuk 2, ten minste vier provinsiale rade stig en die volgende faktore moet in ag geneem word:

- (i) Daar mag nie meer as een provinsiale raad per provinsie wees nie;
- (ii) die ligging van die setels van die afdelings van die Hooggeregshof;
- (iii) die doeltreffende bereiking van die Raad se oogmerke;
- (iv) beskikbaarheid van hulpbronne, koste-doeltreffendheid en haalbaarheid;
- (v) die belange van regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns;
- (vi) provinsiale behoeftes, belange en sensitiwiteite; en
- (vii) die belange van die publiek.

(b) Die Minister moet die regsgebiede van die Provinsiale Rade in oorleg met die Raad voorskryf.

(c) Indien 'n provinsiale raad nie in 'n spesifieke provinsie ingestel is nie, moet die Raad bepaal of onder watter provinsiale raad daardie provinsie val.

(3) Die provinsiale rade moet enige bevoegdhede uitvoer en enige werksaamhede verrig soos deur die Raad bepaal kan word of soos in hierdie Wet uiteengesit.

(4) Provinsiale rade moet verkies word ooreenkomstig 'n prosedure deur die Raad in die reëls bepaal.

(5) Provinsiale rade moet saamgestel word sodat die verhouding van prokureurs en advokate in die regsgebied van die betrokke provinsiale raad weerspieël word.

(6) 'n Provinsiale raad kan een of meer komitees stig om te help met die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede.

(7) 'n Komitee in subartikel (6) beoog, kan slegs uit prokureurs of slegs uit advokate bestaan om aangeleenthede te hanteer wat uitsluitlik oor onderskeidelik die prokureursberoep of advokaatberoep handel.

HOOFSTUK 3

REËLING VAN REGSPRAKTISYNS EN KANDIDAATREGSPRAKTISYNS

Toelating en inskrywing

24. (1) 'n Persoon kan slegs as 'n regspraktisyn praktiseer indien hy of sy ingevolge hierdie Wet toegelaat en ingeskryf word om te praktiseer.

(2) Die Hooggeregshof moet toelating om te praktiseer en magtiging om ingeskryf te word, toestaan indien 'n regspraktisyn, aktebesorger of notaris of enige persoon wat, by aansoek, die hof oortuig dat hy of sy—

- (a) behoorlik gekwalifiseer is soos in artikel 26 uiteengesit;
- (b) (i) 'n Suid-Afrikaanse burger is; of

- (ii) 'n permanente inwoner van die Republiek is;
- (c) 'n geskikte en gepaste persoon is om aldus toegelaat te word; en
- (d) 'n afskrif van die aansoek aan die Raad beteken het, wat die inligting bevat soos in die reëls bepaal en binne die tydperk in die reëls bepaal.

(3) Behoudens subartikel (1), kan die Minister, in oorleg met die Minister van Handel en Nywerheid en na oorleg met die Raad, en met inagneming van enige tersaaklike internasionale verbintenisse van die Regering van die Republiek, regulasies ten opsigte van toelating en inskrywing, uitvaardig—

- (a) om die reg van vreemde regspraktisyns om voor hof in die Republiek te verskyn en om in die Republiek as regspraktisyns te praktiseer, te bepaal; of
- (b) om gevolg te gee aan enige ooreenkoms van wedersydse erkenning waarby die Republiek 'n party is, wat—
 - (i) die voorsiening van regsdienste deur vreemde regspraktisyns reël; of
 - (ii) die toelating en inskrywing van vreemde regspraktisyns reël.

Reg om te verskyn vir regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns

25. (1) Iemand wat ingevolge hierdie Wet toegelaat en ingeskryf is om as 'n regspraktisyn te praktiseer, het die reg om regdeur die Republiek te praktiseer, tensy sy of haar naam beveel is van die Rol geskrap te word of as hy of sy aan 'n bevel onderworpe is wat hom of haar uit die praktyk skors.

(2) 'n Regspraktisyn, hetsy hy of sy as 'n advokaat of prokureur praktiseer, het die reg om namens enigiemand voor enige hof van die Republiek te

verskyn en voor enige bestuur, tribunaal of soortgelyke instelling, behoudens subartikels (3) en (4) en enige ander wetsbepaling, te verskyn.

(3) 'n Prokureur wat voor die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof wil verskyn, moet by die griffier van die afdeling van die Hooggeregshof waar hy of sy as 'n prokureur toegelaat en ingeskryf is, aansoek doen om 'n voorgeskrewe sertifikaat te dien effekte dat die aansoeker die reg het om voor die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof te verskyn en wat die griffier moet uitreik indien hy of sy oortuig is dat die prokureur—

- (a) (i) vir 'n ononderbroke tydperk van minstens drie jaar as 'n prokureur gepraktiseer het: Met dien verstande dat hierdie tydperk verminder kan word ooreenkomstig reëls deur die Raad gemaak indien die prokureur 'n opleidingsprogram vir verhoor advokaatskap deur die Raad goedgekeur soos in die Reëls uiteengesit, deurloop het;
- (ii) 'n LLB-graad het; en
- (iii) se naam nie van die Rol geskrap is nie of dat hy of sy nie uit die praktyk geskors is nie of dat daar geen verrigtinge hangende is om die aansoeker se naam van die Rol te skrap of hom of haar te skors nie; of
- (b) gepaste, tersaaklike ervaring opgedoen het, soos deur die Minister in oorleg met die Raad voorgeskryf kan word, indien die prokureur aan paragraaf (a)(iii) voldoen.

(4) (a) 'n Prokureur wat om 'n sertifikaat in subartikel (3) beoog wil aansoek doen, moet 'n afskrif van die aansoek aan die Raad beteken, met die inligting soos in die reëls bepaal en binne die tydperk in die reëls bepaal.

(b) 'n Registrateur van 'n Afdeling van die Hooggeregshof wat 'n sertifikaat bedoel in subartikel (3) uitreik, moet 'n gesertifiseerde afskrif daarvan aan die Raad voorlê.

(5) (a) 'n Kandidaatprokureur is, onderhewig aan paragraaf (b), geregtig om voor—

- (i) enige hof te verskyn, behalwe die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof; en
- (ii) enige bestuur, tribunaal of soortgelyke instelling te verskyn namens enigiemand, in plaas van en namens die persoon onder wie se toesig hy of sy praktiese beroepsopleiding deurloop

(b) 'n Kandidaat-prokureur kan slegs in 'n streekafdeling verskyn wat kragtens artikel 2 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), ingestel is, soos in paragraaf (a) beoog, indien hy of sy voorheen vir ten minste een jaar as advokaat gepraktiseer het of ten minste een jaar van praktiese beroepsopleiding deurloop het.

Minimum kwalifikasies en praktiese beroepsopleiding

26. (1) 'n Persoon kwalifiseer om as 'n regspraktisyn toegelaat en ingeskryf te word, indien daardie person—

- (a) aan al die vereistes voldoen het vir die LLB-graad aangebied by enige universiteit in die Republiek geregistreer, nadat hy of sy vir daardie grad—
 - (i) 'n studiekursus van minstens vier jaar; of

- (ii) 'n studiekursus van minstens vyf jaar as die LLB-graad nie deur 'n baccalaureus-graad anders as die LLB-graad voorafgegaan is nie, soos in die reëls van die betrokke universiteit bepaal en deur die Raad goedgekeur; of
- (b) behoudens artikel 24(2)(b), voldoen het aan al die vereistes vir 'n regsgraad in 'n vreemde land verkry, wat gelykstaande aan die LLB-graad is en erken word deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid ingestel deur die "National Qualifications Framework Act", 2008 (Wet No. 67 van 2008); en
- (c) aan al die vereistes vir praktiese beroepsopleiding as 'n kandidaatregspraktisyn, deur die Minister voorgeskryf, voldoen het, met inbegrip van—
 - (i) gemeenskapsdiens soos in artikel 29 beoog; en
 - (ii) 'n regspraktykbestuurskursus vir kandidaatregspraktisyns wat voornemens is om as prokureurs of advokate in artikel 34(2)(b) beoog, te praktiseer; en
- (d) bevoegdheidsgebaseerde eksamens of assesserings vir kandidaatregspraktisyns, soos in die reëls bepaal, deurgekom het.

(2) 'n Prokureur kwalifiseer om as 'n aktebesorger ingeskryf te word indien hy of sy 'n bevoegdheidsgebaseerde eksamen of assessering vir aktebesorgers soos deur in die reëls deur die Raad bepaal, deurgekom het.

(3) 'n Prokureur kwalifiseer om as 'n notaris ingeskryf te word indien hy of sy 'n bevoegdheidsgebaseerde eksamen of assessering vir notaris, soos in die reëls deur die Raad bepaal, deurgekom het.

Praktiese beroepsopleiding

27. (1) Die Raad moet die minimum voorwaardes en prosedures vir die registrasie en administrasie van praktiese beroepsopleiding in die reëls bepaal.

(2) Die reëls in subartikel (1) beoog, moet die betaling reël van besoldigings, toelaes of stipendia aan alle kandidaatregspraktisyns, met inbegrip van die minimum betaalbare bedrag.

Assessering van praktiese beroepsopleiding

28. (1) Die Raad moet, in die reëls, 'n prosedure bepaal en opdragte uitreik aangaande die evaluering van persone wat praktiese beroepsopleiding deurloop.

(2) Die doel van evaluering ingevolge subartikel (1) is om vas te stel of, na mening van die raad, die persoon 'n genoegsame vlak van bevoegdheid soos in die reëls bepaal, bereik het, vir toelating en inskrywing as 'n regspraktisyn.

(3) Die assessering in subartikel (1) bedoel, moet uitgevoer word deur die Raad of 'n gepaste instelling of organisasie deur die Raad betrek om die evaluering namens die Raad te doen.

(4) Die Raad moet, in die reëls, die maatstawwe bepaal vir 'n persoon, instelling, organisasie of vereniging om te kwalifiseer om 'n evaluering ingevolge hierdie artikel te doen.

Gemeenskapsdiens

29. (1) Die Minister moet, na oorleg met die Raad, die vereistes voorskryf vir gemeenskapsdiens vanaf 'n datum deur die Minister bepaal, en daardie vereistes kan insluit—

- (a) gemeenskapsdiens as 'n afdeling van praktiese beroepsopleiding deur kandidaatregspraktisyns; of
- (b) 'n minimum tydperk van herhalende gemeenskapsdiens deur praktiserende regspraktisyns waarvan voortgesette inskrywing as 'n regspraktisyn afhang.

(2) Gemeenskapsdiens kan, by die toepassing van hierdie artikel, insluit, maar is nie beperk nie tot, die volgende:

- (a) Staatsdiens, deur die Minister, in oorleg met die Raad goedgekeur;
- (b) diens by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie;
- (c) diens, sonder besoldiging, as 'n regterlike beampte in die geval van regspraktisyns, ook as 'n kommissaris in die howe vir klein eise;
- (d) die voorsiening van regsonderwys en –opleiding namens die Raad, of namens 'n akademiese instelling of nieregeringsorganisasie; of
- (e) enige ander diens wat die kandidaatregspraktisyn of die regspraktisyn, met die goedkeuring van die Minister, wil verrig.

(3) Die Raad kan, by aansoek en by die aanvoer van goeie gronde, enige kandidaatregspraktisyn of regspraktisyn vrystel van die verrigting van gemeenskapsdiens, soos in die reëls uiteengesit.

Inskrywing by Raad

30. (1) (a) Iemand wat behoorlik deur die Hooggeregshof toegelaat is en gemagtig is om ingeskryf te word om as regspraktisyn te praktiseer, moet op die wyse in die reëls bepaal by die Raad aansoek doen dat sy of haar naam op die Rol ingeskryf word.

(b) Die aansoek in paragraaf (a) bedoel, moet—

- (i) vergesel gaan van die gelde in die reëls bepaal;
- (ii) aandui of die aansoeker voornemens is om as 'n prokureur of 'n advokaat te praktiseer en, in die geval van 'n advokaat, of hy of sy voornemens is om met of sonder 'n Getrouheidsfondssertifikaat te praktiseer; en
- (iii) aan die Raad voorgelê word op die wyse in die reëls bepaal deur die Provinsiale Raad waar die regspraktisyn voornemens is om te praktiseer.

(2) Die Raad moet die applikant inskryf as 'n prokureur, advokaat, notaris of aktebesorger, na gelang van die geval, indien hy of sy aan die bepalings van hierdie Wet voldoen.

(3) Die Raad moet 'n Rol van Regspraktisyns hou soos in die reëls bepaal, wat moet weergee—

- (a) die besonderhede van praktiserende en niepraktiserende regspraktisyns en, in die geval van advokate, hetsy hulle met of sonder 'n Getrouheidsfondssertifikaat praktiseer;

- (b) die naam van elke persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n regspraktisyn toegelaat is en die besonderhede van die hofbevel ingevolge waarvan hy of sy toegelaat is;
- (c) die naam van elke persoon wat as 'n regspraktisyn hertoegelaat is en die besonderhede van die hofbevel ingevolge waarvan hy of sy hertoegelaat is;
- (d) die name van alle persone wat voor die inwerkingtreding van die Wet as regspraktisyns toegelaat en ingeskryf is en die besonderhede van die hofbevele waarby hulle toegelaat is;
- (e) die besonderhede van enige hofbevel ingevolge waarvan enige regspraktisyn geskors is, hetsy die bevel gemaak is voor of na die inwerkingtrede van hierdie Wet, of besonderhede van enige hofbevel ingevolge waarvan beveel is dat iemand van die Rol geskrap word;
- (f) enige omskakeling van inskrywing soos in artikel 32 beoog;
- (g) enige wysiging of endossering teen die inskrywing van 'n regspraktisyn soos in artikel 40(3)(a)(v) beoog;
- (h) die besonderhede van elke prokureur aan wie 'n sertifikaat uitgereik is aangaande die reg op verskyning in die Hooggeregshof, Hoogste Hof van Appèl en die Konstitusionele Hof, bedoel in artikel 25(3); en
- (i) die besonderhede van elke advokaat wat met 'n Getrouheidsfondssertifikaat praktiseer soos in artikel 34(2)(b) beoog.

(4) Enige dokument deur die Raad uitgereik ingevolge waarvan gesertifiseer word dat—

- (a) iemand wat toegelaat en ingeskryf is om as 'n regspraktisyn te praktiseer;

- (b) iemand wat hertoegelaat is om as 'n regspraktisyn te praktiseer;
- (c) iemand wat geskors is om as regspraktisyn te praktiseer; of
- (d) iemand wie se naam van die Rol geskrap is,

is by die blote voorlegging daarvan, *prima facie* bewys van die feite wat daarin gestel word.

(5) Die griffier van die afdeling van die Hooggeregshof wat 'n bevel gee—

- (a) wat iemand toelaat en magtig om as 'n regspraktisyn te praktiseer en ingeskryf te word;
- (b) wat iemand hertoelaat en magtig om as 'n regspraktisyn te praktiseer en ingeskryf te word; of
- (c) dat iemand se naam van die Rol geskrap word of wat iemand daarvan skors om kragtens hierdie Wet of enige ander wetsbepaling as 'n regspraktisyn te praktiseer,

moet onmiddellik, na die gee van daardie bevel, 'n gesertifiseerde afskrif aan die Raad stuur by weë van die provinsiale raad met regsbevoegdheid.

(6) Die Rol in subartikel (3) bedoel, moet—

- (a) op die webwerf van die Raad gepubliseer word;
- (b) elke maand deur die Raad bygewerk word; en
- (c) tydens sakeure van die Raad en provinsiale rade beskikbaar wees vir inspeksie deur lede van die publiek.

Intrekking en opskorting van inskrywing

31. (1) (a) Die Raad moet die inskrywing van 'n regspraktisyn intrek of opskort indien die Hooggeregshof beveel dat sy of haar naam van die Rol geskrap word of dat hy of sy uit die praktyk geskors word.

(b) Die Raad kan die inskrywing van 'n regspraktisyn intrek of opskort indien hy of sy verkeerdlik ingeskryf is, of ingeskryf is op grond van inligting wat daarna as vals bewys word.

(2) Die Raad moet, voor intrekking of opskorting van 'n regspraktisyn in die geval van subartikel (1)(b), daardie regspraktisyn in kennis stel en hom of haar 'n geleentheid gun om aangehoor te word.

(3) Die Raad moet, soos in die reëls bepaal, die persoon in subartikel (1) bedoel, in kennis tel van die intrekking of opskorting van inskrywing.

(4) Die Raad moet, by skriftelike versoek van enige ingeskrewe regspraktisyn, sy of haar inskrywing intrek en sy of haar naam van die Rol of van die Rol van praktiserende regspraktisyns verwyder, soos deur die betrokke regspraktisyn aangedui, maar waar 'n ondersoek na enige beweerde onbehoorlike gedrag deur daardie persoon aan die gang is of gehou gaan word, kan die inskrywing nie ingetrek word totdat die ondersoek afgehandel is nie.

(5) Ondanks die intrekking of opskorting van die inskrywing van 'n persoon ingevolge hierdie artikel, bly daardie persoon aanspreeklik vir enige gelde, agterstallige gelde of straf deur die Raad opgelê vir die tydperk wat hy of sy ingeskryf was.

Omskakeling van inskrywing

32. (1) (a) 'n Regspraktisyn kan, te eniger tyd, soos in die reëls bepaal en by betaling van die gelde in die reëls deur die Raad bepaal, by die Raad aansoek doen om sy of haar inskrywing as 'n prokureur na dié van 'n advokaat om te skakel en *vice versa*.

(b) 'n Advokaat wat as sodanig praktiseer soos in artikel 34(2)(a)(i) bedoel, kan, te eniger tyd, soos in die reëls bepaal en by betaling van die gelde in die reëls deur die Raad bepaal, by die Raad aansoek doen om die omskakeling van sy of haar inskrywing na dié van 'n advokaat wat as sodanig praktiseer soos in artikel 34(2)(a)(ii) bedoel en *vice versa*.

(2) Die Raad kan enige voorwaardes oplê wat die Raad gepas ag om gevolg te gee aan die omskakeling en die bepalings van hierdie Wet oor inskrywing.

(3) Die Raad kan reëls maak wat die omstandighede uiteensit waaronder 'n regspraktisyn om die omskakeling van sy of haar inskrywing kan aansoek doen en oor enige vereistes waaraan daardie regspraktisyn moet voldoen.

Magtiging om regsdienste te lewer

33. (1) Behoudens enige ander wetsbepaling kan geen persoon anders as 'n regspraktisyn wat ingevolge hierdie Wet as sodanig toegelaat en ingeskryf is, in verwagting van enige fooi, kommissie, voordeel of belonging—

- (a) voor enige geregshof, tribunaal of soortgelyke instelling waar slegs regspraktisyns die reg het om te verskyn, verskyn nie; of
- (b) enige instrumente of dokumente opstel of verly in verband met of vereis vir of bedoel vir gebruik in enige aksie, regsgeding of ander verrigtinge in 'n hof met siviele of strafregtelike regsbevoegdheid binne die Republiek nie.

(2) Niemand behalwe 'n regspraktisyn mag sigself uitgee as 'n regspraktisyn of enige voorstelling maak of enige tipe of beskrywing gebruik wat aandui of impliseer dat hy of sy 'n regspraktisyn is nie.

(3) Niemand kan in verwagting van enige gelde, kommissie, voordeel of beloning, direk of indirek, enige handeling verrig of enige diens verskaf wat ingevolge enige ander wetsbepaling slegs deur 'n advokaat, prokureur, aktebesorger of notaris gedoen mag word nie, tensy daardie persoon 'n advokaat, prokureur, aktebesorger of notaris, na gelang van die geval, is.

(4) 'n Regspraktisyn wat van die Rol geskrap word of uit die praktyk geskors word, mag nie—

- (a) direk of indirek as 'n regspraktisyn vir sy of haar eie rekening, of in vennootskap of assosiasie met enigiemand anders, of as 'n lid van 'n regspraktyk, dienste verskaf nie; of
- (b) in diens wees van, of andersins betrek wees deur, 'n regspraktisyn sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Raad nie, welke toestemming nie onredelik teruggehou mag word nie, en sodanige toestemming kan toegestaan word op sodanige bedinge en voorwaardes wat die Raad kan bepaal.

Vorms van regspraktyk

34. (1) 'n Prokureur kan regsdienste verskaf in verwagting van enige gelde, kommissie, voordeel of beloning soos beoog in hierdie Wet of enige ander toepaslike wetsbepaling, by ontvangs van 'n versoek direk van die publiek vir daardie diens.

(2) (a) 'n Advokaat kan regsdienste lewer in verwagting van gelde, kommissie, voordeel of beloning soos beoog in hierdie Wet of enige ander toepaslike wetsbepaling—

- (i) by ontvangs van 'n opdrag van 'n prokureur; of
- (ii) by ontvangs van 'n versoek direk van 'n lid van die publiek of van 'n regsentrum vir daardie diens, behoudens paragraaf (b).

(b) 'n Advokaat in paragraaf (a)(ii) beoog kan slegs daardie regsdienste lewer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur advokate gelewer is, soos deur die Raad in die reëls bepaal, indien hy of sy—

- (i) in besit van 'n Getrouheidsfondssertifikaat is en sy of haar praktyk ooreenkomstig die tersaaklike bepalings van Hoofstuk 7 bedryf, met besondere verwysing na artikels 84, 85, 86 en 87;
- (ii) die Raad ingevolge artikel 30(1)(b)(ii) in kennis gestel het.

(c) 'n Advokaat kan regsdienste lewer in strafregtelike of siviele aangeleenthede in verwagting van gelde, kommissie, voordeel of beloning soos beoog in hierdie Wet of enige ander toepaslike wetsbepaling by ontvangs van 'n versoek direk

van 'n regsentrum vir daardie diens, in welke geval die bepalings van paragraaf (b) nie van toepassing is nie.

(3) Die Raad moet reëls maak aangaande opdragging aan
advocate—

- (a) deur prokureurs; en
- (b) direk deur lede van die publiek.

(4) Die Raad moet reëls maak aangaande instruksies aan prokureurs.

(5) Prokureurs kan slegs praktiseer—

- (a) vir hul eie rekening;
- (b) as deel van 'n kommersiële regsentiteit in subartikel (7) bedoel en kan, as sodanig, kan slegs 'n gedeelte van hul professionele gelde oormak aan, deel of verdeel, hetsy by wyse van vennootskap, kommissie, toelaag of andersins met 'n prokureur;
- (c) as deel van 'n regskliniek ingevolge subartikel (8) ingestel;
- (d) as deel van Regshulp Suid-Afrika; of
- (e) as 'n prokureur wat heeltyds in diens van die Staat is as 'n staatsprokureur of van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.

(6) Advokate kan slegs praktiseer—

- (a) vir hulle eie rekening en kan as sodanig nie enige deel van hul professionele fooi oormak aan, deel of verdeel hetsy by wyse van vennootskap, kommissie, toelaag of andersins nie;
- (b) as deel van 'n regskliniek ingevolge subartikel (8) ingestel;
- (c) as deel van Regshulp Suid-Afrika; of

(d) as 'n advokaat wat heeltyds as 'n staatsadvokaat in diens is van die Staat of die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.

(7) 'n Kommersiële regsentiteit kan gestig word om 'n regspraktyk te bedryf, met dien verstande dat, ingevolge die stigtingsdokumente—

(a) die entiteit se aandeelhouding, vennootskap of lidmaatskap, na gelang van die geval, uitsluitlik uit prokureurs bestaan;

(b) voorsiening gemaak word dat regsdiens slegs deur of onder toesig van toegelate en ingeskrewe prokureurs verskaf word; en

(c) alle huidige en voormalige aandeelhouders, vennote of lede, na gelang van die geval, is gesamentlik en afsonderlik van die kommersiële regsentiteit aanspreeklik—

(i) vir die skuld en laste van die kommersiële regsentiteit wat tydens hul ampstermyn opgedoen is of was; en

(ii) ten opsigte van enige diefstal wat tydens hul ampstermyn gepleeg is.

(8) (a) Behoudens die Raad se goedkeuring ingevolge die reëls, kan 'n regskliniek gestig word deur—

(i) 'n regsentiteit sonder winsbejag geregistreer ingevolge die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet No. 71 van 1997), om 'n regspraktyk te bedryf indien, ingevolge die stigtingsdokumente daarvan—

(aa) die meerderheid van die lede van die beheerliggaam, regspraktisyns is; en

(bb) by die likwidasie, ontbinding of vrywillige deregistrasie daarvan, enige bate wat oorbly nadat aan alle aanspreeklikhede voldoen is, na 'n ander

organisasie sonder winsbejag met soortgelyke oogmerke, oorgedra word;
of

- (ii) 'n universiteit in die Republiek indien dit as deel van die regs fakulteit by daardie universiteit saamgestel en beheer word,

en is aan die bepalings van paragrawe (b) en (c) onderhewig.

(b) 'n Regskliniek in paragraaf (a) bedoel—

- (i) kan slegs regsdienste verskaf indien daardie dienste deur of onder toesig van prokureurs verskaf word;
- (ii) kan nie enige gedeelte van sy professionele gelde oormak aan, deel of verdel nie, hetsy by wyse van vennootskap, kommissie, toelaag of andersins;
- (iii) kan nie enige van sy inkomste of eiendom aan sy lede, bestuurslede of werknemers versprei nie, behalwe as redelike vergoeding vir dienste gelewer;
- (iv) kan slegs kandidaatregspraktisyne betrek indien hy voldoen aan die vereistes in die reëls deur die Raad bepaal; en
- (v) kan nie daardie regsdienste in die reëls bepaal, verskaf nie.

(c) Regsdienste deur 'n regskliniek in paragraaf (a) bedoel,

gelewer—

- (i) moet aan die publiek toeganklik wees; en
- (ii) moet, behoudens artikel 92, gratis aan die ontvanger van daardie dienste gelewer word, behalwe dat die regskliniek enige bedrae kan verhaal wat werklik ten behoewe van die ontvanger van die dienste uitgegee is, kan verhaal.

(9) Die Raad moet, binne twee jaar na die inwerkingtreding van Hoofstuk 2 van hierdie Wet, ondersoek instel en aanbevelings doen aan die Minister oor—

(a) die skepping van ander vorme van regspraktyk, met inbegrip van—

(i) regspraktyke met beperkte aanspreeklikheid;

(ii) multidissiplinêre regspraktyke; en

(b) statutêre erkenning van regsassistente,

met inagneming van beste internasionale praktyke, die openbare belang en die belange van die regsberoep met die oog op wetgewende en ander ingrypings ten einde toegang tot die regsberoep en toegang tot die gereg oor die algemeen te verbeter.

Foie ten opsigte van regsdienste

35. (1) Totdat die ondersoek in subartikel (4) beoog voltooi is en die aanbevelings daarin vervat deur die Minister ingestel is, moet foie ten opsigte van gedingsugtige en niegedingsugtige regsdienste deur regspraktisyne, regsentiteite, regsklinieke of Regshulp Suid-Afrika in artikel 34 bedoel, wees ooreenkomstig tariewe gemaak deur die Reëlsraad vir Geregshowe gestig by artikel 2 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 985 (Wet No. 107 van 1985), wees.

(2) Die Reëlsraad vir Geregshowe moet, by die bepaling van die tariewe in subartikel (1) beoog—

(a) die belang, beduidenis, kompleksiteit en kundigheid van die regsdienste wat benodig word;

- (b) die senioriteit en ervaring van die betrokke regspraktisyn, soos in hierdie Wet bepaal;
 - (c) die volume van werk wat vereis word en tyd bestee aan die gelewerde regsdienste; en
 - (d) die finansiële implikasies van die aangeleentheid op hande,
- in ag neem.

(3) Ondanks enige andersluidende wetsbepalings, belet niks in hierdie artikel 'n gebruiker van gedingsugtige of niegedingsugtige regsdienste daarvan om, uit eie beweging, op skrif met 'n regspraktisyn ooreen te kom om fooie vir die betrokke dienste te betaal nie wat meer of minder is as enige vasgestelde tariewe soos in hierdie artikel beoog.

(4) Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie moet, binne twee jaar na die inwerkingtreding van Hoofstuk 2 van hierdie Wet, ondersoek instel en aan die Minister terugrapporteer met aanbevelings oor die volgende:

- (a) Die wyse waarop die omstandighede wat lei tot gelde wat vir meeste mense onbekostigbaar is, hanteer kan word;
- (b) wetgewende en ander ingrypings vir die verbetering van toegang tot die gereg deur die lede van die publiek te verbeter;
- (c) die wenslikheid van die instelling van 'n meganisme wat verantwoordelik sal wees vir die vasstelling van fooie en tariewe aan regspraktisyns betaalbaar;
- (d) die samestelling van die meganisme in paragraaf (c) beoog en die prosesse wat by die vasstelling van fooie of tariewe gevolg moet word;

- (e) die wenslikheid daarvan om gebruikers van regsdiens te gee om vrywillig in te stem om fooie vir regsdiens te betaal wat minder of meer is as enige bedrag wat deur die meganisme in paragraaf (c) beoog, ingestel kan word; en
- (f) 'n regspraktisyn se verpligting om 'n verpligte fooi-reëling met 'n kliënt te sluit wanneer daardie kliënt daardie regspraktisyn se diens ontvang.

(5) By die doen van die ondersoek in subartikel (4) beoog, moet die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie die volgende in ag neem:

- (a) Beste internasionale praktyke;
- (b) die openbare belang;
- (c) die belange van die regsberoep; en
- (d) die gebruik van Gebeurlikheidsgeldeooreenkomste in die Wet op Gebeurlikheidsgelde, 1997 (Wet No. 66 van 1997), voor voorsiening gemaak.

(6) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*, maksimum tariewe vasstel wat aan regspraktisyns wat deur enige Staatsdepartement of Provinsiale of Plaaslike Regering in enige aangeleentheid opdrag gegee word, betaalbaar is.

(7) Wanneer enige prokureur of 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel, aanvanklik instruksies van 'n kliënt ontvang vir die lewering van gedingsugtige of niegedingsugtige regsdiens, of so gou as prakties moontlik daarna, moet daardie prokureur of advokaat die kliënt voorsien van 'n skriftelike kosteberamingskennisgewing, waarin alle besonderhede rakende die voorsiene kostes van die regsdiens, met inbegrip van die volgende, gespesifiseer word:

- (a) Die waarskynlike finansiële implikasies met inbegrip van gelde, tariewe, uitbetalings en ander kostes;
- (b) die prokureur of advokaat se uurlikse tarief en 'n verduideliking van sy of haar reg om te onderhandel oor die gelde aan die prokureur of advokaat betaalbaar;
- (c) 'n uitleg van die werk wat gedoen moet word ten opsigte van elke stadium van die gedingvoeringsproses, waar van toepassing;
- (d) die waarskynlikheid dat 'n advokaat betrek sal word, asook 'n verduideliking van die verskillende fooie wat deur verskillende advokate betaal kan laat word, afhange van aspekte soos senioriteit en kundigheid; en
- (e) indien die aangeleentheid gedingvoering behels, die regs- en finansiële gevolge van die kliënt se onttrekking van die gedingvoering asook die kosteverhalingsbestel.

(8) 'n Prokureur of 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel moet, benewens die voorsiening aan die kliënt van 'n skriftelike kosteberamingskennisgewing soos in subartikel (7) beoog, ook elke aspek in daardie kennisgewing vervat, asook enige ander tersaaklike aspek rakende die kostes van die regsdienste wat gelewer staan te word, mondelings aan die kliënt verduidelik.

(9) 'n Kliënt moet, skriftelik, instem tot die beoogde regsdienste deur daardie prokureur of advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel en die aangaan van die geraamde kostes soos in die kennisgewing beoog in subartikel (7), uiteengesit.

(10) Nienakoming deur enige prokureur of 'n advokaat bedoel in artikel 34(2)(b) van die bepalings van hierdie artikel, stel wangedrag daar.

(11) Indien enige prokureur of 'n advokaat bedoel in artikel 34(2)(b) nie aan die bepalings van hierdie artikel voldoen nie, word daar nie van die kliënt vereis om enige regskostes aan daardie prokureur of advokaat te betaal totdat die Raad die aangeleentheid hersien het en 'n bepaling gemaak het rakende bedrae wat betaal moet word nie.

(12) Die bepalings van hierdie artikel sluit nie die gebruik van gebeurlikheidsgeldeooreenkomste soos in die Wet op Gebeurlikheidsgelde, 1997 (Wet No. 66 van 1997), voor voorsiening gemaak, in nie.

HOOFSTUK 4

PROFESSIONELE GEDRAG EN STIGTING VAN DISSIPLINÊRE LIGGAME

Gedragkode

36. (1) Die Raad moet 'n gedragkode ontwikkel wat op alle regspraktisyns en alle kandidaatregspraktisyns van toepassing is en kan sodanige gedragkode hersien en wysig.

(2) Die gedragkode dien as die geldende gedragstandaard wat regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns en regsentiteite moet nakom en versuim om dit te doen stel wangedrag daar.

(3) Die Raad moet alle redelike stappe doen om—
 (a) die bestaan van die gedragkode te publiseer;

- (b) lede van die publiek in te lig van die inhoud van die gedragskode, met inbegrip van die afdwingingsprosedures daarvan; en
- (c) lede van die publiek in te lig oor hoe en waar 'n afskrif daarvan verkry kan word.

(4) Die gedragskode en elke daaropvolgende wysiging moet in die *Staatskoerant* en die reëls gepubliseer word.

(5) Voordat die Raad 'n gedragskode of enige wysiging daarvan kragtens hierdie artikel publiseer, moet die Raad 'n konsep van die voorgestelde gedragskode in die *Staatskoerant* publiseer, saam met 'n kennisgewing, waarin 'n beroep op belangstellendes gedoen word om skriftelik binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld wat nie minder as 30 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing mag wees nie, kommentaar te lewer.

Stigting van dissiplinêre liggame

37. (1) Die Raad moet, wanneer nodig, ondersoekkomitees stig, bestaande uit 'n persoon of persone deur die Raad aangestel om ondersoek in te stel na alle klagtes van wangedrag teen regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns of regsentiteite.

(2) (a) 'n Ondersoekkomitee kan, vir die doeleindes van die doen van 'n ondersoek in subartikel (1) beoog, enige regspraktisyn of 'n werknemer van daardie regspraktisyn opdrag gee om enige boek, dokument of item wat in die besit, bewaring of onder beheer van daardie regspraktisyn of werknemer is, wat op die betrokke klagte betrekking het, vir inspeksie te verstrek: Met dien verstande dat die

ondersoekkomitee afskrifte van sodanige boek, dokument of item kan maak en die afskrifte van die perseel van daardie regspraktisyn kan verwyder.

(b) Die regspraktisyn in paragraaf (a) beoog of betrokke werknemer kan nie, behoudens die bepalings van enige ander wetsbepaling, weier om die boek, dokument of artikel te verstrek nie, selfs as hy of sy van mening is dat dit vertroulike inligting behorende aan of aangaande sy of haar kliënt, bevat.

(c) Iemand wat enige werksaamheid kragtens hierdie subartikel verrig, mag nie enige inligting wat hy of sy in die verrigting van so 'n werksaamheid verkry het, bekend maak nie, behalwe—

- (i) vir die doeleindes van die ondersoek of 'n verhoor deur 'n dissiplinêre liggaam;
- (ii) aan enige persoon deur die Raad of die Beheerraad daartoe gemagtig wat, uit noodsaak, dit vir die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet benodig;
- (iii) as hy of sy 'n persoon is wat, uit noodsaak, dit in die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet voorsien;
- (iv) wanneer dit by 'n hofbevel vereis word; of
- (v) op skriftelike versoek van die Ombud.

(3) 'n Ondersoekkomitee moet, na ondersoek van 'n klagte, indien die ondersoekkomitee tevrede is dat—

- (a) die betrokke regspraktisyn, of die kandidaatregspraktisyn, op grond van beskikbare *prima facie* getuienis, skuldig aan wangedrag kan wees wat, ingevolge die gedragskode, wangedragverrigtinge regverdig, die aangeleentheid na die Raad verwys vir beregting deur 'n dissiplinêre komitee; of

(b) die klagte afgewys moet word op grond daarvan dat die betrokke gedrag nie noodwendig wangedragverrigtinge regverdig nie, soos in die gedragskode uiteengesit, moet die komitee die klagtes afwys, die Raad, die klaer en die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit van sy bevinding en die redes daarvoor verwittig, waarna die klaer ingevolge artikel 41 kan appèl aanteken, indien die klaer te na gekom voel deur—

- (i) die wyse waarop die ondersoekkomitee sy ondersoek gedoen het; of
- (ii) die uitslag van die ondersoekkomitee.

(4) Die Raad moet, wanneer nodig, dissiplinêre komitees, bestaande uit ten minste drie persone, stig om klagtes teen regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns te bereg wat ingevolge subartikel (3)(a) daarheen verwys word, en moet ook een van daardie persone as voorsitter daarvan aanwys, wat nie 'n leek soos in subartikel (5)(e)(ii) bedoel, mag wees nie.

(5) Wanneer dissiplinêre komitees gestig word, moet die volgende faktore, so ver moontlik, in ag geneem word:

- (a) die rasse- en geslagsamestelling van Suid-Afrika;
- (b) die gemak van toegang deur persone wat nodig is vir die afhandeling van die betrokke aangeleentheid;
- (c) die nodigheid om die doeltreffende beslissing van klagtes wat ingevolge hierdie Wet gebring word, te bevorder;
- (d) nasionale en provinsiale demografie;
- (e) die nodigheid om—

- (i) 'n advokaat en 'n prokureur in te sluit, of as dit nie moontlik is nie, moet daar minstens—
 - (aa) een advokaat wees, indien die regspraktisyn 'n advokaat is of indien die kandidaatregspraktisyn 'n leerling is; en
 - (bb) een prokureur wees, indien die regspraktisyn 'n prokureur is of indien die kandidaatregspraktisyn 'n kandidaat-prokureur is; en
- (ii) ten minste een leek in te sluit deur die Raad getrek uit 'n lys van persone deur die Kantoor van die Ombud saamgestel en onderhou, as persone wat geskik is om op dissiplinêre komitees te dien en wat 'n toelaag betaal word vir hierdie doel soos deur die Raad bepaal en in die *Staatskoerant*, gepubliseer;
- (f) die nodigheid om 'n koste-doeltreffende dissiplinêre stelsel te voorsien; en
- (g) die vereistes van regspleging.

Prosedure vir hantering van klagtes van wangedrag en prosedure vir dissiplinêre verhoor

38. (1) Die Raad moet reëls maak om die prosedure te bepaal wat ingevolge artikel 37-gestigte dissiplinêre liggame moet volg in die hantering van alle klagtes van wangedrag rakende regspraktisyns, hetsy wat as 'n advokaat, 'n prokureur, 'n kandidaatregspraktisyn of 'n regsentiteit praktiseer, en sodanige klagtes moet skriftelik by die Raad ingedien word.

(2) Voordat die Raad enige reël in subartikel (1) beoog, maak of enige reël wysig, moet die Raad 'n konsep van die voorgestelde reël of voorgestelde wysiging in die *Staatskoerant* saam met 'n kennisgewing, publiseer waarin 'n beroep op alle belangstellende persone gedoen word om skriftelik kommentaar te lewer binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, wat nie minder as 30 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing mag wees nie.

(3) Besonderhede van alle dissiplinêre verhore, met inbegrip van die besonderhede van—

- (a) die bewerings van wangedrag wat hanteer word;
- (b) die lede van die betrokke dissiplinêre komitees;
- (c) die regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns or regsentiteite betrokke in die geskil; en
- (d) die resultaat daarvan en enige sanksie ingevolge artikel 40(3) opgelê, indien van toepassing, moet behoudens subartikel (4)(a)—
 - (i) op die webwerf van die Raad gepubliseer word;
 - (ii) ten minste een keer per maand deur die Raad bygewerk word; en
 - (iii) vir inspeksie deur lede van die publiek beskikbaar wees tydens sakeure van die Raad en tersaaklike provinsiale rade.

(4) (a) Die verrigtinge by alle dissiplinêre verhore is oop vir die publiek, tensy die voorsitter van 'n dissiplinêre komitee anders gelas, by die aanvoer van goeie gronde, by aansoek deur 'n persoon met 'n belang in die aangeleentheid, waarna die bepalings van artikel 154(1) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), met die nodige veranderinge deur die samehang vereis, van toepassing is.

(b) Die klaer in die aangeleentheid het die reg om tydens alle verrigtinge in 'n dissiplinêre verhoor wat met sy of haar klagte verband hou, teenwoordig te wees op dieselfde wyse as 'n klaer in strafregtelike verrigtinge.

(5) (a) 'n Beslissing van die meerderheid van die lede by 'n dissiplinêre verhoor teenwoordig, stel die beslissing van 'n dissiplinêre komitee daar.

(b) In die geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter 'n beslissende stem benewens 'n beraadslagende stem.

Dissiplinêre verhoor

39. (1) 'n Dissiplinêre komitee moet dissiplinêre verhore verrig behoudens die bepalinge van hierdie artikel en die reëls deur die Raad bepaal, soos in artikel 38 beoog.

(2) 'n Dissiplinêre komitee kan, by die toepassing van hierdie artikel, 'n persoon aanstel om die komitee in die verrigting van die komitee se werksaamhede by te staan.

(3) (a) 'n Dissiplinêre komitee kan, vir die doeleindes van 'n verhoor, enige persoon dagvaar wat—

- (i) na mening van die komitee wesenlike inligting oor die onderwerp van die verhoor sal kan verskaf; of
- (ii) na vermoede of oortuiging van die komitee, enige boek, dokument of voorwerp in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer het wat enige betrekking op die onderwerp van die verhoor het,

om voor die dissiplinêre komitee te verskyn op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld, om ondervra te word of om 'n boek, dokument of voorwerp te verstrek.

(b) 'n Dagvaarding ingevolge paragraaf (a) uitgereik moet—

- (i) in die vorm wees soos in die reëls bepaal;
- (ii) deur die voorsitter van die dissiplinêre komitee onderteken wees of, in sy of haar afwesigheid, deur enige lid van daardie komitee; en
- (iii) aan die betrokke persoon beteken word soos in die reëls bepaal.

(4) 'n Dissiplinêre komitee kan 'n boek, dokument of voorwerp ingevolge subartikel (3) verstrek, vir die duur van die verhoor hou.

(5) Die voorsitter van 'n dissiplinêre komitee kan enige getuie wat ingevolge subartikel (3) gedagvaar is, by die verhoor roep en 'n eed afneem of 'n bevestiging van hom of haar neem.

(6) Die aangeklaagde, by die verhoor—

- (a) (i) kan by die aanhoor van die verrigtinge teenwoordig wees;
- (ii) kan deur iemand anders of 'n regspraktisyn bygestaan of verteenwoordig word in die voer van sy of haar verdediging;
- (iii) het die reg om aangehoor te word;
- (iv) kan getuies roep;
- (v) kan enigiemand wat ter ondersteuning van die klagte as getuie geroep is, kruisondervra; en
- (vi) kan toegang hê tot enige boek, dokument of voorwerp wat as getuienis verstrek is; en

- (b) (i) kan te eniger tyd voor skuldigbevinding erken dat hy of sy aan die klag skuldig is; en
- (ii) kan, in die geval waar hy of sy 'n erkenning ingevolge subparagraaf (i) maak, geag word skuldig te wees aan wangedrag soos aangekla te wees.

(7) (a) 'n Getuie wat gedagvaar is mag nie—

- (i) sonder genoegsame rede, versuim om die verhoor op die tyd en plek in die dagvaarding vermeld, by te woon nie;
- (ii) weier om as 'n getuie ingesweer of bevestig te word nie;
- (iii) sonder genoegsame rede, versuim om ten volle en bevredigend tot die beste van sy of haar wete alle vrae wat regmatig aan hom of haar gestel word, te beantwoord; of
- (iv) versuim om enige boek, dokument of voorwerp in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer te verstrek wat van hom of haar vereis is om te verstrek.

(b) 'n Getuie wat gedagvaar is moet teenwoordig bly totdat die voorsitter van die dissiplinêre komitee hom of haar van verdere bywoning verskoon.

(c) 'n Getuie wat gedagvaar is kan versoek dat die name van die lede van die dissiplinêre komitee aan hom of haar beskikbaar gestel word.

(d) Die reg aangaande voorreg, soos van toepassing op 'n getuie gedagvaar om getuienis te lewer of om 'n boek, dokument of voorwerp in 'n siviele verhoor voor 'n geregshof te verstrek, is van toepassing, met die nodige veranderinge, in verband met die ondersoek van, of die verstrekking van enige boek, dokument of voorwerp, aan enigiemand wat ingevolge hierdie artikel as 'n getuie geroep word.

(e) 'n Getuie mag nie, nadat hy of sy 'n eed afgelê het of as getuie bevestig is, 'n vals verklaring gee oor enige aangeleentheid, wetende dat daardie antwoord of verklaring vals is nie.

(f) Iemand mag nie iemand anders daarvan verhoed om aan 'n dagvaarding te voldoen of om getuienis te lewer of om 'n boek, dokument of voorwerp te verstrek nie wat hy of sy ingevolge hierdie artikel vereis word om te gee of te verstrek.

(8) Die oorkonde van getuienis wat betrekking het op 'n klag voor 'n dissiplinêre komitee, en wat aan enige kommissie voorgelê is wat 'n gebeurtenis of gedrag ondersoek het is toelaatbaar sonder die gee van verdere getuienis indien—

- (a) die oorkonde vergesel gaan van 'n sertifikaat van die voorsitter van die liggaam of kommissie; en
- (b) die sertifikaat sertifiseer dat die ondersoek wettig, redelik en prosedureel regverdig was.

(9) Indien die wangedrag waarvan die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit aangekla word 'n misdryf is waaraan hy of sy deur 'n geregshof skuldig bevind is, is 'n gesertifiseerde afskrif van die oorkonde van die verhoor en skuldigbevinding deur daardie hof, by die identifikasie van die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regspersoon as die aangeklaagde in die oorkonde bedoel, genoegsame bewys van die pleging deur hom of haar van daardie misdryf, tensy die skuldigbevinding deur 'n hoër hof tersyde gestel is.

Verrigtinge na dissiplinêre verhoor en sanksies

40. (1) (a) Na die afhandeling van 'n verhoor moet 'n dissiplinêre komitee, binne 30 dae, beslis of die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regspersoon aan wangedrag skuldig is, al dan nie.

(b) Indien 'n dissiplinêre komitee vind dat die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit aan wangedrag skuldig is, moet die dissiplinêre komitee—

- (i) die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of verteenwoordiger van die regsentiteit en die Raad en Provinsiale Raad van die bevinding inlig; en
- (ii) die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of verteenwoordiger van die regsentiteit inlig van die die reg op appèl soos ingevolge artikel 41 voor voorsiening gemaak.

(2) 'n Regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of verteenwoordiger van 'n regsentiteit ingevolge hierdie artikel aan wangedrag skuldig bevind, kan—

- (a) 'n dissiplinêre komitee ter versagting van vonnis aanspreek; en
- (b) getuies roep om namens hom of haar ter versagting van vonnis getuienis te lewer.

(3) Indien wangedrag bevind word kan die betrokke dissiplinêre komitee getuies roep om getuienis ter verswaring van vonnis te lewer en kan—

- (a) in die geval van 'n regspraktisyn—
 - (i) hom of haar beveel om vergoeding, met of sonder rente, aan die klaer te betaal, welke bevel onderhewig is aan bevestiging deur 'n bevel van enige

hof met regsbevoegdheid in die omstandighede op die voorgeskrewe wyse, by aansoek deur die Raad;

- (ii) 'n boete aan hom of haar oplê, betaalbaar aan die Raad, van nie meer nie as die bedrag van tyd tot tyd deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*, op advies van die Raad, vasgestel;
 - (iii) hom of haar tydelik uit die praktyk en betrokkenheid by enige bepaalde aspek van die regspraktyk skors, hangende die afhandeling van 'n aansoek in subparagraaf (iv)(*bb*), bedoel;
 - (iv) die Raad aanraai om by die Hooggeregshof aansoek te doen om—
 - (*aa*) 'n bevel vir die skrapping van sy of haar naam van die Rol;
 - (*bb*) 'n bevel wat hom of haar uit die praktyk skors;
 - (*cc*) 'n interdik wat hom of haar daarvan belet om trustgelde te hanteer; of
 - (*dd*) enige ander gepaste regshulp;
 - (v) die Raad aanraai om sy of haar inskrywing te wysig of te bekragtig;
 - (vi) beveel dat sy of haar Getrouheidsfondssertifikaat teruggetrek word, waar van toepassing;
 - (vii) hom of haar waarsku teen sekere gedrag en beveel dat sodanige waarskuwing teen sy of haar inskrywing aangebring word; of
 - (viii) hom of haar waarsku of tereg wys;
- (*b*) in die geval van 'n regsentiteit—
- (i) die regsentiteit beveel om vergoeding met of sonder rente aan die klaer te betaal, welke bevel onderhewig is aan 'n bevel van enige hof met

regsbevoegdheid in die omstandighede op die voorgeskrewe wyse, by aansoek deur die Raad;

- (ii) 'n boete, aan die Raad betaalbaar, aan die regsentiteit oplê, wat nie die bedrag van tyd tot tyd deur die Minister vasgestel by kennisgewing in die *Staatskoerant*, op advies van die raad, oorskry nie; of
 - (iii) die regsentiteit teen sekere gedrag waarsku;
 - (iv) die Raad aanraai om by die Hooggeregshof om die likwidasie van die regsentiteit, aansoek te doen; of
 - (v) die regsentiteit waarsku of tereg wys; of
- (c) in die geval van 'n kandidaatregspraktisyn—
- (i) sy of haar praktiese beroepsopleiding kanselleer of opskort;
 - (ii) 'n boete aan hom of haar oplê, aan die Raad betaalbaar, van nie meer nie as die bedrag van tyd tot tyd deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*, op advies van die Raad, vasgestel nie;
 - (iii) hom of haar waarsku of tereg wys.
- (4) (a) 'n Dissiplinêre komitee kan—
- (i) enige kombinasie van die sanksies in subartikel (3)(a) óf (b) óf (c) oplê; en
 - (ii) die doen van enige stappe uitstel of die oplegging van enige sanksie opskort op voorwaardes wat die komitee kan bepaal.

(b) Benewens die sanksies in subartikel (3) bedoel, kan 'n dissiplinêre komitee beveel dat die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit die koste van die ondersoek of die dissiplinêre verhoor, betaal.

(5) (a) Indien die doen van enige stappe of die oplegging van enige sanksie vir 'n bepaalde tydperk uitgestel of opgeskort is, en indien die dissiplinêre komitee aan die einde van daardie tydperk tevrede is dat die betrokke regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit al die tersaaklike voorwaardes weselik nagekom het, moet die dissiplinêre komitee skriftelik aandui dat geen verdere stappe gedoen sal word nie of dat die sanksie nie opgelê sal word nie.

(b) Indien 'n regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit versuim om te voldoen aan enige voorwaarde ingevolge hierdie artikel bepaal, kan die dissiplinêre komitee 'n sanksie vir nienakoming oplê of die sanksie wat oorspronklik opgelê is, ten uitvoer bring, tensy die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit die dissiplinêre komitee oortuig dat die nienakoming te wyte is aan omstandighede buite sy of haar beheer, in welke geval die dissiplinêre komitee verdere voorwaardes stel wat hy gepas ag.

(6) 'n Hof met siviele regsbevoegdheid kan, by aansoek deur 'n dissiplinêre komitee, 'n bevel toestaan vir die verhaal van die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit van enige bedrag wat daardie regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit versuim het om te betaal ooreenkomstig 'n sanksie ingevolge hierdie artikel opgelê, saam met enige rente daarop, waarna die bevel aldus toegestaan die uitwerking van 'n siviele uitspraak van daardie hof het en ooreenkomstig die reg in daardie hof van toepassing, uitgevoer moet word.

(7) (a) By die afhandeling van 'n dissiplinêre verhoor, moet 'n dissiplinêre komitee die klaer, die Raad en die Provinsiale Raad skriftelik inlig van die resultaat van die verhoor.

(b) Indien 'n dissiplinêre komitee vind dat die regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit nie aan wangedrag skuldig is nie, moet die dissiplinêre komitee die klaer verwittig van die reg op appèl soos ingevolge artikel 41 voor voorsiening gemaak.

(8) Die Raad moet gevolg gee aan die advies en beslissing van 'n dissiplinêre komitee.

Appèl teen gedrag of bevinding van dissiplinêre komitee

41. (1) (a) Behoudens artikel 44, kan 'n regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit, soos in die reëls bepaal en binne 30 dae nadat hulle deur die dissiplinêre komitee oor die besluit ingelig is, 'n appèl by 'n appèltribunaal gestig ingevolge subartikel (2), indien teen 'n bevinding van wangedrag deur die dissiplinêre komitee of teen die opgelegde sanksie, of albei.

(b) 'n Klaer wat te na gekom voel deur—

- (i) die wyse waarop 'n ondersoekkomitee sy ondersoek gedoen het of die resultaat van die ondersoekkomitee soos in artikel 37(3)(b) bedoel; of
- (ii) die resultaat van 'n dissiplinêre verhoor in artikel 40 bedoel, kan, soos in die reëls bepaal en binne 30 dae nadat hy of sy ingelig is van die ondersoekkomitee of die dissiplinêre komitee, na gelang van die geval, se beslissing, 'n appèl by 'n appèltribunaal ingevolge subartikel (2) gestig, indien teen enige gedrag of bevinding van die ondersoekkomitee of dissiplinêre komitee, na gelang van die geval.

(2) (a) 'n Appèltribunaal moet uit minstens drie en hoogstens vyf persone deur die Raad aangestel, bestaan, waarvan een deur die Raad as voorsittende beamppte daarvan aangewys moet word.

(b) Die lede van die appèltribunaal moet minstens—

- (i) een advokaat en een prokureur insluit; en
- (ii) een leek insluit deur die Raad gekies van 'n lys van persone deur die Kantoor van die Ombud opgestel en bygehou wat deur die Kantoor van die Ombud goedgekeur is as gepas om op appèltribunale te dien en wat 'n toelaag vir hierdie doel betaal word soos deur die Raad vasgestel en in die *Staatskoerant* gepubliseer.

(c) Die lede van die appèltribunaal moet, behoudens paragraaf (b)(ii), regsgekwalifiseerd wees met tersaaklike kundigheid en mag nie persone wees wat in enige ondersoek of verrigtinge wat tot die appèl aanleiding gegee het, betrokke was nie.

(d) 'n Beslissing van die meerderheid van die lede teenwoordig by enige verrigtinge van 'n appèltribunaal stel die beslissing van die appèltribunaal daar.

(e) In die geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter van die appèltribunaal 'n beslissende stem, benewens 'n beraadslagende stem.

(3) 'n Appèltribunaal kan—

- (a) die appèl teen die beslissing van 'n ondersoekkomitee of 'n dissiplinêre komitee van die hand wys en die bevinding of sanksie of albei, bevestig; of
- (b) die appèl teen die besluit van 'n dissiplinêre komitee in die geheel of gedeeltelik handhaaf en die bevinding of sanksie of albei tersyde stel of verander.

(4) Indien 'n regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit wat aan wangedrag skuldig bevind is, 'n appèl ingevolge subartikel (1) aanteken, kan die beslissing van die dissiplinêre komitee nie afgedwing word voordat die appèltribunaal die appèl beslis het nie.

(5) Die bepalings van artikel 38(3) is met die veranderinge deur die samehang vereis van toepassing op appèltribunale.

Monitering deur Regsdiensteombud

42. Die Ombud kan—

- (a) die ondersoek van klagtes deur ondersoekkomitees;
- (b) die lei van dissiplinêre komitees tydens dissiplinêre verhore; en
- (c) die gedrag van appèltribunale tydens appèlverrigtinge, monitor.

Dringende regsverrigtinge

43. Ondanks die bepalings van hierdie Hoofstuk, indien 'n dissiplinêre liggaam by die aanhoor van 'n klagte, oortuig is dat 'n regspraktisyn trustgeld wanaangewend het of aan ander ernstige wangedrag skuldig is, moet die liggaam die Raad daarvan inlig sodat die Raad dringende regsverrigtinge in die Hooggeregshof kan instel om die regspraktisyn uit die praktyk te skors en alternatiewe tussentydse regshulp te kry.

Bevoegdhede van Hooggeregshof

44. (1) Die bepalings van hierdie Wet doen geensins afbreuk aan die bevoegdheid van die Hooggeregshof om bevele ten opsigte van aangeleenthede rakende die gedrag van 'n regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of 'n regsentiteit te gee nie.

(2) Niks in hierdie Wet vervat verhoed 'n klaer of 'n regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit daarvan om by die Hooggeregshof aansoek te doen om gepaste regshulp in verband met enige klagte of klag van wangedrag teen 'n regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn of regsentiteit, of in verband met enige beslissing van 'n dissiplinêre liggaam, die Ombud of die Raad in verband met sodanige klagte of klag nie.

HOOFSTUK 5

REGSDIENSTEOMBUD

Instelling van Kantoor van Regsdiensteombud

45. (1) Die Kantoor van die Regsdiensteombud vir die Republiek word hierby as 'n regspersoon gestig.

(2) (a) Die Ombud moet, in oorleg met die Minister, die setel van die Kantoor van die Ombud bepaal.

(b) Die Kantoor van die Ombud kan, met die goedkeuring van die Minister, ook sy aktiwiteite weg van sy setel bedryf.

Oogmerke van Ombud

46. Die oogmerke van die Ombud is—

- (a) om die openbare belang in verband met die lewer van regsdiens te soos in hierdie Wet beoog, te beskerm en te bevorder;
- (b) om die regverdige, doeltreffende en effektiewe ondersoek van klagtes van beweerde wangedrag teen regspraktisy te verseker;
- (c) om hoë standaarde van integriteit in die regsberoep te bevorder; en
- (d) om die onafhanklikheid van die regsberoep te bevorder.

Aanstelling en onafhanklikheid van Regsdiensteombud

47. (1) Die President moet, so gou as prakties moontlik na die inwerkingtrede van hierdie Wet, 'n regter wat ingevolge die Wet op Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters, 2001 (Wet No. 47 van 2001), uit aktiewe diens ontslaan is, as Regsdiensteombud aanstel.

(2) Die Ombud is onafhanklik en slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe en hy of sy moet onpartydig wees en sy of haar bevoegdhede uitoefen en sy of haar werksaamhede verrig sonder vrees, begunstiging of vooroordeel.

(3) Die Raad moet die Ombud bystaan en beskerm om sy of haar onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid en doeltreffendheid te verseker.

(4) Niemand mag met die werking van die Ombud inmeng nie.

Bevoegdhede en werksaamhede van Ombud

48. (1) (a) Benewens die ander bevoegdhede en werksaamhede in hierdie Wet opgelê of toegewys aan hom of in haar, en met die doel om die oogmerke in artikel 46 bedoel, te bereik, is die Ombud bevoeg om enige beweerde—

- (i) wanadministrasie by die toepassing van hierdie Wet;
- (ii) misbruik of onregverdigbare uitoefening van mag of onregverdige of ander onbehoorlike gedrag of onnodige vertraging in die verrigting van 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet;
- (iii) handeling of versuim wat wederregtelike of onbehoorlike benadeling vir enige persoon tot gevolg het,

te ondersoek, uit eie beweging of by ontvangs van 'n klagte, wat die Ombud van oordeel is die integriteit en onafhanklikheid van die regsberoep en openbare persepsies ten opsigte daarvan, kan raak.

(b) Die Ombud kan, by die uitvoer van die bevoegdhede en werksaamhede in paragraaf (a) beoog, in sy of haar alleendiskresie, poog om enige geskil te besleg of enige handeling of versuim reg te stel deur—

- (i) bemiddeling, konsiliasie of onderhandeling;
- (ii) waar nodig, enigiemand van raad te dien oor gepaste regsmiddele; of

(iii) enige ander middele wat onder die omstandighede aangewese is.

(c) Te eniger tyd voor, tydens of na 'n ondersoek in paragraaf

(a) bedoel, kan die Ombud as hy of sy—

(i) van mening is dat die feite die pleging van 'n misdryf deur enigiemand openbaar, die aangeleentheid onder die aandag van die tersaaklike owerheid verantwoordelik vir vervolging, bring; of

(ii) dit raadsaam ag, enige aangeleentheid wat op 'n ondersoek betrekking het, na die gepaste liggaam of owerheid wat daardeur geraak word, verwys of 'n gepaste aanbeveling aangaande die herstel van die betrokke benadeling maak of enige ander gepaste aanbeveling wat die Ombud ag aangewese tot die geraakte liggaam of owerheid ag te wees; of

(iii) van mening is dat daar gronde is vir 'n klagte en dat die benadeling vir die klaer of enige ander persoon wat nadelig deur die betrokke handeling of versuim geraak is, wesenlik is en potensieel die integriteit en onafhanklikheid van die regsberoep en openbare persepsies daaroor kan raak, enigiets nodig doen sodat verrigtinge na 'n bevoegde hof geneem kan word vir die nodige regshulp, of die klaer na 'n gepaste forum verwys of help om die klaer na 'n gepaste forum te verwys.

(2) Vir die doeleindes van 'n ondersoek kan die Ombud—

(a) enigiemand dagvaar wat moontlik enige inligting oor die onderwerp van die ondersoek kan gee of wat enige boek, dokument of ander voorwerp wat op die ondersoek betrekking het in sy of haar besit of onder sy of haar beheer het, om voor die Ombud te verskyn om ondervra te word op 'n tyd en plek in die

dagvaarding vermeld, of om daardie boek, dokument of ander voorwerp te verstrek; en

- (b) iemand aanwys om daardie persoon, onder eed of bevestiging deur die Ombud afgeneem, te ondervra en die betrokke boek, dokument of ander voorwerp te bestudeer of te behou vir verdere bestudering of vir veilige bewaring.

(3) 'n Dagvaarding in subartikel (2) beoog moet—

- (a) in die vorm deur die reëls bepaal, wees;
- (b) besonderhede bevat van die aangeleentheid in verband waarmee die betrokke persoon voor die Ombud moet verskyn;
- (c) deur die Ombud of iemand deur hom of haar gemagtig, onderteken wees; en
- (d) beteken word soos in die reëls bepaal.

(4) (a) Die reg aangaande voorreg soos van toepassing op 'n getuie gedagvaar om in 'n strafregtelike saak in 'n landdroshof getuienis te lewer, is van toepassing in verband met die ondervraging van iemand ingevolge subartikel (2), en daardie persoon is nie geregtig om te weier om 'n vraag te beantwoord op grond daarvan dat die antwoord hom of haar aan 'n strafregtelike klag kan blootstel nie.

(b) Geen getuienis aangaande enige vrae of antwoorde in paragraaf (a) bedoel is in strafregtelike verrigtinge toelaatbaar nie, behalwe in strafregtelike verrigtinge waar die betrokke persoon op 'n klag in artikel 319(3) van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), teregstaan.

(5) Iemand wat uit hoofde van subartikel (2) voor die Ombud verskyn—

- (a) kan by sy of haar ondervraging deur 'n regsverteenvoerder bygestaan word;
- en

(b) is geregtig op enige getuiegeld waarop hy of sy geregtig sou wees indien hy of sy 'n getuie vir die Staat in regsverrigtinge in 'n landdroshof was.

(6) (a) Die Ombud kan, behoudens paragraaf (b), op die wyse wat hy of sy gepas ag, enige verslag of bevinding, oogpunt of aanbeveling ten opsigte van 'n aangeleentheid wat hy of sy ondersoek, aan enigiemand of liggaam bekend maak.

(b) Die verslag of bevinding, oogpunt of aanbeveling ten opsigte van 'n ondersoek deur die Ombud moet, wanneer hy of sy dit gepas ag maar so gou as moontlik, aan die klaer en aan enigiemand of enige liggaam wat daardeur geïmpliseer word, beskikbaar stel.

(c) Enige verslag of bevinding, oogpunt of aanbeveling ten opsigte van 'n ondersoek deur die Ombud, moet vir die publiek oop wees, tensy die Ombud van mening is dat buitengewone omstandighede vereis dat die verslag, bevinding, oogpunt of aanbeveling vertroulik bly.

Ampstermyn van Ombud

49. Die Ombud bekleed die amp vir 'n termyn van sewe jaar, maar kan vir een verdere termyn van sewe jaar dien.

Waarnemende Ombud en vul van vakatures

50. (1) Indien die kantoor van die Ombud vakant word, moet die President, behoudens hierdie Hoofstuk, 'n regter wat ingevolge die Wet op Besoldiging en

Diensvoorwaardes van Regters, 2001 (Wet No. 47 van 2001), uit aktiewe diens ontslaan is, in daardie amp aanstel.

(2) Wanneer die Ombud om enige rede nie sy of haar bevoegdhede of werksaamhede kan uitoefen of verrig nie, of wanneer die aanstelling van 'n regter in subartikel (1) bedoel tot die kantoor van die Ombud hangende is, kan die President, behoudens hierdie Hoofstuk, 'n persoon as waarnemende Ombud aanstel om die Ombud se bevoegdhede uit te oefen en die Ombud se werksaamhede te verrig.

(3) Die President moet die vergoeding, toelaes en ander bedinge en voorwaardes van diens en diensvoordele van die waarnemende Regsdiensteombud, na oorleg met die Minister en die Minister van Finansies, bepaal.

Personeel, finansies en aanspreeklikheid van Kantoor van Ombud

51. (1) Ten einde sy of haar werksaamhede te verrig, moet die Ombud—

- (a) 'n direkteur as die administratiewe hoof van die Kantoor van die Ombud aanstel;
- (b) sodanige administratiewe personeel aanstel soos nodig mag wees; en
- (c) kontrakte met diensverskaffers aangaan en aanspreeklikheid vir die uitgawes as gevolg van die lewering van daardie dienste, aanvaar.

(2) Die Ombud moet 'n direkteur aanstel vir 'n afgespreekte termyn van hoogstens vyf jaar wat met een bykomende termyn van hoogstens vyf jaar hernu kan word en op die voorwaardes wat die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, kan bepaal.

(3) Die Direkteur, as die administratiewe hoof en hoof uitvoerende beampte van die Kantoor van die Ombud, is verantwoordelik vir die algemene administrasie van die Kantoor en moet—

- (a) die aktiwiteite van die Kantoor van die Ombud bestuur en rig, behoudens die leiding van die Ombud;
- (b) die administratiewe personeel van die Kantoor van die Ombud aanstel en toesig oor hulle hou; en
- (c) kwartaallikse bestuursverslae aan die Direkteur-generaal voorsien.

(4) (a) Die Minister moet, na oorleg met die Minister van Finansies, die Direkteur se vergoeding, toelaes, voordele en ander bedinge en voorwaardes van diens, bepaal.

(b) Die Minister moet, na oorleg met die Minister van Finansies, die personeelsterkte van die Kantoor, die vergoeding, toelaes, voordele en ander bedinge en voorwaardes van aanstelling van die personeellede, bepaal.

(5) Uitgawes in verband met die administrasie en werking van die Kantoor van die Regsdiensteombud moet verhaal word uit gelde vir hierdie doel deur die Parlement bewillig.

(6) Gelde vir hierdie doel deur die Parlement bewillig—

- (a) stel geormerkte fondse op die departementele bewilliging daar; en
- (b) mag nie vir enige ander doel deur die Departement gebruik word nie, tensy die Ombud geraadpleeg is en die Nasionale Tesourie dit goedkeur.

(7) Behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999)—

- (a) is die Direkteur-generaal verantwoordelik vir rekenskap vir die geld ontvang of uitbetaal vir of op rekening van die administrasie en werking van die Kantoor van die Ombud ooreenkomstig die regulasies van die Nasionale Tesourie; en
- (b) moet die Direkteur-generaal die nodige boekhou- en ander verwante rekords laat hou, wat deur die Ouditeur-generaal geouditeer moet word.

(8) Die boekjaar van die Kantoor is die tydperk 1 April van enige jaar tot 31 Maart in die volgende jaar, behalwe dat die eerste boekjaar van die Kantoor van die Ombud begin op die datum waarop hierdie Hoofstuk in werking tree, soos in artikel 13 beoog en eindig op 31 Maart van die volgende jaar.

(9) Die Kantoor van die Ombud kan geld belê of deponeer wat nie onmiddellik benodig word vir gebeurlikhede of lopende uitgawes nie—

- (a) in 'n daggeldrekening of korttermyn vaste deposito by enige geregistreerde bank of finansiële instelling in die Republiek; of
- (b) in 'n beleggingsrekening by die Korporasie vir Openbare Deposito's ingestel by artikel 2 van die Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's, 1984 (Wet No. 46 van 1984).

(10) Binne ses maande na die einde van elke boekjaar, moet die Direkteur finansiële state ooreenkomstig gevestigde boekhoupraktyke, -beginsels en -prosedures voorberei, bestaande uit—

- (a) 'n staat, met gepaste en genoegsame besonderhede, wat die inkomste en uitgawes van die Kantoor van die Ombud tydens die voorafgaande boekjaar weerspieël; en

(b) 'n balansstaat wat die toestand van die Ombud se bates, laste en finansiële posisie soos aan die einde van die boekjaar, aantoon.

(11) Die Ouditeur-generaal moet die finansiële state van die Kantoor elke jaar ouditeer.

(12) Die Kantoor van die Ombud kan, na oorleg met die Minister en die Minister van Finansies—

(a) roerende en onroerende eiendom verkry en vervreem; en

(b) roerende en onroerende eiendom huur en verhuur.

(13) (a) Die Kantoor van die Ombud moet met sy werksaamhede begin met ingang van 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*, bepaal.

(b) Voor die aldus vasgestelde datum, moet die nodige reëlings getref word vir die Kantoor van die Ombud om geakkommodeer, toegerus en van personeel voorsien te word ten einde sy werksaamhede behoorlik te verrig.

Jaarverslag

52. (1) Die Kantoor van die Ombud moet 'n jaarverslag soos in die reëls bepaal binne ses maande na die einde van die boekjaar van die Kantoor van die Ombud, voorberei en aan die Minister voorlê.

(2) Die jaarverslag in subartikel (1) bedoel moet die volgende dokumente insluit:

(a) Die geouditeerde finansiële state ingevolge hierdie Wet voorberei;

- (b) die verslag van die Ouditeur-generaal ingevolge hierdie Wet voorberei;
- (c) 'n verslag van die aktiwiteite onderneem ingevolge die Ombud se werksaamhede in hierdie Hoofstuk uiteengesit; en
- (d) 'n verklaring van die vordering tydens die voorafgaande jaar gemaak ter bereiking van die oogmerke van hierdie Hoofstuk.

(3) Die Minister moet elke jaarverslag ingevolge hierdie Hoofstuk voorgelê, in die Parlement ter tafel lê.

HOOFSTUK 6

GETROUHEIDSFONDS VIR REGSPRAKTISYNS

Deel 1

Stigting van Fonds en stigtingsbepalings

Voortgesette bestaan van Getrouheidsfonds vir Prokureurs

53. (1) Ondanks die bepaling van artikel 119, bestaan die Getrouheidsfonds vir Prokureurs as 'n regspersoon voort onder die naam Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns.

(2) Die Fonds tree deur die Beheerraad op.

Inkomste van Fonds

54. Die Fonds bestaan uit—

- (a) elke bedrag wat, onmiddellik voor die datum in artikel 120(4) bedoel, betaalbaar is of was aan of gehou word op rekening van die Fonds, en wat op of na sodanige inwerkingtredingsdatum betaal word;
- (b) jaarlikse bydraes deur aansoekers betaal vir die uitreiking van Getrouheidsfondssertifikate en enige rente op, of strawwe ten opsigte van, agterstallige bydraes;
- (c) rente ingevolge hierdie Wet aan die Fonds betaal;
- (d) inkomste verkry uit beleggings van die Fonds;
- (e) geld deur of namens die Fonds ingevolge hierdie Wet verhaal;
- (f) geld deur of namens die Fonds van 'n versekeraar ontvang;
- (g) enige ander geld wat wetlik in die Fonds inbetaal is; en
- (h) enige ander geld wat van enige ander bron aan die Fonds toegeval het.

Aanspreeklikheid van Fonds

55. (1) Die Fonds is aanspreeklik vir die vergoeding van persone wat finansiële verliese ly, wat nie die bedrag oorskry soos van tyd tyd deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal nie, as gevolg van diefstal van enige geld of ander eiendom in trust gegee aan 'n trustrekeningpraktik in die loop van die praktik van die prokureur of advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel, as sodanig, indien die diefstal gepleeg is—

- (a) deur 'n prokureur in daardie praktik of advokaat, of enige persoon in diens van daardie praktik of onder toesig van daardie prokureur of advokaat;

(b) deur 'n prokureur of persoon in diens van daardie prokureur wat 'n trustee in 'n insolvente boedel of in enige soortgelyke hoedanigheid is, met uitsondering van 'n kurator van 'n finansiële instelling ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), of 'n likwidaatour van 'n onderlinge bank ingevolge die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993).

Beperking op aanspreeklikheid van Fonds

56. (1) Die Fonds is nie aanspreeklik nie ten opsigte van enige verlies gely—

(a) deur 'n gesinslid of 'n lid van die huishouding van enige prokureur of 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel wat die diefstal gepleeg het;

(b) deur enige vennoot of mededirekteur in die trustrekeningpraktyk waarin die diefstal voorkom;

(c) as gevolg van diefstal deur 'n prokureur of advokaat gepleeg wie se getrouheid andersins deur iemand gewaarborg is, hetsy oor die algemeen of ten opsigte van 'n bepaalde transaksie, tot die mate wat dit deur die waarborg gedek word;

(d) deur enigiemand as gevolg van enige diefstal gepleeg nadat die slagoffer van die diefstal skriftelik van die Raad of Beheerraad gewaarsku is teen die gebruik of voortgesette gebruik van die regsdiens van die betrokke trustrekeningpraktyk, teen die gee van enige geld of eiendom in trust aan daardie trustrekeningpraktyk en die betrokke persoon het, nadat hy of sy aldus gewaarsku is, versuim om redelik stappe te doen; of

(e) deur enigiemand as gevolg van diefstal van geld wat 'n prokureur of 'n advokaat in subartikel 34(2)(b) bedoel opdrag gegee is om namens daardie persoon te belê.

(2) 'n Eis vir vergoeding soos in artikel 55 voor voorsiening gemaak, is beperk—

(a) in die geval van geld in trust aan 'n trustrekeningpraktyk gegee, tot die bedrag wat werklik oorhandig is, sonder rente, tensy rente verdien is en in trust aan die praktyk gegee is, of tensy die Raad, in eie diskresie, besluit om rente te betaal; en

(b) in die geval van effekte of ander eiendom, tot die bedrag gelyk aan die gemiddelde markwaarde van daardie effekte of eiendom op die datum wanneer skriftelike aanmaning vir die lewering daarvan die eerste keer gemaak word, of as daar geen gemiddelde markwaarde is nie, die billike markwaarde van sodanige effekte of ander eiendom op daardie datum, sonder rente.

(3) Slegs die saldo van enige verlies deur iemand gely na aftrekking van die verlies van die bedrag of waarde van alle gelde of ander voordele ontvang of ontvangbaar deur daardie persoon van enige bron behalwe die Fonds, kan van die Fonds verhaal word.

(4) Subartikel (1)(e) is nie van toepassing nie op geld wat 'n prokureur gemagtig is om te belê waar die prokureur in sy of haar hoedanigheid as eksekuteur, trustee of kurator, of in enige soortgelyke hoedanigheid, optree, met uitsondering van 'n kurator van 'n finansiële instelling ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990),

of likwidateur van 'n onderlinge bank ingevolge die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993).

(5) Behoudens subartikel (6), moet 'n prokureur of advokaat geag word opdrag gegee te gewees het om geld te belê vir die doeleindes van subartikel (1)(e), waar iemand—

(a) wat geld aan die prokureur of advokaat toevertrou; of

(b) vir wie die prokureur of advokaat geld hou,

die prokureur of advokaat opdrag gee om al die geld of van die geld in 'n gespesifiseerde belegging of in 'n belegging van die prokureur of advokaat se keuse, te belê.

(6) By die toepassing van subartikel (1)(e) word 'n prokureur of advokaat geag nie opdrag te ontvang het om geld te belê nie indien hy of sy deur iemand opdrag gegee word 'n instruksie ontvang—

(a) om die geld in 'n trustrekening in te betaal, indien daardie betaling slegs vir die doeleindes van die tydelike of tussentydse belegging van die geld in daardie rekening is, hangende die afhandeling of implementering van enige bepaalde aangeleentheid of transaksie wat reeds bestaan of wat op die punt staan om tot stand te kom wanneer die belegging gemaak word en ten opsigte van welke belegging die prokureur of advokaat uitsluitlik as trustee, agent of belanghebbende, of in enige getrouheidskapasiteit, beheer uitoefen;

(b) om geld namens daardie persoon te leen om gevolg te gee aan 'n leningsooreenkoms waar daardie persoon, as die uitlener—

(i) die lener aan wie die geld geleen staan te word, vermeld;

- (ii) nie deur die prokureur aan die lener bekendgestel is met die doel om die leningsooreenkoms aan te gaan nie; en
 - (iii) deur die prokureur van raad bedien word oor die bedinge en voorwaardes van die leningsooreenkoms; of
- (c) om geld te gebruik om gevolg te gee aan enige voorwaarde van 'n transaksie waarby daardie persoon 'n party is, behalwe 'n transaksie wat 'n lening is of wat gevolg gee aan 'n leningsooreenkoms wat nie in die bestek van paragraaf (b) val nie.

(7) 'n Prokureur of advokaat wat opdrag gekry het om geld te belê soos in subartikel (5) voor voorsiening gemaak, moet so gou as moontlik nadat hy of sy daardie opdrag ontvang het, maar voor ontvangs van die geld wat belê staan te word, die persoon wat die opdrag gee, inlig oor die bepalings van subartikel (1)(e) in die vorm en wyse ingevolge subartikel (8) deur die Beheerraad bepaal.

(8) Vir die doeleindes van subartikel (7), moet die Beheerraad lasgewings uitreik wat die vorm en wyse bepaal waarop 'n kennisgewing in daardie subartikel bedoel, gegee moet word, en die Beheerraad kan sodanige lasgewings van tyd tot tyd hersien en, indien nodig, sodanige lasgewings verbeter.

(9) By die toepassing van subartikel (1)(a), beteken "familielid", in verband met enigiemand, sy of haar ouer, skoonouer, broer of suster, kind, met inbegrip van 'n aangenome kind of stiefkind, of gade (hetsy by statutêre, gewoonte- of geloofsreg), en met inbegrip van 'n lewensmaat wat iemand is wat saam met daardie persoon bly asof hulle met mekaar getroud is.

Doel en toepassing van Fonds

57. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, moet die Fonds vir die volgende doeleindes gebruik word:

- (a) Nakom van die aanspreeklikheid van die Fonds in artikel 55 bedoel;
- (b) betaal van uitgawes aangegaan in die bedryf van die Beheerraad en die Fonds, met inbegrip van die betaling van vergoeding of toelaes en ander diensvoordele aan werknemers;
- (c) betaal van uitgawes deur die Beheerraad aangegaan in die ondersoek en vasstelling van die geldigheid van eise in artikel 55 beoog;
- (d) betaal van alle uitgawes en regskostes deur die Beheerraad aangegaan vir die doeleindes van die verhaal van geld van die persone wie se onregmatige optrede tot die eis aanleiding gegee het;
- (e) terugbetaal van die kostes of enige gedeelte daarvan aangegaan deur 'n eiser in die instel van 'n eis of in die poging om die geheel of 'n gedeelte van die eis te verhaal van die persoon wie se onregmatige optrede tot die eis aanleiding gegee het;
- (f) betaal van regsuitgawes aangegaan in verweer teen 'n eis teen die fonds gemaak, of andersins in verband met die Fonds aangegaan;
- (g) betaal van premies ten opsigte van versekeringskontrakte ingevolge artikels 76 en 77 aangegaan;

- (h) betaal van toelaes aan lede van die Beheerraad in verband met hul dienste of hul redelike reis- en akkommodasie-uitgawes aangegaan in verband met die sake van die Beheerraad en die Fonds wat in oorleg met die Raad bepaal moet word;
- (i) betaal van gelde en uitgawes aan die Raad of sy strukture ten opsigte van enige werksaamheid as agente van die Fonds verrig;
- (j) maak van 'n jaarlikse bewilliging aan die Raad ingevolge artikel 22(1)(b);
- (k) betaal van kostes in verband met die bespeuring of voorkoming van diefstal van trustgeld; en
- (l) betaal van rente in verband met artikel 55.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan die Fonds vir die volgende doeleindes gebruik word:

- (a) terugbetaling van die bankkoste of enige gedeelte daarvan deur 'n prokureur of 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel in verband met die hou van 'n trustrekening in artikel 86(2) en (3) bedoel;
- (b) betaal van uitgawes in verband met enige werksaamheid ingevolge hierdie Wet verrig;
- (c) betaal van die oudit- en inspeksiekostes of 'n gedeelte daarvan deur 'n prokureur of advokaat aangegaan in verband met die verkryging van 'n Getrouheidsfondssertifikaat; en
- (d) betaal van beurse en lenings aan studente, kandidaatregspraktisyns en regspraktisyns vir die doeleindes van regsopvoeding en navorsing.

Getrouheidsfondsrekening vir Regspraktisyns

58. (1) Geld van die Fonds moet in 'n bankrekening gedeponeer word wat die Fonds by 'n instelling het wat as 'n bank geregistreer is, tot krediet van 'n rekening wat as die Getrouheidsfondsrekening vir Regspraktisyns bekend sal staan.

(2) Die Beheerraad kan geld belê wat ingevolge subartikel (1) gedeponeer is en wat nie onmiddellik vir die doeleindes in hierdie Wet genoem, benodig word nie.

Boekjaar van Fonds

59. Die boekjaar van die Fonds word deur die Beheerraad bepaal.

Fonds vrygestel van sekere belasting- en versekeringswette

60. (1) Die inkomste van die Fonds is vrygestel van die bepalings van enige wet in verband met die betaling van inkomstebelasting of enige ander belasting of heffing deur die Staat.

(2) Enige bepaling van enige wet oor versekering (behalwe 'n wet oor die verpligte versekering van werknemers) of die voorsiening van waarborg in verband daarmee, is nie op die Fonds van toepassing nie.

Deel 2**Bedryf van Fonds****Stigting van Beheerraad**

61. (1) 'n Beheerraad vir die Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns word hierby gestig om die Fonds te bestuur en te administreer.

(2) Die fonds moet deur die Beheerraad in trust gehou word vir die doeleindes in hierdie Wet genoem.

Samestelling van Beheerraad

62. (1) Die Beheerraad bestaan uit die volgende persone:

- (a) Vyf regspraktisyns, waarvan een 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel, moet wees, verkies ooreenkomstig 'n prosedure in die reëls deur die Raad in oorleg met die Beheerraad bepaal;
- (b) twee persone, deur die Raad aangewys, uit hoofde van hulle kwalifikasies, kundigheid en ervaring in die veld van finansies, en wie se name deur die Onafhanklike Reguleringsraad op Ouditeurs of die opvolger daarvan ingedien word; en
- (c) twee geskikte en gepaste persone deur die Minister aangewys.

(2) Die nodigheid dat die Beheerraad—

- (a) die ras- en geslagsamestelling van Suid-Afrika;

- (b) verteenwoordiging van persone met gestremdhede; en
- (c) provinsiale verteenwoordiging,

moet weerspieël, moet so ver moontlik, in ag geneem word wanneer die Beheerraad soos in subartikel (1) beoog, saamgestel word.

Bevoegdhede en werksaamhede van Beheerraad

63. (1) Benewens die bevoegdhede in hierdie Wet daaraan verleen, en ter bevordering van die doel van die Fonds, kan die Beheerraad—

- (a) enige gelde wat nie vir onmiddellike gebruik benodig word nie, in staats- en ander effekte belê soos by regulasie voorgeskryf kan word, soos in artikel 72(3) voor voorsiening gemaak;
- (b) homself teen risiko verseker;
- (c) ooreenkomste aangaan;
- (d) regsverrigtinge instel of verdedig;
- (e) soos in die reëls bepaal, die rekeninge van enige prokureur of 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel, inspekteer of laat inspekteer;
- (f) reëls maak aangaande—
 - (i) bydraes tot die Fonds en die uitreiking en kostes van Getrouheidsfondssertifikate;
 - (ii) die prosedure vir die aanstelling van die uitvoerende beampte en ander werknemers; en
 - (iii) enige ander aangeleentheid aangaande die Fonds;

- (g) 'n reëling met 'n bank tref vir die hou van trustrekenings ingevolge artikel 86(2) oopgemaak en vir die belegging van geld in aparte trustbesparings- of ander rentedraende rekeninge ingevolge artikel 86(3) en (4) oopgemaak om vir een of meer van die volgende voorsiening te maak:
- (i) Die betaling van rente aan die Fonds in die geheel of enige deel van die geld ingevolge artikel 86(2) gedeponeer en die geld ingevolge artikel 86(3) en (4) belê, soos in artikel 86(5) beoog;
 - (ii) die wyse waarop die Fonds ingelig word van bedrae gehou in die rekeninge ingevolge artikel 86(2), (3) en (4), oopgemaak;
 - (iii) die ouditeer van renteberekenings en rekeningsaldo's in die rekeninge ingevolge artikel 86(2), (3) en (4) in die bankrekeninge; en
 - (iv) enige ander tersaaklike aangeleentheid;
- (h) eise teen die Fonds oorweeg;
- (i) deur 'n persoon skriftelik deur die voorsitter van die Beheerraad daartoe gemagtig, 'n vervolging instel vir die wanaanwending of diefstal van eiendom of trustgeld, en die bepalings van die wette wat met private vervolgings verband hou is op so 'n vervolging van toepassing asof die Beheerraad 'n openbare liggaam is;
- (j) onderworpe aan voorwaardes wat deur die Beheerraad gestel kan word, die plig aan enige van sy werknemers delegeer om enige eise teen die Fonds te oorweeg; en
- (k) oor die algemeen enige ander stappe doen en enige ander handeling verrig wat nodig of bevorderlik mag wees vir die bereiking van die Fonds se oogmerke.

(2) Die Beheerraad moet 'n uitvoerende beampte aanstel om—

- (a) die bevoegdhede en werksaamhede deur die Beheerraad bepaal, te verrig of uit te oefen;
- (b) toesig oor die werknemers van die Beheerraad te hou; en
- (c) rekenskap oor die bates en laste van die Beheerraad te gee.

(3) Die Beheerraad kan enige ander werknemers wat hy nodig ag, aanstel om die uitvoerende beampte by te staan.

(4) Die prosedure vir die aanstelling van die uitvoerende beampte en ander werknemers moet deur die Beheerraad bepaal word.

(5) Die nodigheid dat die personeel van die Beheerraad—

- (a) die ras- en geslagsamestelling van Suid-Afrika; en
 - (b) verteenwoordiging van persone met gestremdhede,
- weerspieël, moet, so ver moontlik, in ag geneem word wanneer die uitvoerende beampte en ander werknemers ingevolge hierdie artikel aangestel word.

(6) Die Beheerraad moet die diensvoorwaardes van die uitvoerende beampte en die ander werknemers van die Beheerraad bepaal.

Lidmaatskap van Beheerraad

64. (1) 'n Lid van die Beheerraad moet—

- (a) 'n Suid-Afrikaanse burger wees;
- (b) 'n geskikte en gepaste persoon wees; en
- (c) die oogmerke van die Beheerraad steun.

(2) Die volgende persone is onbevoeg om lede van die Beheerraad te word of te bly:

- (a) 'n Ongerehabiliteerde insolvent;
- (b) iemand wat deur 'n hof van die Republiek as ontoerekenbaar verklaar is;
- (c) iemand wat in 'n hof van eerste instansie skuldig bevind is—
 - (i) aan 'n misdryf en tot meer as 12 maande gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, gevonnissen is; of
 - (ii) aan 'n misdryf, wat enige element van oneerlikheid behels, hetsy in die Republiek of buite die Republiek, indien die gedrag wat die misdryf uitmaak 'n misdryf in die Republiek sou wees, behalwe 'n skuldigbevinding aan 'n misdryf voor 27 April 1994 gepleeg wat met politieke oogmerke geassosieer is: Met dien verstande dat indien die betrokke persoon 'n appèl teen die skuldigbevinding of vonnis aanteken, hy of sy deur die Beheerraad uit sy of haar amp geskors kan word soos in artikel 69 beoog, hangende die resultaat van die appèl: Met dien verstande verder dat hy of sy deur die aanwysende liggaam vervang kan word, of in die geval van 'n lid in artikel 62(1)(a), ingevolge die prosedure in daardie artikel bedoel, verkies kan word;
- (d) iemand wat ingevolge artikel 69 van die amp onthef is; en
- (e) 'n lid van die Raad of enige van die Raad se komitees.

Voorsitter en ondervoorsitter van Beheerraad

65. (1) By die eerste vergadering van die Beheerraad moet die Beheerraad 'n voorsitter en ondervoorsitter uit eie geledere verkies en aanstel.

(2) Die voorsitter en ondervoorsitter beklee die amp vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van hul verkiesing en kan vir een verdere termyn herverkies word, tensy daardie voorsitter of ondervoorsitter bedank of ophou om 'n lid van die Beheerraad te wees.

(3) Die ondervoorsitter moet, indien die voorsitter afwesig is of om enige rede nie as voorsitter kan optree nie, al die voorsitter se werksaamhede verrig en al die voorsitter se bevoegdhede uitoefen.

(4) Indien die voorsitter en ondervoorsitter albei van enige vergadering afwesig is, moet die teenwoordige lede iemand uit eie geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit en die persoon wat aldus voorsit moet, tydens daardie vergadering en totdat die voorsitter of ondervoorsitter weer sy of haar pligte opneem al die voorsitter se werksaamhede verrig en al die voorsitter se bevoegdhede uitoefen.

(5) Indien die voorsitter en ondervoorsitter met verlof is, moet die lede van die Beheerraad iemand uit eie geledere verkies om as voorsitter op te tree totdat die voorsitter of ondervoorsitter weer sy of haar pligte opneem of ingevolge artikel 69 uit die amp verwyder word.

(6) Indien die amp van voorsitter of ondervoorsitter vakant word, moet die lede van die Beheerraad, by die eerste vergadering daarna of so gou as moontlik

daarna, uit eie geledere 'n nuwe voorsitter of ondervoorsitter, na gelang van die geval, verkies.

(7) 'n Voorsitter en ondervoorsitter kan die amp as sodanig ontruim, sonder om sy of haar lidmaatskap van die Beheerraad op te gee, tensy sy of haar lidmaatskap ooreenkomstig artikel 68 beëindig is.

Vakatures in Raad en vul daarvan

66. (1) 'n Vakature in die Beheerraad kom voor wanneer—

- (a) 'n lid se ampstermyn verstryk of eindig soos in artikel 68 beoog;
- (b) 'n lid tot sterwe kom;
- (c) 'n lid van die amp onthef word soos in artikel 69 beoog; of
- (d) 'n lid se bedanking van krag word.

(2) 'n Vakature in die Beheerraad moet so gou moontlik ooreenkomstig die bepalings van artikel 62 gevul word.

(3) Iemand wat aangestel word om 'n vakature te vul, beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die termyn van 'n lid wat die amp ontruim het.

(4) Geen besluit deur die Beheerraad geneem of handeling verrig kragtens die gesag van die Beheerraad is ongeldig bloot weens 'n vakature op die Beheerraad nie, indien die besluit geneem is of die stappe gemagtig is nie, behoudens artikel 70.

Ampstermyn van lede van Beheerraad

67. (1) 'n Lid van die Beheerraad beklee die amp vir 'n termyn van drie jaar, maar kan vir nog een termyn as 'n lid dien indien hy of sy weer aldus verkies of aangewys word, na gelang van die geval.

(2) Ondanks subartikel (1), bly 'n lid in die amp na die verstryking van sy of haar ampstermyn totdat die ampstermyn van sy of haar opvolger begin.

Beëindiging van amp

68. (1) Iemand hou op om 'n lid van die Beheerraad te wees wanneer daardie person—

- (a) nie meer ingevolge artikel 64 kwalifiseer om 'n lid te wees nie;
- (b) bedank;
- (c) ingevolge artikel 69 uit die amp verwyder word;
- (d) in die geval van 'n regspraktisyn bedoel in artikel 62(1)(a), ophou om 'n praktiserende regspraktisyn te wees, om watter rede ook al; of
- (e) as 'n regterlike beampte aangestel word.

(2) 'n Lid kan na minstens drie maande skriftelike kennisgewing aan die Beheerraad bedank, maar die Beheerraad kan, by die aanvoer van goeie gronde, 'n korter tydperk aanvaar.

Ontheffing van amp

69. (1) Die Beheerraad kan 'n lid van die Beheerraad uit die amp verwyder om rede van—

- (a) 'n bevinding deur 'n dissiplinêre komitee ingevolge artikel 40 van enige ernstige wangedrag soos in die gedragskode in artikel 36 beoog, uiteengesit aan die kant van 'n regspraktisyn;
- (b) ongeskiktheid en onbevoegdheid wat, na mening van die Beheerraad, hom of haar daarvan belet om as 'n lid van die Beheerraad te dien;
- (c) afwesigheid van drie opeenvolgende vergaderings van die Beheerraad sonder die toestemming van die voorsitter, behalwe by die aanvoer van goeie gronde; of
- (d) 'n versoek deur die liggaam of persoon wat daardie lid ingevolge artikel 62 verkies of aangewys het, by die aanvoer van goeie gronde deur die betrokke liggaam of persoon; of
- (e) hy of sy onbevoeg word om as 'n lid van die Beheerraad aan te bly soos in artikel 64(2) beoog.

(2) Indien die Beheerraad verrigtinge vir die verwydering van 'n lid begin het, kan hy daardie lid uit die amp skors.

(3) 'n Lid wat uit die amp geskors word mag nie enige bevoegdhede of werksaamhede van daardie amp verrig of uitvoer of enige toelaes ontvang nie.

(4) Die Beheerraad moet behoorlike regsproses volg as die Beheerraad voornemens is om 'n lid van 'n amp te onthef of te skors, soos deur die Beheerraad bepaal in die reëls in artikel 63(1)(f) beoog.

Vergaderings en besluite van Beheerraad

70. (1) (a) Die Beheerraad kan op enige plek in die Republiek vergader.

(b) Die Beheerraad moet, so gou as moontlik na die aanstelling van sy lede, vir die eerste keer vergader op die tyd en plek deur die Minister bepaal en daarna op die tyd en plekke deur die Beheerraad bepaal.

(2) Die meerderheid van die lede van die Beheerraad stel 'n kworum by enige vergadering van die Beheerraad daar.

(3) Wanneer die voorsitter afwesig is of nie sy of haar werksaamhede kan verrig nie, moet die ondervoorsitter as voorsitter waarneem, en indien die voorsitter en ondervoorsitter albei afwesig is of nie hul werksaamhede kan verrig nie, moet die lede teenwoordig iemand uit eie geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit.

(4) 'n Besluit van die meerderheid van die lede stel 'n besluit van die Beheerraad daar en in die geval van 'n staking van stemme, het die persoon wat by daardie vergadering voorsit 'n beslissende stem benewens 'n beraadslagende stem.

(5) 'n Resolusie op skrif van die Beheerraad deur al sy lede onderteken word beskou asof dit by 'n vergadering van die Beheerraad deurgevoer is.

(6) Die Beheerraad moet die prosedure vir die saamroep van 'n vergadering en die prosedure wat by die vergadering gevolg moet word, bepaal.

(7) Die minderheidsienings van enige lid of lede van die Beheerraad, asook enige verslag van 'n komitee ingevolge artikel 71, moet in enige advies of aanbeveling aan die Minister ingesluit word.

- (8) Die Beheerraad moet 'n rekord van sy verrigtinge hou.

Komitee van Beheerraad

- 71.** (1) Die Beheerraad—
- (a) moet 'n uitvoerende komitee bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en twee ander lede van die Beheerraad aanstel, waarvan een 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel, moet wees;
- (b) kan komitees aanstel in verband met aangeleenthede wat in die bestek van die Beheerraad se bevoegdhede en werksaamhede val, waarvan die lede ook lede van die Beheerraad of ander persone kan wees;
- (c) kan enige bevoegdhede en werksaamhede wat die Beheerraad bepaal, skriftelik aan die uitvoerende komitee of ander komitee delegeer; en
- (d) kan die uitvoerende komitee of ander komitee, hetsy oor die algemeen of in 'n bepaalde geval, opdrag gee om die Beheerraad van raad te bedien.
- (2) (a) Die Beheerraad moet 'n voorsitter van 'n komitee verkies en aanstel.
- (b) Die voorsitter van die Beheerraad is *ex officio* voorsitter van die uitvoerende komitee in subartikel (1)(a) bedoel en die ondervoorsitter van die Beheerraad is *ex officio* ondervoorsitter van die uitvoerende komitee in subartikel (1)(a) bedoel.
- (3) 'n Komitee oefen sy bevoegdhede uit en verrig sy werksaamhede ooreenkomstig enige beleidsopdragte van die Beheerraad.

(4) Die Beheerraad kan 'n komitee te eniger tyd ontbind.

(5) Die bepalinge van artikel 70 is, met die nodige veranderinge, op 'n vergadering van 'n komitee van toepassing.

(6) Die Beheerraad word nie ontnem van enige bevoegdheid of werksaamheid aan 'n komitee gedelegeer nie, en kan 'n besluit van 'n komitee wysig of nietig verklaar.

Sertifikaat ten opsigte van laste van Fonds en belegging van geld in Fonds

72. (1) Die Beheerraad moet 'n aktuaris aanstel om aanbevelings aan hom te doen op of voor 31 Maart van elke jaar aangaande die bedrag wat, na mening van daardie aktuaris, benodig sal word gedurende die daaropvolgende jaar wat op 31 Desember eindig, vir die doeleindes van voldoening aan die verpligtinge van die Fonds ingevolge artikel 55, en die aktuaris moet die Beheerraad voor of op die eersgenoemde datum voorsien van 'n sertifikaat wat die aldus aanbevole bedrag uiteensit.

(2) Die Beheerraad moet, binne 30 dae na ontvangs van die sertifikaat in subartikel (1) bedoel, die bedrag benodig in die daaropvolgende jaar vir die doeleindes bedoel in subartikel (1), bepaal.

(3) Enige bedrag ingevolge subartikel (2) bepaal wat nie onmiddellik vir die doeleindes bedoel in subartikel (1), in 'n boekjaar benodig word nie, moet in staats- en ander effekte wat by regulasie voorgeskryf kan word, belê word.

Jaarlikse oorsig deur aktuaris

73. (1) Binne drie maande na die einde van elke boekjaar, moet die aktuaris in artikel 72(1) bedoel die finansiële gesondheid van die Fonds hersien en 'n aktuariële waardasieverlag aan die Beheerraad en die Minister voorlê.

(2) Die aktuariëlewaardasieverlag moet:

(a) 'n verklaring bevat—

- (i) wat die aktuariële waarde van die bates en laste van die Fonds weerspieël;
- (ii) oor die finansiële gesondheid van die Fonds; en
- (iii) oor hetsy 'n surplus of tekort in die betrokke boekjaar in die Fonds teenwoordig was en, indien 'n tekort bestaan het, wat die bedrag benodig om die Fonds in staat te stel om sy verpligtinge na te kom; en

(b) 'n aanduiding gee van—

- (i) die basis en metode wat gebruik is om die bates en laste van die Fonds te waardeer;
- (ii) enige veranderinge aan die basis en metode gebruik om die Fonds te waardeer in vergelyking met die aktuariële verslag van die vorige jaar;
- (iii) enige spesiale oorweging of beperking wat die Beheerraad onder die aandag gebring het van of van toepassing gemaak het op die aktuaris in die verrigting van die werksaamheid ingevolge hierdie artikel; en

(iv) enige verduidelikende nota oor enige aangeleentheid relevant tot die verkryging van 'n ware en betekenisvolle weerspieëling van die finansiële stand van die Fonds.

(3) Die Beheerraad moet 'n verslag aan die Minister voorlê indien, te eniger tyd daarna met inagneming van die bates en laste van die Fonds, die waarde van die bates van die Fonds onvoldoende is of onvoldoende vermeerder om die betalings te maak van voordele wat redelik verwag kan word, en die Minister moet daardie verslag onmiddellik aan die Parlement voorlê.

Bydraes tot die Fonds deur regspraktisyns

74. (1) (a) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, moet elke prokureur wat op sy of haar eie rekening of in 'n vennootskap praktiseer, en elke advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel, wanneer hy of sy om 'n Getrouheidsfondssertifikaat aansoek doen, aan die Raad—

- (i) die bedrag betaal wat van tyd tot tyd deur die Beheerraad vasgestel word ten opsigte van die koste van 'n professionele skadeloosstellingsversekering vir die groep deur die Beheerraad gereël in navolging van die bepalings van artikel 77(2); en
- (ii) enige ander nieterugbetaalbare bedrag betaal soos van tyd tot tyd deur die Beheerraad vasgestel kan word.

(b) Enige regspraktisyn in paragraaf (a) bedoel wat op of na 1 Julie in enige jaar begin praktiseer moet, ten opsigte van daardie jaar, die helfte van die bydrae betaal wat ingevolge daardie paragraaf vir daardie jaar betaalbaar is.

(2) 'n Regspraktisyn in subartikel (1)(a) bedoel wat kragtens artikel 85(1) vir die eerste keer om 'n Getrouheidsfondssertifikaat aansoek doen, moet aan die Fonds, benewens enige bydraes ingevolge subartikel (1) betaalbaar, enige enkele nieterugbetaalbare bydrae betaal wat die Beheerraad bepaal.

(3) Die Beheerraad kan vereis dat 'n regspraktisyn in subartikel (1)(a) bedoel ten opsigte van wie die Fonds toegepas is as gevolg van enige van die omstandighede in artikel 57 bedoel, 'n bykomende jaarlikse bydrae aan die Fonds betaal vir 'n bedrag en tydperk wat die Beheerraad bepaal.

(4) (a) 'n Regspraktisyn in subartikel (1)(a) bedoel, wat nie in besit van 'n Getrouheidsfondssertifikaat is nie en wat voornemens is om op sy of haar eie rekening te begin praktiseer, in vennootskap in 'n regsentiteit, moet, voor hy of sy begin praktiseer, kennis aan die Raad gee van sy of haar voornemens en word daarna aanspreeklik vir betaling aan die Fonds van die bedrag van die bydrae in subartikels (1) en (2) bedoel.

(b) 'n Regspraktisyn in subartikel (1)(a) bedoel wat 'n Getrouheidsfondssertifikaat het, maar wat voornemens is om vir sy of haar eie rekening te begin praktiseer, in vennootskap of in 'n regsentiteit in die regsgebied van 'n Afdeling van die Hooggeregshof anders as die een waarin hy of sy gewoonlik vir sy of haar eie rekening of in vennootskap praktiseer, moet aan die Raad kennis gee van sy of haar voornemens.

(5) Alle bydraes kragtens hierdie artikel betaalbaar, moet aan die Raad betaal word, en die Raad moet die bydrae binne sewe dae van ontvangs daarvan aan die Beheerraad oormak.

Oudit

75. (1) Die rekeninge van die Fonds moet deur 'n geregistreerde boekhouer en ouditeur deur die Beheerraad aangestel, geouditeer word.

(2) Iemand kragtens subartikel (1) aangestel moet, ten opsigte van elke boekjaar van die Fonds, 'n balansstaat en inkomstestaat van die Fonds opstel en afskrifte daarvan dadelik, saam met sy of haar verslag daaroor, aan die voorsitter van die Beheerraad en aan die Raad voorlê.

(3) Die Beheerraad moet, binne een maand vanaf ontvangs van die geouditeerde finansiële state, 'n jaarverslag aan die Raad en die Minister voorlê, wat ten minste—

- (a) die totale getal persone wat eise ingevolge hierdie Wet gemaak het;
- (b) die totale getal regspraktisyns wat bydraes ingevolge hierdie Wet betaal het;
- (c) die totale getal persone aan wie eise betaal is en die geldwaarde van eise ingevolge hierdie Wet betaal; en
- (d) enige ander aangeleenthede soos deur die Minister voorgeskryf kan word, uiteensit en bevat.

Herversekering

76. (1) Die Beheerraad kan, na eie diskresie, 'n kontrak met enigiemand of 'n korporasie wat sake in waarborgversekering doen, aangaan ingevolge waarvan die Fonds skadeloos gestel sal wees tot die mate en op die wyse in daardie kontrak voorsien, teen aanspreeklikheid om eise kragtens hierdie Wet te betaal.

(2) 'n Kontrak in subartikel (1) bedoel, moet ten opsigte van regspraktisyns in artikel 84(1) bedoel, aangegaan word.

(3) 'n Eiser teen die Beheerraad het geen reg—

(a) van aksie teen enigiemand of korporasie met wie 'n skadeloosstellingskontrak indemniteitskontrak ingevolge hierdie artikel aangegaan is nie; of

(b) op enige geld deur die versekeraar ooreenkomstig daardie kontrak betaal nie.

(4) Enige geld ooreenkomstig 'n skadeloosstellingskontrak deur 'n versekeraar betaal, moet in die Fonds inbetaal word vir aanwending deur die Beheerraad.

Voorsiening van versekeringsdekking en waarborge

77. (1) Die Beheerraad kan—

(a) 'n publieke maatskappy verkry of vorm en administreer; of

(b) saam met enige ander persoon of instelling 'n skema stig, deur 'n geregistreerde versekeraar onderskryf,

ten einde versekeringsdekking te voorsien, behoudens die bepalings van die Wet op Korttermynversekering, 1998 (Wet No. 53 van 1998), aan regspraktisyns in artikel 84(1) bedoel ten opsigte van enige eise wat kan ontstaan uit die professionele optrede van daardie regspraktisyns.

(2) Die Beheerraad kan 'n kontrak aangaan met 'n maatskappy of skema in subartikel (1) bedoel, of enige maatskappy wat professionele skadeloosstellingsversekeringsake doen, vir die voorsiening van professionele skadeloosstelling vir die groep vir regspraktisyns in artikel 84(1) bedoel tot die mate en op die wyse in die kontrak bepaal.

(3) Die Beheerraad kan aktes van borgstelling aangaan tot die tevredenheid van die Meester van die Hooggeregshof met regsbevoegdheid ten einde waarborg te verskaf namens 'n prokureur ten opsigte van werk deur daardie prokureur gedoen as—

- (a) eksekuteur in die boedel van 'n oorlede persoon;
- (b) 'n trustee in 'n insolvente boedel;
- (c) 'n kurator vir die persoon of eiendom in die geval van 'n persoon wat nie sy of haar eie sake kan bestuur nie; of
- (d) in die geval van enige ander soortgelyke hoedanigheid, deur enigiemand anders in sodanige hoedanigheid waar 'n prokureur as agent van die betrokke persoon optree.

(4) Die Beheerraad kan premies en gelde hef vir die voorsiening van enige versekering of waarborg deur enige skema daardeur ingestel of publieke

maatskappy daardeur beheer ingevolge die bepalings van die Wet of wetgewing deur hierdie Wet herroep.

Deel 3

Eise teen Fonds

Prosedure vir instelling van eise teen Fonds

78. (1) Niemand het 'n eise teen die Fonds ten opsigte van enige diefstal in artikel 55 beoog nie, tensy—

- (a) skriftelike kennisgewing van die eise aan die Raad en aan die Beheerraad gegee word binne drie maande nadat die eiser van die diefstal bewus geword het, of, by die uitoefening van redelike sorg van die diefstal bewus moes geword het; en
- (b) die eiser die Beheerraad binne ses maande nadat 'n skriftelike eise deur die Beheerraad aan hom of haar gestuur is, voorsien van bewyse soos die Beheerraad redelikerwys kan vereis.

(2) Indien die Beheerraad tevrede is dat, met inagneming van al die omstandighede, 'n eise of die bewys deur die Beheerraad vereis binne 'n redelike tydperk ingedien is of verstrek is, kan hy volgens eie diskresie enige van die tydperke in subartikel (1) bedoel, verleng.

Aksies teen Fonds

79. (1) Die Fonds is nie verplig om enige gedeelte van 'n eis te betaal wat redelikerwys van enige ander aanspreeklike persoon verhaal kan word nie.

(2) Die Fonds kan alle redelike uitgawes en regskostes deur 'n eiser aangegaan in die uitput van sy of haar regte op aksie teen iemand anders, betaal.

(3) Die Fonds kan, op eie diskresie, voordat besluit word hetsy volle betaling van 'n eis of enige gedeelte daarvan gedoen moet word, 'n tussentydse betaling aan die eiser maak van 'n gedeelte van die bedrag waaroor sy of haar eis toegelaat is.

(4) Enige aksie teen die Fonds ten opsigte van verliese gely deur iemand as gevolg van diefstal deur 'n regspraktisyn in artikel 84(1) bedoel, kandidaatprokureur of werknemer van enige sodanige regspraktisyn of regsentiteit gepleeg, moet ingestel word binne een jaar vanaf die datum van 'n kennisgewing deur die Fonds aan daardie persoon of sy of haar regsverteenvoerder gerig, waarin hy of sy ingelig word dat die Fonds die eis waarmee die aksie verband hou, van die hand wys.

(5) In enige aksie teen die Fonds is alle verwerre wat vir die persoon teen wie die eis ontstaan het beskikbaar sou gewees het, vir die Fonds beskikbaar.

(6) Enige aksie teen die Fonds kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet, in enige hof met regsbevoegdheid ten opsigte van die eis, gebring word.

Subrogasie

80. By betaling uit die Fonds van geld ter vereffening of gedeeltelike vereffening van 'n eis kragtens hierdie Hoofstuk, word die Fonds in die mate van die betaling gesubrogeer tot alle regte en regs middels van die eiser teen 'n regspraktisyn in artikel 84(1) bedoel of iemand met betrekking tot wie die eis ontstaan het, of in geval van sy of haar dood of insolvensie of ander regsonbevoegdheid, teen iemand wat die bevoegdheid het om sy of haar boedel te administreer.

Eise teen toekomstige inkomste van Fonds

81. (1) Indien die Fonds te eniger tyd onvoldoende bates ter vereffening van alle eise en vonnisse het, moet die eise en vonnisse, in die mate wat hulle nie vereffen word nie, teen toekomstige inkomste van die Fonds gehef word.

(2) Die Beheerraad kan die volgorde waarin die eise en vonnisse ingevolge subartikel (1) bedoel, vereffen word, en kan bepaal, indien die inkomste van die Fonds onvoldoende is om alle eise ten volle te vereffen, enige eis of vonnis gedeeltelik of in die geheel vereffen.

(3) Sonder om sy diskresie te beperk, moet die Beheerraad, by die gebruik van die Fonds vir die vereffening van eise en vonnisse, die volgende in oorweging neem:

- (a) Die relatiewe graad van ontbering deur die verskillende eisers gely of wat waarskynlik deur hulle gely sou word indien hul eise teen die Fonds nie gedeeltelik of in die geheel vereffen sou word nie;
- (b) behoudens paragraaf (a), die volle vereffening van relatief klein eise, behalwe in buitengewone omstandighede, voordat relatief groot bedrae tot 'n groter mate as die klein eise vereffen word; en
- (c) in gelyke omstandighede, die prioriteit van eisers volgens die datums van die vonnisse of die datums wanneer die eise deur die Beheerraad toegelaat is, na gelang van die geval.

Skadeloosstelling ten opsigte van sekere handeling

82. Geen aksie vir skade mag ingestel word—

- (a) teen die Fonds, die Beheerraad of enige lid, beampte of werknemer van die Beheerraad ten opsigte van enigiets gedoen in die *bona fide* uitoefening of verrigting van sy of haar bevoegdhede of werksaamhede ingevolge die bepalings van hierdie Wet nie; of
- (b) teen die Beheerraad, 'n lid van die Beheerraad of beampte of werknemer daarvan, ten opsigte van enige kennisgewing ter goede trou uitgereik vir die doeleindes van artikel 79(4) nie.

Bewaring van en beskikking oor rekords en dokumente in besit van Beheerraad

83. (1) Enige rekord of dokument in besit van die Beheerraad in verband met enige eis teen die Fonds ingestel moet, behoudens die bepalings van subartikel (2), by die kantoor van die Beheerraad bewaar word.

(2) Die Beheerraad kan, na die verloop van vyf jaar vanaf die datum waarop enige eis waarop 'n rekord of dokument betrekking het, deur die Beheerraad vereffen word of deur die hof bereg word of onafdwingbaar gemaak word met die verloop van tyd, gelas dat die rekord of dokument na 'n ander plek van bewaring verwyder word of vernietig of andersins oor beskik word.

HOOFSTUK 7

HANTERING VAN TRUSTGELDE

Verpligtinge van regspraktisyn in verband met hantering van trustgelde

84. (1) Elke prokureur of enige advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel, behalwe 'n regspraktisyn in die voltydse diens van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie of die Staat as 'n staatsprokureur of staatsadvokaat en wat praktiseer of geag word te praktiseer—

(a) vir sy of haar eie rekening hetsy alleen of in vennootskap; of

(b) as 'n direkteur van 'n praktyk wat 'n regsentiteit is,

moet 'n Getrouheidsfondssertifikaat hê.

(2) Geen regspraktisyn in subartikel (1) bedoel of iemand in diens van of onder toesig van daardie regspraktisyn kan fondse of eiendom behorende aan enigiemand ontvang of hou, tensy die betrokke regspraktisyn 'n Getrouheidsfondssertifikaat het nie.

(3) Die bepalings van subartikel (1) en (2) is van toepassing op 'n deposito wat op rekening van gelde of uitbetalings ten opsigte van regsdienste wat gelewer moet word, geneem is.

(4) 'n Getrouheidsfondssertifikaat moet aandui dat die betrokke regspraktisyn verplig is om behoudens die bepalings van hierdie Wet te praktiseer, en die feit dat so 'n regspraktisyn so 'n sertifikaat hou moet deur die Raad teenoor sy of haar inskrywing geëndosseer word.

(5) 'n Regspraktisyn in subartikel (1) bedoel wat—

(a) van een praktyk na 'n ander verplaas word; of

(b) ophou praktiseer,

moet aan die Raad kennis gee van hierdie feit en aan die Raad se tersaaklike vereistes voldoen in verband met die sluiting van daardie regspraktisyn se trustrekening en in die geval van paragraaf (b), sy of haar sertifikaat aan die Raad terugbesorg.

(6) Die Raad kan 'n Getrouheidsfondssertifikaat intrek en, waar nodig, 'n interdik teen die betrokke regspraktisyn verkry indien hy of sy versuim om aan die bepalings van hierdie Wet te voldoen of op enige wyse onregmatig of oneties optree.

(7) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op 'n regspraktisyn wat in die heelydse diens van Regsdienste Suid-Afrika praktiseer nie.

(8) 'n Advokaat, behalwe 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel, kan nie geld of eiendom wat aan enigiemand behoort, ontvang of hou in die loop van daardie advokaat se praktyk of ten opsigte van enige instruksie aan die advokaat uitgereik deur 'n prokureur of 'n lid van die publiek nie.

(9) Geen regspraktisyn in die heelydse diens van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie of die Staat as 'n staatsprokureur, staatsadvokaat, staatsregsadviseur of in enige ander professionele hoedanigheid, mag geld of eiendom ontvang of hou wat aan enigiemand behoort nie, behalwe in die loop van die diens van sodanige regspraktisyn by die Staat of die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie en in so 'n geval slegs namens die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie of die Staat en vir geen ander doel nie.

Aansoek om en uitreik van Getrouheidsfondssertifikate

85. (1) (a) 'n Regspraktisyn wat ingevolge artikel 84(1) verplig is om in besit van 'n Getrouheidsfondssertifikaat te wees, moet by die Raad om so 'n sertifikaat aansoek doen soos in die reëls bepaal.

(b) Elke regspraktisyn in paragraaf (a) bedoel wat, vir die eerste keer, as sodanig praktiseer, moet, binne die tydperk en na betaling van die gelde deur die Raad in die reëls bepaal, 'n regspraktykbestuurskursus voltooi deur die Raad goedgekeur in die reëls bepaal.

(2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1)(a) bedoel, moet vergesel gaan van die bydrae deur aansoekers betaalbaar soos in die reëls bepaal.

(3) Die Raad moet, in oorleg met die Beheerraad, die bedrag vir die bydrae van die daaropvolgende jaar bepaal, indien enige, en in die geval waar 'n bydrae gehef word, kennis daarvan deur publikasie in die *Staatskoerant* gee.

(4) By die bepaling van die bedrag van die bydrae, moet die Raad en die Beheerraad—

- (a) die waarde van die Fonds;
- (b) die omvang van die uitgawes en laste wat die Fonds waarskynlik in die daaropvolgende jare gaan aangaan; en
- (c) die aktuariële waardasieverslag in artikel 73(2) bedoel, in ag neem.

(5) Die Raad kan, in oorleg met die Beheerraad, en met inagneming van die verrigting van gemeenskapsdiens wat toegang tot geregtigheid bevorder—

- (a) 'n kategorie van regspraktisyne in subartikel (1) bedoel, vrystel van betaling van die bydrae of van 'n gedeelte daarvan; of
- (b) 'n bepaalde regspraktisyn in subartikel (1) bedoel, vrystel van die betaling van die bydrae of van 'n gedeelte daarvan na oorweging van 'n skriftelike aansoek van daardie regspraktisyn, indien die Raad tevrede is dat daar goeie gronde is om dit te doen.

(6) By ontvangs van 'n aansoek ingevolge subartikel (1), moet die Raad, indien die Raad tevrede is dat die applicant—

- (a) aan die bepalings van hierdie Hoofstuk voldoen het;
- (b) die vereiste bydrae aan die Fonds betaal het;
- (c) alle verpligtinge ten opsigte van inskrywingsgeld, nagekom het; en

(d) die aansoekvorm soos in die reëls bepaal in elke opsig ingevul het, 'n Getrouheidsfondssertifikaat wat in die reëls bepaal word, onmiddellik aan die applikant uitreik.

(7) 'n Getrouheidsfondssertifikaat is geldig tot 31 Desember van die jaar waarvoor dit uitgereik is.

(8) 'n Dokument wat voorgee om 'n Getrouheidsfondssertifikaat te wees wat strydig met die bepalings van hierdie Wet uitgereik is, is van nul en gener waarde en moet op aanvraag aan die Raad terugbesorg word.

Trustrekeninge

86. (1) Elke regspraktisyn in artikel 84(1) bedoel, moet 'n trustrekening bedryf.

(2) Elke trustrekeningpraktyk moet 'n trustrekening by 'n bank hou waarmee die Fonds 'n reëling getref het soos in artikel 63(1)(g) bedoel en moet geld wat die praktyk namens enigiemand hou, so gou as moontlik na ontvangs daarin deponeer.

(3) 'n Trustrekeningpraktyk kan, uit eie beweging, in 'n aparte trustspaarrekening of ander rentedraende rekening, geld belê wat nie onmiddellik vir enige bepaalde doel vereis word nie.

(4) 'n Trustrekeningpraktyk kan, op instruksie van enigiemand, 'n aparte trustspaarrekening of ander rentedraende rekening oopmaak met die doel om enige geld wat in die trustrekening van die praktyk gedeponeer is, te belê namens

sodanige persoon, waaroor die praktyk uitsluitlike beheer uitoefen as trustee, agent of belanghebbende of in enige ander getrouheidshoedanigheid.

(5) Rente opgeloopte op geld ingevolge hierdie artikel gedeponeer moet, in die geval van geld gedeponeer ingevolge—

- (a) subartikels (2) en (3), aan die Fonds oorbetaal word en vestig in die Fonds; en
- (b) subartikel (4), oorbetaal word aan die persoon in daardie subartikel bedoel: Met dien verstande dat 5% van die rente ingevolge hierdie paragraaf opgeloopte, aan die Fonds oorbetaal moet word en in die Fonds vestig.

(6) 'n Regspraktisyn in artikel 84(1) bedoel, kan nie geld ingevolge subartikel (2) deponeer nie, en ook nie geld ingevolge subartikels (3) en (4) belê nie in rekeninge gehou by 'n bank wat nie 'n party is tot 'n reëling soos in artikel 63(1)(g) voorvoorsiening gemaak nie, tensy vooraf skriftelike toestemming van die Fonds verkry is.

(7) 'n Regspraktisyn in artikel 84(1) bedoel, moet aan die voorwaardes van 'n reëling tussen 'n bank en die Fonds soos in artikel 63(1)(g) voorvoorsiening gemaak, voldoen.

Rekenskap

87. (1) 'n Trustrekening moet behoorlike rekeningkundige rekords hou wat besonderhede en inligting bevat oor—

- (a) geld op eie rekening ontvang en betaal;
- (b) enige geld op rekening van enigiemand ontvang, gehou of betaal;

(c) geld in 'n trustrekening of ander rentedraende rekening in artikel 86 bedoel, belê; en

(d) enige rente op geld aldus belê wat daaraan oorbetaal of gekrediteer word.

(2) (a) Die Raad of Beheerraad kan, self of deur 'n benoemde, op onkoste van die Raad of die Beheerraad, die rekeningkundige rekords van enige trustrekeningpraktyk inspekteer ten einde sigself te vergewis dat die bepalings van artikel 8 en subartikel (1) aan voldoen word.

(b) Indien dit by inspeksie gevind word dat nie aan hierdie bepalings voldoen is nie, kan die Raad of Beheerraad die rekeningkundige rekords van die trustrekeningpraktyk byskryf en die kostes van die inspeksie en die byskrywing van die rekeningkundige rekords van die betrokke trustrekeningpraktyk verhaal.

(3) By die toepassing van subartikels (1) en (2), sluit "rekeningkundige rekords" enige rekord in wat gehou word of in die bewaring is van enige trustrekeningpraktyk wat verband hou met—

(a) geld in trust gehou;

(b) geld ingevolge artikel 86(2), (3) of (4) belê en rente daarop;

(c) enige boedel van 'n oorlede persoon of enige insolvente boedel of enige boedel onder kuratele, ten opsigte waarvan 'n prokureur in die trustrekeningpraktyk die eksekuteur, trustee of kurator is of wat hy of sy namens die eksekuteur, trustee of kurator administreer; of

(d) die sake van die trustrekeningpraktyk.

(4) (a) Enige geld gehou in die trustrekening van 'n trustrekeningpraktyk ten opsigte waarvan die identiteit van die eienaar onbekend is of

wat na een jaar onopgeëis is, moet, na die tweede jaarlikse sluiting van die rekeningkundige rekords van die trustrekeningpraktyk na die datum waarop daardie fondse in die trustrekening van die trustrekeningpraktyk gedeponeer is, deur die trustrekeningpraktyk aan die Fonds oorbetaal word.

(b) Niks in hierdie subartikel ontnem die eienaar van die geld in paragraaf (a) beoog van die reg om enige gedeelte van die Fonds te eis waarop hy of sy geregtigheid kan bewys nie.

(5) (a) Ondanks artikel 37(2)(a), moet 'n prokureur of 'n advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel of 'n werknemer van 'n trustrekeningpraktyk, op versoek van die Raad of die Beheerraad, of die persoon daartoe gemagtig deur die Raad of die Beheerraad, 'n boek, dokument of item vir inspeksie verstrek wat in die besit, bewaring of onder die beheer van daardie regspraktisyn of sodanige werknemer is, welke boek, dokument of item verband hou met die trustrekeningpraktyk of voormalige trustrekeningpraktyk van sodanige prokureur of advokaat: Met dien verstande dat die Raad of die Beheerraad of persoon deur die Raad of die Beheerraad gemagtig afskrifte van sodanige boek, dokument of item kan maak en die afskrifte van die perseel van daardie prokureur, advokaat of trustrekeningpraktyk kan verwyder.

(b) Die regspraktisyn in paragraaf (a) beoog of betrokke werknemer kan nie, behoudens die bepalings van enige ander wetsbepalings, weier om die boek, dokument of item te verstrek nie, al is hy of sy van mening dat dit vertroulike inligting bevat wat aan sy of haar kliënt behoort of oor sy of haar kliënt handel.

(6) Enigiemand wat enige werksaamheid kragtens hierdie artikel verrig, mag nie enige inligting bekend maak wat hy of sy in die verrigting van so 'n werksaamheid verkry het nie, behalwe—

- (a) vir die doel van 'n ondersoek of verhoor deur 'n dissiplinêre liggaam;
- (b) aan enigiemand deur die Raad of die Beheerraad daartoe gemagtig wat dit uit noodsaak benodig vir die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet;
- (c) indien hy of sy 'n persoon is wat dit uit noodsaak voorsien in die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet;
- (d) wanneer dit by 'n hofbevel vereis word;
- (e) op skriftelike versoek van die Ombud; of
- (f) op skriftelike versoek van die Nasionale Vervolgingsgesag of enige bevoegde owerheid wat dit vir die instelling van 'n ondersoek met die oog op die instelling van 'n strafregtelike vervolging, benodig.

Trustgeld en trusteiendom van trustrekeningpraktyk

88. (1) (a) 'n Bedrag in die krediet van 'n trustrekening van enige trustrekeningpraktyk, behoudens paragraaf (b)—

- (i) maak nie deel uit van die bates van die trustrekeningpraktyk of van 'n prokureur, vennoot of lid daarvan of van enige advokaat in artikel 34(2)(b) bedoel nie; en
- (ii) kan nie op beslag gelê geword deur die krediteur van enige sodanige trustrekeningpraktyk, prokureur, vennoot of lid of advokaat nie.

(b) Enige oorskot wat oorbly nadat alle eise van persone wie se geld in 'n trustrekening in paragraaf (a) bedoel, gedeponeer of belê is of moes gewees het, en alle eise ten opsigte van rente op geld aldus belê, word geag deel uit te maak van die bates van die betrokke trustrekeningpraktyk.

(2) Trusteiendom wat in die naam van 'n trustrekeningpraktyk geregistreer is, of gesamentlik in die naam van 'n prokureur of trustrekeningpraktyk en enigiemand anders in 'n hoedanigheid as administrateur, trustee, kurator of agent, maak nie deel uit van die bates van daardie prokureur of trustrekeningpraktyk of ander persoon nie.

Hof kan bedryf van trustrekening belet

89. Die Hooggeregshof kan, op aansoek deur die Raad of die Beheerraad gemaak, en by die aanvoer van goeie gronde, enige regspraktisyn in artikel 84(1) bedoel daarvan belet om op enige wyse op sy of haar trustrekening aktief te wees, en kan 'n *curator bonis* aanstel om daardie trustrekening te beheer en te administreer, met enige regte, bevoegdhede en werksaamhede in verband daarmee wat die hof gepas ag.

Aanstelling van *curator bonis* ten opsigte van trustrekening

90. (1) Indien enige regspraktisyn in artikel 84(1) bedoel—
(a) sterf;

- (b) insolvent word;
- (c) van die Rol geskrap word of uit die praktyk geskors word;
- (d) deur 'n bevoegde hof verklaar is onbevoeg te wees om sy of haar eie sake te bestuur;
- (e) sy of haar praktyk verlaat of ophou om te praktiseer,

kan die Hooggeregshof, op aansoek deur die Raad, Beheerraad of deur enige persoon met 'n belang in die trustrekening van daardie regspraktisyn of trustrekeningpraktyk, 'n *curator bonis* aanstel om daardie rekening te beheer en te administreer, met enige regte, bevoegdhede en werksaamhede wat die hof gepas kan ag.

(2) Waar die regspraktisyn in subartikel (1) beoog 'n prokureur is en in vennootskap of as 'n lid van 'n maatskappy saam met 'n ander prokureur of prokureurs gepraktiseer het, moet die hof toelaat dat die trustrekening onder beheer van die oorblywende vennote of lede te bly, tensy daar goeie rede is om dit nie te doen nie.

(3) Indien 'n trustrekeningpraktyk gesekwestreer, gelikwideer of onder ondernemingsreddingsprosedures geplaas word, hetsy voorlopig of finaal, kan die hof, op aansoek deur die Raad, beheerraad of deur enige persoon met 'n belang in die trustrekening van daardie praktyk, 'n *curator bonis* aanstel om daardie rekening te beheer en te administreer, met enige regte, bevoegdhede en werksaamhede wat die hof gepas ag.

(4) Die hof kan 'n aansoek in subartikel (1) of (2) voor voorsiening gemaak, slegs toestaan by die aanvoer van goeie gronde deur die Raad, Beheerraad of enige ander betrokke persoon, en nadat die trustrekeningpraktyk 'n geleentheid gegun is om skriftelik op die aansoek te reageer.

(5) Niks in hierdie artikel of artikel 89 kan uitgelê word as dat dit enige prokureur wat in vennootskap met 'n regspraktisyn in subartikel (1) bedoel het wat 'n prokureur is, gepraktiseer het, daarvan weerhou om op die trustrekening van die vennootskap te werk nie.

Regte van banke ten opsigte van trustrekeninge

91. (1) (a) Enige bank waar 'n trustrekeningpraktyk se rekening gehou word, of enige aparte rekening wat deel van 'n trustrekening uitmaak, word nie, slegs om rede van die naam van of styl waardeur die betrokke rekening onderskei word, geag kennis te hê dat die trustrekeningpraktyk nie geregtig is op alle geld in daardie rekening inbetaal nie of waarmee daardie rekening gekrediteer is nie.

(b) Die bepalings van paragraaf (a) verlig nie die bank van enige aanspreeklikheid of verpligting wat regtens bestaan en waaraan dit onderworpe sal wees nie, afgesien van die bepalings van hierdie Wet.

(2) Ondanks subartikel (1), het of kry 'n bank waar 'n trustrekeningpraktyk se trustrekening, of enige aparte rekening wat deel van 'n trustrekening uitmaak, gehou word, ten opsigte van enige aanspreeklikheid van die trustrekeningpraktyk teenoor daardie banke wat nie 'n aanspreeklikheid is na aanleiding van, of in verband met, enige sodanige rekening, enige verhaal of reg, hetsy by wyse van verrekening of teeneis of andersins, teen geld wat op krediet van daardie rekening staan.

(3) Hierdie artikel—

- (a) ontnem geen bank van enige bestaande reg nie;
- (b) neem geen eis, retensiereg, teeneis, verrekeningsreg, of heffing van enige aard wat 'n trustrekeningpraktyk het teen, of op, enige geld gehou of ontvang op rekening van enigiemand, weg nie; of
- (c) verlig geen trustrekeningpraktyk wat enige geld in subartikel (1) bedoel, in 'n trust of ander rentedraende rekening belê het, van enige aanspreeklikheid ten opsigte daarvan nie.

(4) Enige bank waar 'n trustrekeningpraktyk sy trustrekening of enige aparte rekening wat deel van die trustrekening uitmaak, hou, moet, indien die Raad of die Beheerraad dit gelas, die Raad of die Beheerraad voorsien van 'n ondertekende staat van daardie rekening vir die tydperk deur die Raad bepaal.

HOOFSTUK 8

ALGEMENE BEPALINGS

Verhaal van kostes deur regspraktisyns wat gratis regsdiensleer

92. (1) Wanneer in enige regsverrigtinge of enige geskil ten opsigte waarvan regsdiensleer gratis aan 'n gedingvoerder of ander persoon gelewer word deur 'n regspraktisyn of regslyniek, en kostes betaalbaar word aan daardie gedingvoerder of ander persoon ingevolge 'n bevinding van die hof of 'n skikking, of andersins, moet daardie gedingvoerder of ander persoon geag word sy of haar regte tot die kostes aan daardie regspraktisyn, regslyniek of praktyk af te gestaan het.

(2) (a) 'n Litigant of persoon in subartikel (1) bedoel of die betrokke regspraktisyn of regslyniek kan, te eniger tyd voor betaling van die kostes in subartikel (1) bedoel, skriftelik kennis gee aan—

(i) die persoon aanspreeklik vir daardie kostes; en

(ii) die griffier of klerk van die betrokke hof,

dat die regsdienste gratis deur daardie regspraktisyn, regslyniek of praktyk gelewer word of is.

(b) Waar kennis gegee is soos in paragraaf (a) voor voorsiening gemaak, kan die betrokke regspraktisyn, regslyniek of praktyk op eie naam, of die naam van sy of haar praktyk, voortgaan om daardie kostes te laat belas, waar gepas, en om die kostes te verhaal, sonder om formeel in plek van die gedingvoerder of persoon in subartikel (1) bedoel, geplaas te wees.

(3) Die kostes in subartikel (1) bedoel, moet bereken word en die rekening, indien enige, moet belas word asof die litigant of persoon aan wie die regsdienste deur die regspraktisyn, regslyniek of praktyk gelewer is, in werklikheid die kostes aangegaan het om die dienste van die regspraktisyn, regslyniek of praktyk wat namens hom of haar in die betrokke verrigtinge of geskil opgetree het, te verseker.

Misdrywe en strawwe

93. (1) Enigiemand wat, in 'n praktyk, sonder die skriftelike goedkeuring van die Raad, enigiemand in enige hoedanigheid aanstel wat van die Rol geskrap is of uit die praktyk geskors is, terwyl daardie persoon steeds geskrap of geskors is, pleeg 'n

misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 'n jaar.

(2) Enigiemand wat die bepalings van artikel 33 oortree, pleeg 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of tot beide die boete en gevangenisstraf.

(3) Enige regspraktisyn wat enige van die bepalings van artikel 34 oortree, pleeg 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met beide die boete en gevangenisstraf.

(4) Enigiemand wat—

(a) versuim om aan die bepalings van artikel 39(7)(a)(i), (ii), (iii) of (iv) te voldoen;

(b) artikel 39(7)(b), (e) of (f) oortree; of

(c) enigiemand dwarsboom of hinder in die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens artikel 39,

pleeg 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 'n jaar.

(5) Enigiemand wat ingevolge artikel 48 gedagvaar is om voor die Ombud te verskyn en wat—

(a) sonder goeie rede versuim om op die tyd en by die plek te verskyn soos in die dagvaarding vermeld of om teenwoordig te bly totdat hy of sy deur die Ombud van verdere bywoning verskoon word;

(b) by sy of haar verskyning voor die Ombud—

- (i) versuim om 'n boek, dokument of ander voorwerp in sy of haar besit of onder sy of haar beheer te vertrek wat hy of sy gedagvaar is om te verstrek; of
 - (ii) weier om 'n eed af te lê of 'n bevestiging te doen nadat hy of sy deur die Ombud gevra is om dit te doen; en
- (c) na die aflê van 'n eed of doen van 'n bevestiging—
- (i) versuim om 'n vraag aan hom of haar gestel ten volle en tot die beste van sy of haar vermoë, te beantwoord; of
 - (ii) valse getuienis gee, wetende dat daardie getuienis vals is of sonder om te weet of oortuig te wees dat dit waar is,

pleeg 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 'n jaar.

(6) Enige prokureur of advokaat wat artikel 56(7) oortree, pleeg 'n misdryf en is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

(7) 'n Eiser wat versuim om met die Fonds saam te werk in die uitoefening van sy of haar gesubrogeerde regte soos in artikel 80 beoog, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

(8) Enigiemand wat artikels 84(1) of (2) of artikel 34 oortree, by die lewer van regsdiens—

- (a) is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of tot beide die boete en gevangenisstraf;
- (b) kan by skuldigbevinding van die Rol geskrap word; en
- (c) is nie geregtig op enige gelde, beloning of terugbetaling ten opsigte van die gelewerde regsdiens nie.

(9) Enigiemand wat—

- (a) weier of versuim om 'n boek, dokument of enige item ingevolge artikel 37(2)(a) of (b) of 87(5) te verstrek;
- (b) artikel 37(2)(c) 87(6) oortree; of
- (c) enigiemand dwarsboom of hinder in die verrigting van sy of werksaamhede kragtens daardie bepalings,

is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 'n jaar.

HOOFSTUK 9

REGULASIES EN REËLS

Regulasies

94. (1) Die Minister kan, en waar onder die omstandighede nodig, moet, behoudens subartikel (2), regulasies uitvaardig in verband met—

- (a) die instelling van 'n meganisme vir die voorsiening van gepaste regsonderwys en -opleiding soos in artikel 6(5)(f) beoog;

- (b) die instelling van 'n meganisme om vordering te monitor in die implementering van die programme in verband met die bemagtiging van histories benadeelde regspraktisyns asook histories benadeelde kandidaatregspraktisyns in artikel 6(5)(h)(iv) bedoel;
- (c) 'n prosedure vir die verkiesing van regspraktisyns tot die Raad soos in artikel 7(1)(a) beoog;
- (d) die wyse waarop regsdosente vir die doeleindes van die Raad in artikel 7(1)(b) beoog, aangewys word;
- (e) die regsgebiede van provinsiale rade soos in artikel 23(2)(b) beoog;
- (f) die toelating en inskrywing van buitelandse regspraktisyns soos in artikel 24(3) beoog;
- (g) die sertifikaat wat deur die griffier van 'n afdeling van die Hooggeregshof uitgereik moet word te dien effekte dat 'n prokureur die reg het om voor die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof te verskyn, soos in artikel 25(3) beoog;
- (h) gepaste tersaaklike ervaring soos in artikel 25(3)(b) beoog;
- (i) die praktiese beroepsopleidingsvereistes vir kandidaatregspraktisyns soos in artikel 26(1)(c) beoog;
- (j) die lewer van gemeenskapsdiens soos in artikel 29(1) beoog;
- (k) die inwerkingstelling van aanbevelings wat voortspruit uit ondersoeke deur die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie ten opsigte van gelde soos in artikel 35 beoog;

- (m) staats- en ander effekte waarin die Beheerraad surplus fondse soos beoog in artikels 63(1)(a) en 73(3), kan belê;
- (n) die aangeleenthede wat in die jaarverslag aan die Raad en aan die Minister voorgelê, soos in artikel 75(3)(d) beoog, ingesluit moet word;
- (o) enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan regulasies ingevolge hierdie Wet gemaak kan of moet word;
- (p) enige ander bykomende of administratiewe aangeleentheid wat voorgeskryf moet word vir die behoorlike inwerkingstelling of administrasie van hierdie Wet.

(2) Die regulasies in subartikel (1) beoog, moet—

- (a) in die geval van subartikel (1)(a) tot (l) en (o) en (p), uitgevaardig word na oorleg met die Raad, tensy anders aangedui; en
- (b) in die geval van subartikel (1)(m) en (n), na oorleg met die Raad en die Beheerraad uitgevaardig word.

(3) Enige regulasie kragtens subartikel (1) gemaak moet, voor publikasie daarvan in die *Staatskoerant*, deur die Parlement goedgekeur word.

Reëls

95. (1) Die Raad kan, en waar onder die omstandighede nodig, moet, by publikasie in die *Staatskoerant*, reëls maak aangaande—

- (a) die gelde en heffings betaalbaar aan die Raad soos in artikel 6(4) beoog;
- (b) die prosedures wat gevolg moet word voordat 'n lid van die Raad uit die amp verwyder of geskors word soos in artikel 12(4) beoog;

- (c) die prosedure vir die saamroep van vergaderings van die Raad en die prosedure vir die hou van vergaderings soos in artikel 12(4) beoog;
- (d) die prosedure vir die hou van vergaderings van komitees van die Raad soos in artikel 18(3) beoog;
- (e) die prosedure vir die aanstelling van die uitvoerende beampte en ander werknemers van die Raad soos in artikel 19(4) beoog;
- (f) die diensvoorwaardes van die uitvoerende beampte en ander werknemers van die Raad soos in artikel 19(6) beoog;
- (g) die instelling van 'n uitvoerende komitee en die bepaling van die bevoegdhede en werksaamhede daarvan soos in artikel 20(1) beoog;
- (h) die prosedure vir die saamroep van vergaderings van die uitvoerende komitee en die prosedure vir die hou van vergaderings soos in artikel 20(9)(b) beoog;
- (i) die belegging van geld van die Raad wat nie vir onmiddellike gebruik nodig word nie soos in artikel 22(3)(b) beoog;
- (j) 'n prosedure vir die verkiesing van provinsiale rade soos in artikel 23(4) beoog;
- (k) die inligting wat aan die Raad voorgelê moet word wanneer 'n persoon by die hof aansoek doen om toelating as 'n regspraktisyn en die tydperk waarbinne daardie inligting voorgelê moet word soos in artikel 24(2)(d) beoog;
- (l) die tydperk in die praktyk as 'n prokureur en die advokaatskapopleidingsprogram in die voorbehoudsbepaling tot artikel 25(3)(a) beoog;
- (m) die inligting wat aan die Raad voorgelê moet word wanneer 'n prokureur by die griffier van 'n afdeling van die Hooggeregshof aansoek doen om 'n sertifikaat vir die reg om voor die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl of die

Konstitusionele Hof te verskyn en die tydperk waarin daardie inligting voorgelê moet word soos in artikel 25(4)(a) beoog;

- (n) eksamens of assesserings op grond van bevoegdheid vir kandidaatregspraktisyns, aktebesorgers of notaris se soos in artikel 26(1)(d), (2) en (3) beoog;
- (o) die minimum voorwaardes en prosedures vir die registrasie en administrasie van praktiese beroepsopleiding, enige betaling van vergoeding, toelaes of stipendia aan alle kandidaatregspraktisyns soos in artikel 27 beoog;
- (p) prosedures en opdragte aangaande die assessering van persone wat praktiese beroepsopleiding ondergaan soos in artikel 28(1) beoog;
- (q) die vlak van bevoegdheid wat bereik moet word vir die toelating en inskrywing van 'n persoon as 'n regspraktisyn soos in artikel 28(2) beoog;
- (r) die maatstawwe vir 'n persoon, instelling, organisasie of vereniging om te kwalifiseer om die assessering van praktiese beroepsopleiding soos in artikel 28(4) beoog, te doen;
- (s) die vrystelling van enige kandidaatregspraktisyn of regspraktisyn van die doen van gemeenskapsdiens soos in artikel 29(3) beoog;
- (t) die wyse waarop 'n aansoek deur 'n persoon deur die hof as 'n regspraktisyn toegelaat aan die Raad voorgelê moet word deur die Provinsiale Raad vir die inskrywing van sy of haar naam op die Rol soos in artikel 30(1)(a) en (b)(iii) beoog;
- (u) die gelde wat deur iemand wat by die Raad aansoek doen om inskrywing soos beoog in artikel 30(3), betaal moet word;

- (v) die wyse waarop die Raad die Rol van regspraktisyns soos in artikel 30(3) beoog, moet hou;
- (w) die kennisgewing deur die Raad aan 'n persoon van die intrekking of opskorting van sy of haar inskrywing soos in artikel 31(3) beoog;
- (x) die wyse waarop 'n aansoek deur 'n regspraktisyn aan die Raad gedoen moet word vir die omskakeling van sy of haar inskrywing as prokureur na dié van 'n advokaat en *vice versa* en die gelde betaalbaar soos in artikel 32(1)(a) beoog;
- (y) die wyse waarop 'n aansoek gedoen moet word deur 'n advokaat wat as sodanig praktiseer soos in artikel 34(2)(a)(i) beoog, by die Raad, vir die omskakeling van sy of haar inskrywing na dié van 'n advokaat wat as sodanig praktiseer in artikel 34(2)(a)(ii) bedoel en *vice versa* soos in artikel 32(1)(b) beoog;
- (z) die omstandighede waaronder 'n regspraktisyn om die omskakeling van sy of haar inskrywing kan aansoek doen en die vereistes waaraan voldoen moet word soos in artikel 32(3) beoog;
- (zA) daardie regsdienste wat deur 'n advokaat gelewer kan word soos in artikel 34(2)(b) beoog;
- (zB) opdraggewing aan advokate deur prokureurs en opdraggewing aan advokate direk deur lede van die publiek soos in artikel 34(3) beoog;
- (zC) instruksies aan prokureurs soos in artikel 34(4) beoog;
- (zD) goedkeuring vir die instelling van regsklinieke soos in artikel 34(8)(a) beoog;
- (zE) die vereistes vir die aanstelling van kandidaatregspraktisyns deur regsklinieke soos in artikel 34(8)(b)(iv) beoog;

- (zF) daardie regsdiensle wat nie deur regslynieke gelewer mag word nie soos in artikel 34(8)(b)(v) beoog;
- (zG) die prosedure wat deur dissiplinêre liggame gevolg moet word vir die hantering van klagtes van wangedrag soos in artikels 38(1) en 39(1) beoog;
- (zH) die vorm van 'n dagvaarding en die wyse waarop dit beteken moet word soos in artikel 39(3)(b)(i) en (iii) beoog;
- (zI) die wyse waarop 'n regspraktisyn, kandidaatregspraktisyn, regsentiteit, of klaer 'n appèl by 'n appèltribunaal kan indien soos in artikel 41(10)(a) en (b) beoog;
- (zJ) 'n prosedure vir die verkiesing van regspraktisyns tot die Beheerraad, in oorleg met die Beheerraad, soos in artikel 62(1)(a) beoog;
- (zK) aansoeke by die Raad deur regspraktisyns om Getrouheidsfondssertifikate soos in artikel 85(1)(a) beoog;
- (zL) die regspraktykbestuurskursus wat nuwe prokureurs en advokate in artikel 34(2)(b) bedoel, moet voltooi en die gelde betaalbaar ten opsigte daarvan soos in artikel 85(1)(a) beoog;
- (zM) die bydrae betaalbaar deur persone wat om Getrouheidsfondssertifikate aansoek doen soos in artikel 85(2), beoog;
- (zN) die vorm van die aansoek om Getrouheidsfondssertifikate soos in artikel 85(6)(d) beoog; of
- (zO) enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan reëls ingevolge hierdie Wet gemaak kan of moet word.

(2) Die Regsdiensteombud moet, by publikasie in die *Staatskoerant*, reëls maak oor—

- (a) die vorm van 'n dagvaarding en die wyse van betekening daarvan soos in artikel 48(3)(a) en (d) beoog;
- (b) die voorbereiding en indiening van die jaarverslag van die Kantoor van die Ombud aan die Minister soos beoog in artikel 52(1); en
- (c) enige ander aangeleentheid aangaande die Kantoor van die Regsdiensteombud.

(3) Die Beheerraad moet, by publikasie in die *Staatskoerant*, reëls maak oor—

- (a) die inspeksie van trustrekeninge van prokureurs en advokate in artikel 34(2)(b) beoog soos in artikel 63(1)(e) beoog; en
- (b) bydraes tot die Fonds en die uitreiking en kostes van Getrouheidsfondssertifikate, die prosedure vir die aanstelling van die uitvoerende beampte en ander werknemers van die Fonds of enige ander aangeleentheid aangaande die Fonds soos in artikel 63(1)(f) beoog.

(4) (a) Voordat die Raad, die Ombud of die Beheerraad enige reël kragtens hierdie artikel maak, moet die Raad, die Ombud of die Beheerraad, na gelang van die geval, 'n konsep van die voorgestelde reël in die *Staatskoerant* publiseer, tesame met 'n kennisgewing, waarin 'n beroep op belangstellende persone gedoen word om skriftelik kommentaar te lewer binne 'n tydperk in die kennisgewing gestel, wat nie minder as 30 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing mag wees nie.

(b) Indien die Raad, die Ombud of die Beheerraad die konsepreëls as gevolg van enige opmerkings wysig, hoef daardie veranderinge nie gepubliseer te word voordat dit gewysig word nie.

(5) Die Raad, die Ombud of die Beheerraad kan, indien die omstandighede die publikasie van 'n reël noodsaak sonder die gee van kennis waarvoor subartikel (4)(a) voorsiening maak, daardie reël publiseer sonder vooraf publikasie van 'n konsep soos in subartikel (4) voor voorsiening gemaak, met dien verstande dat die kennisgewing van publikasie stel—

- (a) die rede waarom omstandighede daardie publikasie sonder die vooraf publikasie van 'n konsep soos in subartikel (4) voor voorsiening gemaak, genoodsaak het; en
- (b) dat enigiemand wat deur die reël te na gekom voel, verhoë aan die Raad, die Ombud of die Beheerraad, na gelang van die geval, kan rig, binne 'n tydperk in die kennisgewing gestel, wat nie minder as 30 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing kan wees nie.

HOOFSTUK 10

NASIONALE FORUM EN OORGANGSMAATREËLS

Deel 1

Nasionale Regsberoepforum

96. (1) 'n Nasionale Regsberoepforum (hierna die "Nasionale Forum" genoem) word hierby ingestel as 'n regspersoon met volle regshoedanigheid, bestaande uit die volgende lede:

- (a) 16 regspraktisyns, naamlik—

- (i) agt prokureurs deur die Prokureursorde van Suid-Afrika aangewys, waarvan twee die Vereniging van Swart Prokureurs verteenwoordig, twee die Nasionale Vereniging van Demokratiese Prokureurs verteenwoordig, een die Prokureursorde van die Kaap van Goeie Hoop verteenwoordig, een die Prokureursorde van die Oranje Vrystaat verteenwoordig, een die Prokureursorde van die Transvaal verteenwoordig en waarvan een die Natal Prokureursorde verteenwoordig;
- (ii) vyf advokate deur die Algemene Raad van die Balie van Suid-Afrika aangewys;
- (iii) een advokaat deur die Nasionale Balieraad van Suid-Afrika aangewys;
- (iv) een advokaat deur die Nasionale Forum vir Advokate aangewys;
- (v) een advokaat deur die Advokate vir Transformasie aangewys;
- (b) een dosent in die regte deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Regsdekane aangewys;
- (c) behoudens subartikel (3), twee persone wat, na mening van die Minister, geskikte en gepaste persone is met kennis van die regsberoep, deur die Minister aangewys;
- (d) een persoon deur Regshulp Suid-Afrika aangewys; en
- (e) een persoon deur die Beheerraad aangestel.

(2) Die nodigheid vir die Nasionale Forum om—

- (a) die ras- en geslagsamestelling van Suid-Afrika;
- (b) die verteenwoordiging van persone met gestremdhede; en
- (c) provinsiale verteenwoordiging,

te weerspieël, moet, so ver prakties moontlik, in ag geneem word wanneer die Nasionale Forum ingevolge hierdie artikel gestig word, benewens die opdrag van die Nasionale Forum.

(3) 'n Persoon in subartikel (1)(c) bedoel kan nie as 'n lid van die Nasionale Forum aangewys word nie indien hy of sy—

- (a) 'n staatsamptenaar is;
- (b) 'n lid van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer of munisipale raad is; of
- (c) 'n ampsdraer of werknemer van enige party, beweging of organisasie van 'n partypolitieke aard is.

(4) Die Nasionale Forum duur vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar en hou op bestaan op die datum van inwerkingtreding van Hoofstuk 2.

(5) Behoudens artikels 99, 102 en 103, beklee lede van die Nasionale Forum die amp vir die drie jaar wat die Nasionale Forum bestaan.

Opdrag van Nasionale Forum

97. (1) Die Nasionale Forum moet, binne 24 maande na die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk—

- (a) aanbevelings aan die Minister doen oor die volgende:
 - (i) 'n Verkiesingsprosedure vir die samestelling van die Raad;
 - (ii) die stigting van die provinsiale rade en hul regsgebiede, met inagneming van die faktore in artikel 23(2)(a) bedoel;

- (iii) die samestelling, bevoegdheids en werksaamhede van die provinsiale rade;
 - (iv) die wyse waarop die provinsiale rade verkies moet word;
 - (v) al die vereistes vir praktiese beroepsopleiding waaraan kandidaatprokureurs of leerlinge moet voldoen voordat hulle deur die hof as regspraktisyns toegelaat kan word;
 - (vi) die reg van verskyning van 'n kandidaatregspraktisyn voor die hof of enige ander instelling; en
 - (vii) 'n meganisme om die sake van die Nasionale Forum af te sluit;
- (b) 'n gedragskode vir regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns en regsentiteite voorberei en publiseer; en
- (c) reëls maak, soos in artikel 109(2) voor voorsiening gemaak.

(2) (a) Die Nasionale Forum moet, binne 24 maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk, 'n ooreenkoms beding en bereik met die prokureursordes bedoel in artikel 56 van die Wet op Prokureurs en enige ander soortgelyke statutêre liggame wat in die voormalige tuislande gestig is wat steeds die regspraktyk reël, ten opsigte van die oordrag van hul bates, regte, laste, verpligtinge en personeel na die Raad of provinsiale rade.

(b) Die bepalinge van paragraaf (a) belet geen niestatutêre liggame of vrywillige verenigings wat in die reëling van regspraktisyns of aangeleenthede wat in hierdie Wet hanteer word, betrokke is, daarvan om 'n ooreenkoms met die Nasionale Forum te beding en te bereik nie ten opsigte van die

oordrag van hulle bates, regte, laste, verpligtinge en personeel, aan die Raad of provinsiale rade.

(3) Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet no. 66 van 1995), is van toepassing ten opsigte van die oorplasing van die personeel in subartikel (2) beoog.

(4) Indien 'n ooreenkoms in subartikel (2) beoog nie deur die betrokke partye bereik kan word nie, kan enige van die partye ooreenkom om die aangeleentheid vir arbitrasie ingevolge die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet No. 42 van 1965), te verwys.

(5) Die Minister kan die tydperk van 24 maande in subartikels (1) en (2) beoog, verleng indien hy of sy dit nodig ag.

Bevoegdhede en werksaamhede van Nasionale Forum

98. (1) Die Nasionale Forum kan alles doen wat nodig en gedienstig is om sy opdrag in artikel 97 bedoel, uit te voer, met inbegrip van die volgende, met behoorlike inagneming van die Grondwet en toepaslike wetgewing waar gepas en tersaaklik:

- (a) Een of meer komitees stig, met inbegrip van 'n uitvoerende komitee, slegs bestaande uit lede van die Nasionale Forum, of lede van die Nasionale Forum en personeellede of ander persone, om die Nasionale Forum by te staan in—
 - (i) die verrigting of uitoefening van die Forum se bevoegdhede en werksaamhede;
 - (ii) die bepaling van die bevoegdhede en werksaamhede van 'n komitee;

- (iii) die aanstelling van 'n voorsitter en ondervoorsitter van 'n komitee;
 - (iv) die bepaling van prosedures vir die werking van komitees; en
- (b) enige van die Forum se bevoegdhede en werksaamhede skriftelik aan die Forum se komitees delegeer, behoudens enige voorwaardes wat die Forum kan oplê, welke delegering—
- (i) nie die Nasionale Forum ontnem van die aldus gedelegeerde bevoegdheid of werksaamheid nie; en
 - (ii) belet nie die Nasionale Forum daarvan om enige besluit onder 'n delegering gemaak, te verander of tersyde te stel nie.
- (2) Die Nasionale Forum moet, in oorleg met die Direkteur-Generaal—
- (a) 'n uitvoerende beampte aanstel om die bevoegdhede en werksaamhede deur die Nasionale Forum bepaal, te verrig of uit te oefen en om toesig oor die Nasionale Forum se personeel te hou;
 - (b) soveel personeellede wat nodig mag wees in diens neem of sekondeer uit bestaande staatstrukture in die regsberoep, ten einde die Forum in staat te stel om sy werksaamhede te verrig;
 - (c) ooreenkomste met enige persoon of organisasie aangaan vir die verrigting van enige bepaalde handeling of enige bepaalde werk of die lewering van dienste met die doel om die oogmerke van die Nasionale Forum te bevorder;
 - (d) kontrakte aangaan in verband met die verrigting van sy werksaamhede of die uitoefening van sy bevoegdhede;
 - (e) die besoldiging en ander diensvoorwaardes van personeellede bepaal; en

(f) 'n honorarium of 'n toelaag betaal aan enigiemand om uitgawes redelik deur hom of haar aangegaan in verband met enige handeling op versoek van die Nasionale Forum of ingevolge die Nasionale Forum se opdragte namens die Nasionale Forum en die bevordering van die Nasionale Forum se oogmerke, te dek.

(3) Die Nasionale Forum moet, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet, 'n kostebepaling doen van die bedryf van die Raad en provinsiale rade en aanbevelings aan die Minister doen vir oorweging deur die Parlement soos in subartikel (4) beoog, oor die finansiering daarvan, met die oog op die doeltreffende en effektiewe inwerkingstelling van die Wet.

(4) Die Nasionale Forum moet, na die stigting daarvan, elke ses maande aan die Minister verslag doen oor sy aktiwiteite en die Minister moet, onmiddellik by ontvangs daarvan, die verslag aan die Parlement voorlê.

Lidmaatskap van Nasionale Forum

99. (1) 'n Lid van die Nasionale Forum moet—

- (a) 'n Suid-Afrikaanse burger wees; en
- (b) 'n geskikte en gepaste persoon wees.

(2) Die volgende persone is onbevoeg om lede van die Nasionale Forum te word of te bly:

- (a) 'n Ongerehabiliteerde insolvent;
- (b) iemand wat deur 'n hof van die Republiek as ontoerekenbaar verklaar is;

- (c) iemand wat in 'n hof van eerste instansie skuldig bevind is—
- (i) aan 'n misdryf en tot meer as 12 maande gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonniss is; of
 - (ii) aan 'n misdryf wat enige element van oneerlikheid behels,
- hetsy in die Republiek, of buite die Republiek indien die gedrag wat die misdryf uitmaak 'n misdryf in die Republiek sou wees, behalwe 'n skuldigbevinding aan 'n misdryf voor 27 April 1994 wat met politieke oogmerke verband hou: Met dien verstande dat indien die betrokke persoon 'n appèl teen die skuldigbevinding of vonnis aanteken, hy of sy uit die amp geskors kan word deur die Nasionale Forum soos in artikel 103 beoog, totdat die appèl beslis is: Met dien verstande verder dat hy of sy deur die aanwysende liggaam vervang kan word; of
- (d) 'n persoon wat ingevolge artikel 103 van die amp onthef is.

Voorsitter en ondervoorsitter Nasionale Forum

- 100.** (1) Die Minister moet, na oorleg met die lede van die Nasionale Forum, by die eerste vergadering, een van die lede as voorsitter en nog 'n lid as ondervoorsitter aanwys.
- (2) Die voorsitter en die ondervoorsitter, behoudens artikel 99, die amp vir die duur van die Nasionale Forum beklee.
- (3) Die ondervoorsitter moet, as die voorsitter afwesig is of om enige rede nie as voorsitter kan optree nie, al die voorsitter se werksaamhede verrig en al die voorsitter se bevoegdhede uitoefen.

(4) Indien die voorsitter en ondervoorsitter albei van 'n vergadering afwesig is, moet die teenwoordige lede iemand uit eie geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit en die persoon wat aldus voorsit moet, tydens daardie vergadering en totdat die voorsitter en ondervoorsitter weer sy of haar pligte opneem, al die voorsitter se werksaamhede verrig en al die voorsitter se bevoegdhede uitoefen.

(5) Indien die voorsitter en ondervoorsitter albei verlof het, moet die lede van die Nasionale Forum iemand uit eie geledere verkies om as voorsitter op te tree totdat die voorsitter of ondervoorsitter weer sy of haar pligte opneem of ingevolge artikel 103 uit die amp verwyder word.

(6) Indien die amp van die voorsitter of ondervoorsitter vakant word, moet die Minister, na oorleg met die lede van die Nasionale Forum, by die eerste vergadering daarna of so gou as moontlik daarna, een van die lede van die Nasionale Forum as voorsitter of ondervoorsitter, na gelang van die geval, aanwys.

(7) 'n Voorsitter en ondervoorsitter kan die amp as sodanig ontruim, sonder om sy of haar lidmaatskap van die Nasionale Forum op te gee, tensy sy of haar lidmaatskap ingevolge artikel 102 beëindig is.

Ampstermyn

101. 'n Lid van die Nasionale Forum beklee die amp vir die duur van die Nasionale Forum.

Beëindiging van amp

102. (1) Iemand hou op om 'n lid van die Nasionale Forum te wees wanneer daardie person—

- (a) nie meer ingevolge artikel 99 kwalifiseer om 'n lid te wees nie;
- (b) bedank;
- (c) ingevolge artikel 103 uit die amp verwyder word;
- (d) in die geval van 'n regspraktisyn in artikel 96(1)(a) bedoel, ophou om 'n praktiserende regspraktisyn te wees, om watter rede ook al; of
- (e) as 'n regterlike beampte aangestel word.

(2) 'n Lid kan bedank nadat hy of sy ten minste drie maande skriftelik kennis aan die Nasionale Forum gegee het, maar die Nasionale Forum kan, by die aanvoer van goeie gronde, 'n korter tydperk aanvaar.

Ontheffing van amp

103. (1) Die Nasionale Forum kan 'n lid uit die amp onthef omrede—

- (a) 'n bevinding van enige wangedrag kragtens enige Wet of kode wat die gedrag van die betrokke lid reël, wat, na mening van die Nasionale Forum, hom of haar daarvan uitsluit om as 'n lid van die Nasionale Forum te dien;
- (b) ongeskiktheid of onbevoegdheid wat, na mening van die Nasionale Forum, hom of haar daarvan uitsluit om as 'n lid van die Nasionale Forum te dien;

- (c) afwesigheid van drie agtereenvolgende vergaderings van die Nasionale Forum sonder die toestemming van die voorsitter, behalwe by die aanvoer van goeie gronde; of
- (d) 'n versoek deur die liggaam of persoon wat daardie lid ingeolge artikel 96 aangewys of verkies het, by die aanvoer van goeie gronde deur die betrokke liggaam of persoon, by bevestiging van die Hooggeregshof.

(2) Indien die Nasionale Forum verrigtinge vir die ontheffing van 'n lid van 'n amp begin het, kan die Forum daardie lid uit die amp skors.

(3) 'n Lid wat uit die amp geskors is, mag nie enige van die bevoegdhede of werksaamhede van daardie amp verrig of uitoefen of enige toelaes ontvang nie.

(4) Die Nasionale Forum moet behoorlike regsproses volg indien die forum voornemens is om 'n lid van 'n amp te onthef, soos deur die Nasionale Forum bepaal in die reëls in artikel 109 beoog.

Vakatures in Nasionale Forum en vul daarvan

- 104.** (1) 'n Vakature in die Nasionale Forum kom voor wanneer—
- (a) 'n lid sterf;
 - (b) 'n lid sy of haar amp ingeolge artikel 102 beëindig;
 - (c) 'n lid ingeolge artikel 103 van die amp onthef word; of
 - (d) 'n lid se bedanking van krag word.

(2) 'n Vakature moet so gou as prakties moontlik ooreenkomstig die bepalings van artikel 96 gevul word.

(3) Enige lid aangestel om 'n vakature te vul beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die ontruimende lid se termyn.

(4) Geen besluit deur die Nasionale Forum geneem of stappe gedoen kragtens die magtiging van die Nasionale Forum is ongeldig bloot weens 'n vakature op die Nasionale Forum nie, indien die besluit wat geneem is of die handeling magtig is, behoudens artikels 106 en 107.

Vergaderings van Nasionale Forum

105. (1) Die Nasionale Forum moet elke jaar ten minste vier vergaderings hou by plekke deur die Nasionale Forum bepaal en kan, daarbenewens, enige verdere vergaderings hou wat die Nasionale Forum, van tyd tot tyd, kan bepaal.

(2) Die Nasionale Forum moet, so gou as prakties moontlik na die aanstelling van sy lede, vir die eerste keer vergader op die tyd en plek deur die Minister bepaal.

(3) Die Nasionale Forum moet, voor ontbinding, met die Raad in artikel 4 beoog, vergader vir die doeleindes van oorhandiging.

Kworum en prosedure by vergaderings van Nasionale Forum

106. (1) Die meerderheid van die lede van die Nasionale Forum stel 'n kworum by enige vergadering van die Nasionale Forum daar.

(2) Die Nasionale Forum moet 'n prosedure beoog in die reëls in artikel 108, bepaal vir die saamroep van vergaderings en die prosedure vir die voer van vergaderings.

(3) Die Nasionale Forum moet 'n rekord van sy verrigtinge hou.

Besluite van Nasionale Forum

107. (1) Die besluit van die meerderheid lede stel 'n besluit van die Nasionale Forum daar.

(2) In die geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter 'n beslissende stem benewens 'n beraadslagende stem.

Finansies, uitgawes en aanspreeklikheid van Nasionale Forum

108. (1) Uitgawes insidenteel tot die uitoefening van die magte of die verrigting van die bevoegdhede en werksaamhede van die Nasionale Forum, moet uit die fondse van die Nasionale Forum gedek word.

(2) Die fondse van die Nasionale Forum bestaan uit—

(a) gelde uit die begrotingstem van die Departement gedek vir die doel in subartikel (1) beoog; en

(b) enige ander gelde deur die Nasionale Forum ontvang van enige ander bron of wat aan die Nasionale Forum toeval, met inbegrip van uitbetalings deur bestaande prokureursordes gemaak soos op ooreengekom.

(3) Klein uitgawes deur lede van die Nasionale Forum aangegaan in die uitoefening van hul bevoegdhe of verrigting van hulle werksaamhede kragtens hierdie Hoofstuk, word gedra deur die liggaam of persoon wat daardie lid aangewys of verkies het.

(4) Die Direkteur-generaal, as die rekenpligtige beampte van die Departement, is verantwoordelik vir die fondse in subartikel (2)(a) bedoel.

Deel 2

Reëls en regulasies

109. (1) (a) Die Minister moet, binne ses maande na ontvangs van aanbevelings van die Nasionale Forum soos in artikel 97(1)(a) voor voorsiening gemaak, regulasies by publikasie in die *Staatskoerant* uitvaardig, in oorleg met die Nasionale Forum, ten einde gevolg te gee aan die aanbevelings van die Nasionale Forum soos in artikel 97(1)(a) beoog.

(b) Indien die Nasionale Forum versuim om aanbevelings te maak soos in paragraaf (a) voor voorsiening gemaak, moet die Minister, binne ses maande, die betrokke regulasies uitvaardig na oorleg met die Nasionale Forum.

(c) Enige regulasie kragtens hierdie subartikel uitgevaardig moet, voor publikasie daarvan in die *Staatskoerant*, deur die Parlement goedgekeur word.

(2) (a) Die Nasionale Forum moet, binne 24 uur na die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk, reëls by publikasie in die *Staatskoerant* maak oor die volgende:

- (i) 'n Bevoegdheidsgebaseerde eksamen of assessering vir kandidaatregspraktisyns, aktebesorgers en notaris;e;
- (ii) die minimum voorwaardes en prosedures vir die registrasie en administrasie van praktiese beroepsopleiding;
- (iii) die prosedure en opdragte aangaande die assessering van persone wat praktiese beroepsopleiding deurloop;
- (iv) die maatstawwe vir 'n persoon, instelling, organisasie of vereniging om te kwalifiseer om 'n assessering te doen;
- (v) die prosedures wat dissiplinêre liggame moet volg;
- (vi) die wyse waarop en vorm waarin klagtes van wangedrag aangaande regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns of regsentiteite by die Raad ingedien moet word; en
- (vii) enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan reëls ingevolge hierdie Hoofstuk gemaak moet word.

(b) Voordat die Nasionale Forum enige reël kragtens hierdie subartikel maak, moet hy 'n konsep van die voorgestelde reël in die *Staatskoerant* publiseer saam met 'n kennisgewing, waarin 'n beroep op belangstellende persone

gedoen word om skriftelik kommentaar te lewer binne 'n tydperk in die kennisgewing gestel, wat nie minder as 30 dae vanaf die publikasie van die kennisgewing mag wees nie.

(c) Indien die Nasionale Forum die konsepreëls na aanleiding van enige kommentaar verander, hoef hy nie daardie veranderinge te publiseer voor die reël gemaak word nie.

(d) Die Nasionale Forum kan, indien omstandighede die publikasie van 'n reël sonder kennisgewing noodsaak, soos in paragraaf (b) voor voorsiening gemaak, daardie reël sonder vooraf publikasie van 'n konsep publiseer, met dien verstande dat die kennisgewing van publikasie stel—

- (i) hoekom omstandighede daardie publikasie sonder vooraf publikasie van 'n konsep soos in paragraaf (b) voor voorsiening gemaak, genoodsaak het; en
- (ii) dat enigiemand wat deur die reël te na gekom voel, verdoë aan die Nasionale Forum kan maak binne 'n tydperk in die kennisgewing gestel, wat nie minder as 30 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing mag wees nie.

Deel 3

Afskaffing van Getrouheidsfondse van voormalige TBVC-state en oordrag van bates, regte, laste en verpligtinge van Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns

110. (1) By die toepassing van hierdie Deel, beteken "**prokureursorde**" 'n prokureursorde in artikel 56 van die Wet op Prokureurs bedoel.

(2) Die—

- (a) "Attorneys Fidelity Fund" bedoel in artikel 26(1) van die "Attorneys, Notaries and Conveyancers Act", 1984 (Wet No. 29 van 1984), van die Voormalige Republiek van Bophuthatswana; en
- (b) "Attorney, Notaries and Conveyancers Fidelity Guarantee Fund" bedoel in artikel 25 van die "Attorneys Act", 1987 (Wet No. 42 van 1987), van die voormalige Republiek van Venda,

hou met ingang van die datum in artikel 120(4) bedoel op om te bestaan en alle bates, regte, laste en verpligtinge wat, op daardie datum, in die genoemde Fondse gevestig het, vestig van daardie datum af in die Fonds in artikel 53(1) bedoel.

Oorgangsbepalings in verband met bestaande Rade van Getrouheidsfondse vir Prokureurs

111. Die—

- (a) Raad van Beheer oor die Getrouheidsfonds vir Prokureurs bedoel in artikel 27 van die Wet op Prokureurs;
- (b) "Attorneys Fidelity Fund Board of Control" bedoel in artikel 26(3) van die "Attorneys, Notaries and Conveyancers Act", 1984 (Act No. 29 of 1984), van die voormalige Republiek van Bophuthatswana; en
- (c) "Attorneys, Notaries and Conveyancers Fidelity Guarantee Fund Board of Control" bedoel in artikel 27 van die "Attorneys Act", 1987 (Wet No. 42 van 1987), van die voormalige Republiek van Venda,

en enige komitee van enige sodanige Beheerraad ingevolge enige sodanige wet aangestel en wat bestaan het onmiddellik voor die datum in artikel 120(4) bedoel, hou op daardie datum op om te bestaan en alle bates, regte, laste en verpligtinge wat op daardie datum in enige van die Beheerrade bedoel in paragrawe (a), (b) en (c) gevestig het, vestig in die Beheerraad in artikel 61 bedoel.

Oorgangsmatreëls in verband met kwalifikasies

- 112.** (1) Ondanks enigiets tot die teendeel in hierdie Wet, moet—
- (a) (i) die opleidingskursus aangebied by 'n Praktiese Regsopleidingskool van die Prokureursorde van Suid-Afrika, by die toepassing van die Wet op Prokureurs; of
- (ii) enige ander opleidingskursus deur enige bestaande orde of die Algemene Raad van die Balie goedgekeur,
- voor die datum in artikel 120(4) vir die opleiding van persone om as regspraktisyns te kwalifiseer, geag word in navolging van die regulasies aangaande praktiese beroepsopleiding ingevolge hierdie Wet aangebied of goedgekeur te gewees het; en
- (b) enige tydperk van praktiese beroepsopleiding wat by 'n prokureur of advokaat deurloop is voor die datum in artikel 120(4) beoog, geag word 'n tydperk van praktiese beroepsopleiding onder toesig van 'n regspraktisyn te gewees het.
- (2) Enigiemand aan wie die graad *baccalaureus procurationis* deur 'n universiteit van die Republiek toegestaan is, word geag gekwalifiseer te wees om deur

die hof toegelaat te word en deur die Raad as 'n prokureur ingeskryf te word asof hy of sy die graad *baccalaureus legum* het, indien al die ander vereistes in die Wet op Prokureurs nagekom is: Met dien verstande dat sodanige persoon nie later nie as 1 Januarie 1999 vir eersgenoemde graad geregistreer het.

Oorgangsbepalings in verband met Getrouheidsfondssertifikate

113. Enige prokureur wat ingevolge artikel 84(1) in besit van 'n Getrouheidsfondssertifikaat moet wees en wat, teen die datum in artikel 120(4) bedoel, nie in besit is van so 'n sertifikaat uitgereik ingevolge 'n wetsbepaling deur hierdie Wet herroep nie, moet, binne 60 dae vanaf die genoemde datum, om so 'n sertifikaat aansoek doen.

Bestaande advokate, prokureurs, aktebesorgers en notaris

114. (1) Enigiemand wat deur die Hooggeregshof toegelaat is en gemagtig is om as 'n advokaat, prokureur, aktebesorger of notaris ingeskryf te word ingevolge enige wet in die voormalige Republiek van Suid-Afrika en voormalige tuislande wat steeds geld voor die datum in artikel 120(4) beoog, moet geag word toegelaat te wees om te praktiseer en, waar van toepassing, behoudens enige voorwaarde deur die Hooggeregshof opgelê, moet as 'n regspraktisyn, aktebesorger of notaris ingevolge hierdie Wet ingeskryf word, behoudens die voorwaardes van enige hofbevel waardeur

enige sodanige persoon uit die praktyk as 'n advokaat, prokureur, aktebesorger of notaris geskors is.

(2) Elke persoon wat, ingevolge subartikel (1), geag word toegelaat en gemagtig te wees om te praktiseer en om ingeskryf te word as 'n regspraktisyn, aktebesorger of notaris, moet as 'n regspraktisyn, aktebesorger of notaris op die Rol ingeskryf word, en vir daardie doel—

- (a) moet die griffier van elke afdeling van die Hooggeregshof so gou moontlik na die aanstelling van die Raad se uitvoerende beampte, hom of haar voorsien van die naam van elke persoon wie se naam op die rol van prokureurs, rol van aktebesorgers of rol van notaris van daardie afdeling verskyn en met besonderhede van die hofbevel ingevolge waarvan elke sodanige persoon toegelaat is om as 'n prokureur, aktebesorger of notaris te praktiseer en van enige ander hof, indien enige, ingevolge waarvan enige sodanige persoon uit die praktyk geskors is as 'n prokureur, aktebesorger of notaris;
- (b) die Direkteur-generaal moet so gou as moontlik na die aanstelling van die Raad se uitvoerende beampte, hom of haar voorsien van die naam van elke persoon wie se naam op die rol van advokate verskyn en met besonderhede van die hofbevel ingevolge waarvan elke sodanige persoon toegelaat is om as 'n advokaat te praktiseer en enige hofbevel, indien enige, ingevolge waarvan enige sodanige persoon uit die praktyk as 'n advokaat geskors is; en
- (c) die prokureursordes wat onmiddellik voor die datum bedoel in artikel 120(4), ingevolge die Wet op Prokureurs of enige ander wetsbepaling bestaan, moet so gou as moontlik na die aanstelling van die Raad se uitvoerende beampte, hom of

haar voorsien van die naam van elke persoon wie se naam op die rol van prokureurs, rol van aktebesorgers of rol van notaris van daardie orde verskyn en van besonderhede van die hofbevel ingevolge waarvan elke sodanige persoon toegelaat is om as 'n prokureur, aktebesorger of notaris te praktiseer en van enige ander hofbevel, indien enige, ingevolge waarvan enige sodanige persoon uit die praktyk as 'n prokureur, aktebesorger of notaris geskors is.

(3) Die Raad moet die rolle van die bestaande praktiserende en niepraktiserende advokate, prokureurs, aktebesorgers en notaris in subartikel (2)(a), (b) of (c) bedoel saamstel en konsolideer in die Rol in artikel 30(3) bedoel.

(4) Elke persoon wat, op die datum in artikel 120(4) bedoel, die status van senior advokaat het, behou daardie status na die inwerkingtreding van hierdie Wet.

Persone geregtig om as advokate, prokureurs, aktebesorgers of notaris toegelaat en ingeskryf te word

115. Enigiemand wat, onmiddellik voor die datum in artikel 120(4) bedoel, geregtig was om as 'n advokaat, prokureur, aktebesorger of notaris toegelaat en ingeskryf te word, is, na daardie datum, geregtig om ingevolge hierdie Wet as sodanig toegelaat en ingeskryf te word.

Hangende verrigtinge

116. (1) Enige ondersoek ingevolge enige deur hierdie Wet herroepte wetsbepaling na die beweerde onprofessionele of oneervolle of ongepaste gedrag van 'n regspraktisyn, wat nie afgehandel is teen die datum in artikel 120(4) bedoel nie, moet na die Raad verwys word wat die aangeleentheid na goeddunke moet hanteer.

(2) Enige verrigtinge ten opsigte van die skorsing van enigiemand uit die praktyk as 'n advokaat, prokureur, aktebesorger of notaris of ten opsigte van die verwydering van die naam van enigiemand van die rol van advokate, prokureurs, aktebesorgers of notaris wat ingevolge enige wetsbepaling deur hierdie Wet herroep, ingestel is en wat nog nie afgehandel is nie teen die datum in artikel 120(4) bedoel, moet voortgesit word en afgehandel word asof daardie wetsbepaling nie herroep is nie, en vir daardie doel moet 'n verwysing in die bepalings in verband met so 'n skorsing of verwydering, na die Algemene Raad van die Suid-Afrikaanse Balie, enige Balieraad, enige orde van advokate, enige orde of die Staatsprokureur, moet geag word 'n verwysing na die Raad te wees.

Oorgangsmatreëls aangaande bestaande prokureursordes

117. Die bestaande prokureursordes moet voortgaan om hulle bevoegdhede en werksaamhede te verrig totdat Hoofstuk 2 in werking tree.

Vertolking van sekere verwysings in wetsbepalings

118. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, moet 'n verwysing in enige ander wetsbepaling na—

- (a) 'n advokaat, 'n regsadviseur of 'n prokureur, uitgelê word 'n verwysing na 'n regspraktisyn in hierdie Wet te wees;
- (b) 'n aktebesorger ingevolge enige wetsbepaling deur hierdie Wet herroep, moet uitgelê word 'n verwysing na 'n aktebesorger ingevolge artikel 30 ingeskryf te wees;
- (c) 'n notaris ingevolge enige wetsbepaling deur hierdie Wet herroep, moet uitgelê word 'n verwysing na 'n notaris ingevolge artikel 30 ingeskryf, te wees;
- (d) 'n advokaat, moet uitgelê word 'n verwysing te wees na die status van advokaat soos dit voor die inwerkingtreding van hierdie Wet was;
- (e) die Algemene Raad van die Balie van Suid-Afrika, die Vereniging van Prokureursordes van die Republiek van Suid-Afrika, die Prokureursorde van Suid-Afrika, 'n prokureursorde of soortgelyke verwysing gemaak in enige wetsbepaling deur hierdie Wet herroep, moet uitgelê word 'n verwysing na die Raad te wees.

Deel 4**Herroeping en wysiging van wetsbepalings, en voorbehoude**

119. (1) (a) Behoudens paragraaf (b) en subartikel (2), word die wetsbepalings in die Bylae hierby herroep of gewysig tot die mate in die derde kolom daarvan aangedui.

(b) Paragraaf (a) word van krag op die datum in artikel 120(4) beoog.

(2) Enige—

(a) regulasie gemaak kragtens enige wetsbepaling in subartikel (1) beoog en van krag onmiddellik voor die datum in artikel 120(4) beoog; en

(b) reël, kode, kennisgewing, bevel, instruksie, verbod, magtiging, toestemming, instemming, vrystelling, sertifikaat of dokument gepromulgeer onmiddellik voor die datum in artikel 120(4) bedoel en wat regs krag het,

bly van krag, behalwe vir so ver dit onbestaanbaar is met enige bepaling van hierdie Wet, totdat dit kragtens die bepaling van hierdie Wet deur die bevoegde owerheid gewysig of opgehef word.

(3) Enigiets wat gedoen is ingevolge 'n wetsbepaling deur hierdie Wet herroep of gewysig—

(a) bly geldig indien dit met hierdie Wet bestaanbaar is, totdat dit herroep of omvergewerp word; en

(b) geag word ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet gedoen te wees.

(4) 'n Provinsiale raad beoog in artikel 97(1)(a)(ii) bestaan voort en word geag ingevolge hierdie Wet deur die Raad gestig te wees.

Kort titel en inwerkingtreding

120. (1) Hierdie Wet heet die Wet op Regspraktyk, 2014.

(2) Hoofstuk 10 tree in werking op 'n datum deur die President by kennisgewing in die *Staatskoerant*, vasgestel.

(3) Hoofstuk 2 tree in werking drie jaar na die datum van inwerkingtreding van Hoofstuk 10 of op enige vroeër datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant*, vasgestel.

(4) Die oorblywende bepalings van hierdie Wet tree in werking op 'n datum, na die inwerkingtreding van Hoofstuk 2, deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.

BYLAE**(Wette deur artikel 119 herroep of gewysig)**

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet No. 24 van 1926	Natalse Transportbesorgers Wet, 1926	Die geheel
Wet No. 23 van 1934 (Transkei)	Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers Wet	Die geheel
Wet No. 19 van 1941	Toelating van Prokureurs Wysigings- en Regspraktisyns- getrouheidsfondswet	Die geheel
Wet No. 93 van 1962	Verdere Algemene Regwysigingswet, 1962	Artikels 35, 36, 37 and 38
Wet No. 74 van 1964	Wet op die Toelating van Advokate, 1964	Die geheel
Wet No. 74 van 1964 (Transkei)	"Admission of Advocates Act", 1964	Die geheel
Wet No. 74 van 1964 (Bophuthatswana)	"Admission of Advocates Act", 1964	Die geheel
Wet No. 74 van 1964 (Venda)	"Admission of Advocates Act", 1964	Die geheel
Wet No. 74 van 1964 (Ciskei)	"Admission of Advocates Act", 1964	Die geheel
Wet No. 53 van 1979	Wet op Prokureurs, 1979	Die geheel
Wet No. 53 van 1979 (Ciskei)	"Attorneys Act", 1979	Die geheel
Wet No. 29 van 1984 (Bophuthatswana)	"Attorneys, Notaries and Conveyancers Act, 1984	Die geheel
Wet No. 42 van 1987 (Venda)	"Attorneys Act, 1987"	Die geheel
Wet No. 114 van 1993	Wet op Erkenning van Buitelandse Regskwalifikasies en -praktyk, 1993	Die geheel
Wet No. 33 van 1995	Wysigingswet op die Toelating van Regspraktisyns, 1995	Die geheel
Wet No. 62 van 1995	Wet op die Reg op Verskyning in Howe, 1995	Die geheel